

# Trooster

## Ontdek God se plan in verhoudings-intimiteit

Adrian Ebens

*Hierdie boek is opgedra aan die 137 vroue wat vandag en elke dag van die jaar hul lewens verloor aan die hand van hul maat of vorige maat*.

LET WEL: Hierdie boek bevat inligting wat bedoel is vir volwassenes en mag onvanpas wees vir jonger lesers. Die nodige diskressie moet toegepas word.

Hierdie werk is 'n vertaling en verwerking in Afrikaans na die oorspronklike Engelse uitgawe "Comforter" wat in Australië gepubliseer is. Dié uitgawe is saamgestel onder leiding van N. Snyman en F. van Rensburg.

Adrian Ebens, 2020

Kopiereg © 2019, 2020, Adrian Ebens

Die morele reg vn die outeur word voorbehou.

Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer word vir kommersiëe doeleindes, insluitend oordrag van enige vorm op enige manier, elektronies, meganies, fotokopiëring, die maak van opnames of enige ander vorm, sonder die skriftelike toestemming van die publiseerder en die outeursreghouers nie. Let op dat die outeur sekere gedeeltes van Skrifaanhalings beklemtoon met vetdruk om spesifieke punte van die verse uit te lig.

Skrifgedeeltes is geneem uit die Afrikaanse 1953 Bybelvertaling, tensy anders vermeld.

Alle regte word voorbehou.

Hierdie boek en alle ander Vader van Liefde pubikasies is beskikbaar op ons webwerf vadervanliefde.com. Om kopieë te bestel kontak asseblief adrian@life-matters.org,

This book was

Proofread by Lorelle Ebens

Special thanks to Tony and Anna Pace, Marlise Schneider, Richard Robison,

Danutasn Brown and Nina Snyman for their contribution to this book.

Ontwerp deur Shane Winfield/Advent Design

Omslagfoto deur Fizkes–iStockphoto

Geset in 11/14.5 Myriad Pro Light

# Trooster

*Die soeke na intimiteit, sekuriteit en vervulling*

Adrian Ebens

April 2020

*Hierdie boek bevat volwasse inligting en mag onvanpas wees vir jong lesers; diskressie moet toegepas word.*

Gedruk deur

vadervanliefde.com

Tensy anders vermeld word Bybelverse aangehaal uit
die Afrikaanse Ou Vertaling (1933/53)

# Inhoud


Hoofstuk 1 Skeidingsangs ..... 5
Hoofstuk 2 Van Hulp na Lewegewer ..... 9
Hoofstuk 3 Die Hemelkoningin ..... 15
Hoofstuk 4 Die Troosters ..... 23
Hoofstuk 5 Waardeloosheid ..... 2727
Hoofstuk 6 Verval in Slawerny ..... 35
Hoofstuk 7 Begeerlikheid van die oë, Begeerlikheid van die Vlees ..... 4343
Hoofstuk 8 Die Werke van die Vlees ..... 5151
Hoofstuk 9 Die Kringloop van Veroordeling ..... 5555
Hoofstuk 10 Om van die Monster te Ontsnap ..... 63
Hoofstuk 11 Skep vir my ʼn Rein Hart ..... 7171
Hoofstuk 12 Die Goddelike Patroon van die Bors ..... 79
Hoofstuk 13 Wees vrugbaar en Vermeerder ..... 93
Hoofstuk 14 Aptyt ..... 103
Hoofstuk 15 Die Heerlikheid van God ..... 111
Hoofstuk 16 Gebruike in 'n Ontwikkelende Liefdesverhouding ..... 119
Hoofstuk 17 Beginsels vir ʼn Gelukkige Huwelik ..... 131
Hoofstuk 18 Egskeiding en Hertrou ..... 137
Hoofstuk 19 Enkelloper of Enkelouer ..... 149
Hoofstuk 20 Gelyke Geslagte ..... 157
Hoofstuk 21 Wanneer die Aarde Uitspuug ..... 169
Hoofstuk 22 Die Hoer wat Ry op die Dier ..... 181
Hoofstuk 23 Genooi na die Bruilof van die Lam ..... 187
Hoofstuk 24 Die Fyn Linne van die Heiliges ..... 191

Hoofstuk 1

# Skeidingsangs

Die dag het aangebreek! 'n Dag van afwagting en opwinding. 'n Dag gemeng met angs en 'n bietjie vrees. Dit is die eerste dag op skool. Vir baie kinders is dit 'n ritueel wat deurgegaan moet word; dit is 'n proses wat ons moet deurmaak om die lewe met sy werklikhede te kan aanpak.

Dit kan 'n traumatiese ervaring wees om op die ouderdom van vyf jaar van jou moeder geskei te word. Wanneer jy die internet deursoek oor skeidingsangs aangaande die eerste skooldag vind jy gedetaileerde raad oor hoe om dit so maklik as moontlik te maak. Dit wil voorkom dat vir die meeeste moeders hul eie angs groter as hul kind s'n is.[1]

> *"Ek het al erger afskeid beleef, maar niks wat so aan my gemoed vreet nie." So skryf Cecil Day-Lewis in sy gedig "Walking Away," wat hy geskryf het nadat hy sy oudste seun sien skooltoe stap het. Wanneer 'n kind se eerste dag op skool beduidend is kan hul afskeid, wanneer hulle die huis verlaat om universiteit toe te gaan, vir jou voel soos 'n onherroeplike lewensverandering. Om te weet hoe om totsiens te sê en om die gevoel van verlies wat daarop volg, te hanteer, is deel daarvan om 'n ouer te wees.*[2]

---

[1] www.healthline.com/health-news/63-percent-of-moms-are-the-most-upset-on-thefirst-day-of-school

[2] www.theguardian.com/education/2013/sep/18/parents-coping-when-children-leavehome

Die bekommernis van die ouer kan bydra tot die angs wat die kind ervaar en dit kan 'n sneeubal-effek veroorsaak waar beide partye onrustiger word.

> *In werklikheid maak ouers wat beangs is oor hul kind se angsvlakke op die eerste skooldag die ondervinding baie erger, want kinders is geneig om hul ouers se spanning oor te neem.*[3]

Die band tussen moeder en kind is altyd intiem. Wie kan 'n akkurate beskrywing gee van die intiemheid wat moeder en kind ervaar gedurende swangerskap? Tydens die geboorte word die band verstewig deur die afskeiding van die hormoon oksitosien wat 'n wonderlike kalmerende effek op die kind se senustelsel het. Dit is redelik traumaties vir die kind om vanuit die veiligheid en sekuriteit van die moeder se baarmoeder te beweeg deur die geboortekanaal. Na hierdie ongemak word die kind gewoonlik eerste teen die moeder se bors neergelê. Wanneer die kind dan luister na die bekende geluid van die moeder se hartklop is dit 'n natuurlike plek van troos en sekuriteit vir die toenemende uitdagings van die lewe. Vanuit hierdie plek word beide moeder en kind in 'n verbindingsproses gebring met borsvoeding. 'n Moeder beskryf dit soos volg:

> *Borsvoeding is een van die grootste wonders van die wêreld. Dit handel oor ware liefde. Dit gaan oor omgee en dit vier die wonderlike vreugde van die koestering van 'n nuwe lewe. Dit gaan oor die vreugde van vrouwees.*
>
> *'n Pasgebore baba het net drie vereistes: Warmte in die arms van 'n moeder, voeding van haar bors en sekuriteit in die wete dat sy naby is. Borsvoeding bevredig al drie.*[4]

Nadat die moeder en baba saam deur die geboorteproses gegaan het, sal dit gebeur dat 'n moeder en kind 'n gevoel van angs ondervind wanneer hulle forseer word om vir die eerste keer vir 'n land tyd geskei te wees. Hulle het 'n baie intieme verhouding; die hantering van die skeidingsproses hang grootliks af van die moeder se sielkundige hantering daarvan.

---

[3]www.healthline.com/health-news/63-percent-of-moms-are-the-most-upset-on-thefirst-day-of-school#Practice-makes-perfect

[4] www.wiseoldsayings.com/breastfeeding-quotes/

> *Teen 9-10 maande ouderdom, wanneer babas begin kruip en wanneer hulle begin loop rondom 12 maande, begin hulle die vermoë ontwikkel om die wêreld fisies te ontdek. Hierdie bekwaamheid bring kwesbaarheid en skeidingsangs in die baba mee aangesien die ma nie noodwendig altyd teenwoordig is nie. … Die meeste ouers verwelkom hierdie verkenning en toenemende onafhanklikheid. In hierdie konteks van geboortelike depressie, trauma of afwykende verbintenisse vroeër in haar eie lewe, kan sommige moeders dit moeilik vind om verdraagsaam te wees teenoor die baba se verkennings en/of die baba se angs.*[5]

Hoe meer trauma en onsekerheid die moeder ondervind het in haar eie lewe, hoe meer sal sy potensieël angs ondervind met die skeiding van haar kind. Die gevoel van identiteit en doel wat 'n vrou ervaar met moederskap kan vir 'n tyd lank haar gevoelens van waardeloosheid oorkom. Haar gevoel van waarde, verkry deur moederskap, loop 'n hoë risiko van verlies aan doel en betekenis wanneer die kind aanbeweeg in die strewe na 'n eie lewe. Met betrekking tot 'n seun kan dit lei tot Mamma-se-seuntjie-sindroom.[6] Omdat die moeder haarself identifiseer in die versorging van haar seun word die oorgang van die seun na die getroude lewe baie keer bemoeilik. Die seun se vrou sal deur die moeder (en selfs deur die seun ook) beskou word as minder bekwaam om na die seun om te sien. Die doodgewone stereo-tipe verwysings na 'n skoonma wat haar skoondogter kritiseer oor haar onbekwaamheid spreek boekdele oor hierdie dilemma. Die jonger vrou word beskou as 'n mededinger vir die aandag en liefde van die seun.

Die vraag ontstaan hoe die moeder 'n balans kan handhaaf om vertroosting, koestering en ondersteuning aan haar kinders te bied sonder om haarself voor te doen as veeleisend en beherend. Dit sal 'n nalatingskap van angs, onsekerheid en waardeloosheid meebring wat net mooi die teenoorgestelde is van wat sy ervaar het toe sy die eerste vreugde, teerheid en liefde gevoel het toe sy haar kind gedurende sy babajare geborsvoed het.

---

[5] en.wikipedia.org/wiki/Maternal_bond
[6] en.wikipedia.org/wiki/Mother%27s_boy

Voordat ons hierdie vraag ondersoek, kom ons ondersoek ‘n kort gedeelte Bybelse geskiedenis wat handel oor die identiteit van die vrou as ‘n hulp.

Hoofstuk 2

# Van Hulp na Lewegewer

In die begin het God die vrou as 'n hulp vir die man gemaak.

> *Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. — Génesis 2:18*

Die woord *hulp* in Hebreeus (ezer) beteken bystand. The vrou, wat "uit die man geneem" is, moes sy hulp wees. Die stamwoord (azar) waarvan ezer afgelei is, beteken *omring*, *beskerm*, *bystand, hulp*, *steun*. Hoe hierdie hulp verstaan word is 'n delikate balans. Dink aan Eva tydens haar swangerskap met haar eerste seun. Sy dra die saad van haar man. Sy beskerm en koester hierdie saad in haar moederskoot, voed hom deur die naelstring en borsvoed hom as sy primêre versorger. Terwyl sy in 'n ondersteunende posisie van hulp teenoor haar man staan is sy in 'n posisie om leierskap aan haar seun te voorsien.

Solank die vrou hierdie beskerming, vertroosting en goddelike leierskap van haar man geniet, wie die aangewese agent is om haar te seën, sal sy nie versoek word om haar waarde te verkry vanuit haar posisie as moeder nie. Hoe minder 'n vrou waardeer word, hoe groter is die versoeking om waardering en waarde te vereis *vanaf dié* wie sy koester as hulle beskermer en versorger.

Dieselfde woord wat gebruik word om die vrou as hulp te beskryf, word ook gebruik om die werk van God te beskryf.

> *Ons siel wag op die HERE; Hy is ons* ***hulp*** *(ezer) en ons skild.*
> *— Psalm 33:20*

*Mag Hy u* ***hulp*** *(ezer) stuur uit die heiligdom en u ondersteun uit Sion! — Psalm 20:3*

*Maar ek is ellendig en behoeftig: o God, kom tog gou na my! U is my* ***hulp*** *(ezer) en my redder; HERE, vertoef tog nie! — Psalm 70:6*

Solank die man en die vrou die ware God aanbid en aan Hom dank betuig vir hul lewe en Hom vertrou as hul ware bron van hulp, beskerming en sekuriteit, sal die hulp van die vrou aan die man in dankbaarheid aanvaar word soos dit geïnspireer en voorsien is deur die Hemelse Vader. Die vrou sou steeds in 'n gees van dankbaarheid en vertroue in God se voorsiening gebly het deur haar man se leierskap. Sy sou nie in die versoeking gekom het om haar identiteit primêr te plaas in haar moederskap nie. In hierdie ideale, liefdevolle en intieme verhouding met haar man, sou sy die skeidingsangs vermy wanneer haar kinders uiteindelik volwassenes word en hul gesinstuiste verlaat om hul eie gesinne te begin.

Toe Eva in sonde geval en die verbode vrug geëet het was Adam in 'n dilemma vasgevang tussen twee helpers. Terwyl hy God steeds liefgehad het en dankbaar was teenoor Hom vir alles het die gevoel om van sy geliefde vrou geskei te wees sy siel deurboor. Adam was die hoof van ons ras en die spilpunt wat sou bepaal na wie die mens natuurlik sou opsien as sy primêre hulp. Sal dit God wees of sal dit die vrou wees?

Ten volle bewus dat Eva die vrug geëet het en gedagtig daaraan dat God gesê het dié wat van die vrug eet sal sterwe, het Adam besluit om die saak op sy eie te deurdink. In plaas daarvan dat hy na sy Hulp en sy God gaan vir wysheid omtrent wat om te doen, het Adam eerder Eva gekies en om in haar lot te deel. Eerder as om God se wysheid te soek of om selfs sy posisie as leier te aanvaar en verantwoordelikheid te neem vir haar en sy eie lewe te gee in haar plek, het die klein seuntjie in hom sy duim in sy mond gesteek en gehunker na sy vrou. In plaas daarvan dat hy na God gegaan het vir hulp het hy na sy vrou gehardloop, die vrug by haar geneem en geëet. Toe God navraag doen oor wat gebeur het, het albei weggehardloop van hul ware Hulp en weggekruip in die tuin.

Adam soek vertroosting by sy vrou nadat God hom ingelig het oor die gevolge van sy besluit om van die vrug te eet.

> *En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer. En* ***die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe****. — Génesis 3:17 – 20.*

Die laaste vers is baie interessant. Die naam Eva beteken lewegewer. Hoekom sou Adam sy vrou die lewegewer noem?

> *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. Génesis 3:15*

God het met hulle gepraat oor die saad van die vrou en hoe die beloofde Messias deur haar verlossing sou bring. Maak dit haar die lewegewer? Dit is waar dat Christus gebore is deur die vrou – letterlik deur Maria, maar dit maak haar slegs die middel tot die gawe van lewe en nie die lewegewer self nie.

In Hebreeus het Adam sy vrou Eva genoem, maar wanneer ons die Griekse Ou Testament lees word die woord "Eva" in die Grieks as *Zoe* vertaal. Die probleem hiermee is dat Christus na Homself verwys as die *Zoe*.

> *Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe [Zoe]; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. — Johannes 11:25.*

> *Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe [Zoe]; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*
> *— Johannes 14:6.*

Christus is die ware *Zoe* of lewegewer. Die dieper betekenis daarvan dat Adam sy vrou die lewegewer noem, terwyl God haar die hulp noem, is dat Adam haar sy Verlosser gemaak het.

'n Duidelike voorbeeld hiervan word gevind in die lirieke van 'n lied, *The Wonder of You*, wat bekend gemaak is deur Elvis Presley. Dit is geskryf aan die vrou wat hy liefhet:

*When no one else can understand me*
*When everything I do is wrong*
*You give me love and consolation*
*You give me hope to carry on*
*And you try to show your love for me*
*In everything you do*
*That's the wonder, the wonder of you.*

*And when you smile the world is brighter*
*You touch my hand and I'm a king*
*Your kiss to me is worth a fortune*
*Your love for me is everything*
*And you're always there to lend a hand*
*In all I try to do*
*That's the wonder, the wonder of you*

*Guess I'll never know the reason why*
*You love me like you do*
*That's the wonder, the wonder of you.*

Dit is 'n lied van verering en aanbidding; dit is afgodery, want slegs Christus gee aan ons vertroosting en gerusstelling wanneer niemand anders ons verstaan nie.

God het Adam ingelig omtrent die hartseer en treurige dinge wat met hom sou gebeur. Afgerem deur sy penarie wend hy hom na die vrou. In haar vriendelike glimlag, warm aanraking en sagte soen vind hy vertroosting en redding.

Hoeveel mans, geïsoleer en alleen, vind herlewing in 'n pragtige jong dame wat in sy lewe instap. Hy word hernu, sy lewe kry betekenis en waarde. Sy is sy lewegewer. Dit is waar dat Adam alleen was voor die sondeval, maar daardie alleenheid was nie uit 'n gevoel van waardeloosheid nie, maar uit 'n begeerte om die liefde wat hy ontvang het te deel.

Dis 'n vreeslike situasie om die vrou as die lewegewer aan te stel. Dit herdefinieer die man-en-vrou-verhouding. Soos ons later sal sien het die afhanklikheid van die man van die vrou 'n verskriklike angel in sy stert.

Adam het die vrou bokant God verkies as sy primêre hulp en nou ook as lewegewer. Toe hy homself in 'n moeilike posisie bevind tydens die ondervraging van God oor waarom hy van die vrug geëet het, kon hy net vinger wys na sy twee helpers.

> *En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? En die mens antwoord:* ***Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.*** *— Génesis 3:11, 12*

'n Ware leier blameer nie ander onder sy sorg nie. Deur God en die vrou te blameer het Adam hulle op dieselfde vlak geplaas. Hy het die vrou opgehef; sy het sy beskermer en voorsiener geword en daarom blameer hy haar oor sy mislukking en die slegte raad wat sy gegee het.

Vir Eva moes dit 'n geweldige skok gewees het toe haar toegewyde man haar in die steek gelaat het en 'n beskuldigende vinger na haar gewys het. Sy kon net wonder wat met haar voortreflike man gebeur het. Die skuldgevoel deur die vrug aan haar man te gee, met die blaam wat op haar gewerp word vir die hele reeks gebeure, het groot hartseer en selfs 'n groter gevoel van skeidingsangs gebring. Sy moes in daardie oomblik baie alleen gevoel het. 'n Groot kloof het in haar huwelik gekom. 'n Groot stryd sou in die menslike gesin uitspeel omtrent die posisies wat mans en vroue sou probeer beklee in hul stryd om lewe, intimiteit en self-waarde.

Deur *na die vrou te draai* en terselfdertyd *teen die vrou te draai*, het Adam 'n nuwe wêreld gekweek. Sigmund Freud en sy volgelinge beskryf dit as die stryd tussen *Eros*, die lewensinstink, en *Thanatos*, die doodsinstink.[7] Deur die vrou sy lewegewer te maak, maak hy haar ook sy sondebok wanneer dinge nie uitdraai soos wat hy wou hê nie.

Die fondasie is gelê vir die ontwikkeling van die hemelkoningin.

---

[7] https://www.verywellmind.com/life-and-death-instincts-2795847

Hoofstuk 3

# Die Hemelkoningin

Na die gebeure rondom die eet van die verbode vrug was daar 'n groot verandering in die verhouding tussen ons eerste ouers. Aspekte van hierdie verandering word beskryf in die boek Oorspronklike Liefde.[8] Ek nooi jou uit om die boek te lees vir meer inligting omtrent die verhaal.

Die volkome vrede, vreugde en rus wat Adam ondervind het in die volmaakte liefde van sy hemelse Vader, was verlore. Tot en met sy rampspoedige val het die Gees van die Seun van God in hom gewoon. Die Skrif praat van die bron van rus wat deur die Seun van God ondervind word.

> *Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun* ***wat in die boesem van die Vader is****, dié het Hom verklaar. — Johannes 1:18*

In die liefdevolle omhelsing van Sy Vader skenk die Seun van God sy rustige Gees aan die hele skepping. Deur in die boesem van die Seun van God te rus het Adam die voorreg gehad om die verhouding tussen die Vader en Seun te weerspieël. Ons sien 'n manifestasie van hierdie rus in die dissipel Johannes toe hy teen die bors van ons geliefde Verlosser gerus het:

> *En een van sy dissipels, hy vir wie Jesus liefgehad het, het aan tafel* ***teen die bors van Jesus gelê****. — Johannes 13:23*

Hierdie fisiese manifestasie van die ideale verhouding tussen 'n man en sy Verlosser wys ons op die geestelike werklikheid waar die man in die Seun van

[8] Beskikbaar op vadervanliefde.com

God sy trooster, bemoediger en skuilplek vind; 'n veilige anker teen die uitdagings van die lewe.

> *En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. — Johannes 20:22*

> *Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus. — 1 Korinthiërs 11:3*

> *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus,* **die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting***, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan* **troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word.** *— 2 Korinthiërs 1:3-4*

Een van die titels van God in die Skrif is *El Shaddai*. Die geskiedenis agter die vertaling van hierdie woord is hoogs beduidend vir ons onderwerp.

> *Die meeste Engelse Vertalers het gereken El Shaddai beteken "God Almagtig". Dit is moontlik dat die vertalers van die Septuagint gedink het Shaddai kom van die basiswerkwoord Shadad, wat beteken om te "oorweldig" of te "vernietig." Die Latynse Vulgaat het dit soortgelyk vertaal as "Almagtige" (of "Omnipotens", vanwaar die Engelse woord 'Omniponent' kom). Met ander woorde, die vertalers het voorgestel dat God so oorweldigend is dat Hy beskou word as "Almagtig"...*

> *Jakob se seëninge in Génesis 49:25 dui egter aan dat Shaddai verbind kan word met die woord vir borste (shadaim) wat dui op genoegsaamheid en voeding (dit is, "seëninge van borste en moederskoot"). In hierdie geval kan die Naam afgelei word van 'n samevoeging van sha (wie) en dai (genoeg) wat dui op God se volmaakte genoegsaamheid om die jong nasie tot vrugbaarheid te koester. Inderdaad word hierdie Naam deur God gebruik*

*wanneer hy verwys na die vrugbaarheid van Abraham se nakomelinge. (Gen.17:1).*[9]

Hoe lees ons die Skrif? Beteken El Shaddai oorweldigende vernietiger, of stel dit voor dat God ons volmaakte genoegsaamheid verskaf waarmee Hy sy kinders koester, wat weerspieël word in die intieme konteks van die bors?

*Aan die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met* ***seëninge van borste en moederskoot****. — Génesis 49:25*

Deur in die boesem van die Vader te verwyl en heeltemal deur Hom gevoed te word is die Seun van God heeltemal in staat om aan ons die Vader se seën te gee. Waarna die man in sy gees smag is om aan die boesem van Christus rus te vind. Die vertroosting van ons hemelse Vader word op Sy Seun geblaas. Hy blaas dan weer hierdie seën op die man, wie dan op sy beurt weer op sy vrou blaas. Deur Christus kan die vrou ook direkte seën van die Vader ontvang en hierdie seën word versterk deur die struktuur uiteengesit in 1 Korinthiërs 11:3. Hierdie vloei van seën is belangrik vir die institusionele bestendigheid van die gesin en dit het weer 'n wyer impak op die gemeenskap.

Om volkome genoegdoening te vind het die man die vrou bo die Seun van God gekies. Dit is die natuurlike neiging van die man om vertroosting en koestering by die vrou te soek in plaas daarvan om rus te vind in die boesem van die Seun van God. Is dit die rede waarom mans amper universeel aangetrek word deur die borste van vroue? Deur die vrou sy *Zoe* te maak het Hy haar sy *El Shaddai* gemaak. Om hierdie manlike obsessie te verklaar het 'n outeur die vraag gestel:

*Hoekom is heteroseksuele mans so gefasineer deur die vrou se borste dat ons partymaal optree asof die borste die setel van die siel is?*[10]

---

[9] https://www.hebrew4christians.com/Scripture/Parashah/Summaries/Lekh_Lekha/El_Shaddai/el_shaddai.html

[10] https://www.huffpost.com/entry/breasts_b_1910401

Die setel van die siel moet gevind word in ons Skepper en nie die vrou nie. Hierdie hypnotiserende effek van die vroulike borste op die manlike gemoed spreek van die manlike siel se fundamentele verskuiwing na die vrou vir vrede en rus.

> *… mans word veral aangetrek deur borste en nie omdat seuns op die speelgrond leer om daardeur aangetrokke te wees nie. Dit is biologies en diep ingewortel in ons brein. In werklikheid het navorsers aangedui dat, wanneer ons gekonfronteer word met borste, of selfs net stimuli verwant aan borste, soos bras, begin ons swak besluite neem.*[11]

Hierdie aantrekking is 'n verwronge begeerte tot die vertroosting en koestering wat ons van Christus ontvang. Dit is 'n slawerny wat nie die siel kan versadig nie, want dit was nooit bedoel om so te wees nie. Ja, dit is slawerny wat geen man in homself kan beëindig nie. Net die ware *El Shaddai* kan hierdie slawerny breek en die siel tot rus bring. Is dit die rede waarom so baie vroue bereid is om hul borste ten toon te stel? Hulle voel die aangetrokkenheid wat hul borste bring en gebruik dit om aandag te trek of om 'n valse gevoel van waarde te kry. Vroue kan dit moeilik vind om hierdie slawerny aan vertoon te verbreek. Slegs Christus, die Lewegewer, kan jou vrystel van hierdie denkpatroon.

Die manlike obsessie word uitgedruk in die godin Artemis van Efese, wat 'n afgodsbeed was met menigvuldige borste. Een van die grootste nadele van hierdie tipe aanbidding is dat die man verhoed word om tot emosionele volwassenheid te kom.

Al word hy fisies van sy moeder gespeen, ondervind hy steeds die dieper, emosionele, innerlike begeerte om te rus op die bors van 'n vrou waar hy vertroosting kan vind in hierdie donker, wrede en koue wêreld. Hy kon sy ma se minsaamheid gedurende sy grootwordjare ondervind. Haar sorg het sy toekomstige vrese omtrent sy begeerte en behoefte aan vroulike aandag en toegeneendheid onderdruk. Wanneer hy 'n man word en die keuse van 'n lewensmaat maak, word hy emosioneel gedryf deur die behoefte aan 'n moederfiguur.

---

[11] ibid

Terselfdertyd bly daar binne die man steeds die skaduagtige erfenis om die vrou te blameer vir sy mislukkings en neem hy aanstoot by die gedagte aan die emosionele mag wat sy oor hom het. Dit veroorsaak die begeerte by hom om haar te domineer en te onderdruk.

Van die vrou se kant af dra sy die skuldgevoel dat sy haar man versoek het om te sondig teen God. Die man wat haar sigbare trooster moes wees en vanaf Christus woorde van seën en bemoediging oor haar moes uitspreek, is nou weg. Vasgevang in 'n man se liggaam is daar nou 'n emosioneel onvolwasse seun wat op haar steun as sy primêre bron van vertroosting.

Dit kan 'n verwoestende invloed op die vrou se sin van waarde hê. Aan die een kant was dit vleiend om iemand te hê wat haar uiterlik aanbid en begeer het, maar hoe sal sy nou vertroosting vind? Nadat die opwinding van die jag en die bevrediging van die aantrekkingskrag wat sy oor die man gehou het weggesterf het, word sy gelaat met 'n seun wat emosionele voeding by haar bors soek – 'n oppervlakkige posisie van mag, maar een wat 'n gevoel van leegheid, ontevedenheid en onsekerheid laat.

Die Bybel bespreek die natuurlike progressie van hierdie afwaartse weg wanneer manne hul afwend van die een ware God. Toe die man hom na sy vrou gewend het om haar te aanbid het hy die aanbidding van 'n geskape wese ingestel. Hierdie aanbidding sou later uitbrei om die aanbidding van ander geskape wesens soos diere en ander dinge in te sluit.

> *Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle,* ***alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens*** *en van voëls en viervoetige en kruipende diere.* ***Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer hulle wat die waarheid van God verruil het vir***

> ***die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper*** *wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. — Romeine 1:20-25*

Die volgorde is duidelik. Wanneer die mens die vertroosting wat hy van God ontvang, weggee, begin hy die skepsel aanbid in plaas van die Skepper. Die groot verlange na vertroosting en intimiteit kan nie werklik verkry word slegs in die man-vrou-verhouding nie. Die desperate soeke na vertroosting het meegebring dat die man se seksuele aptyt grootliks toegeneem het saam met sy gevoel van waardeloosheid. Dit manifesteer by 'n man met toenemende seksuele aggressie om die vertroosting te kry waarna hy soek en in die vrou deur haarself te degradeer na wat die man ook al begeer om sy aandag en liefde te behou.

Mans raak verslaaf aan hulle seksuele aptyt deur vertroosting te soek buite God se grense en werklike vertroosting is iets wat net God kan voorsien. Vir 'n kortstondige oomblik gedurende die ekstase van die seksuele ondervinding verdoof sy gevoel van waardeloosheid, maar omdat dit nie die langdurige vreugde meebring wat hy begeer word die vrou geblameer vir sy mislukkings, wanneer die warrelwind wat hy geskep het 'n oes van pyn inbring.

Binne 'n betreklike kort tydperk het mans en vroue betrokke geraak by die aanbidding van die hemelkoningin. In die boek Jeremia word sy genoem.

> *Maar ons sal stellig alles doen wat uit ons mond uitgegaan het— om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet soos ons gedoen het, ons en ons vaders, ons konings en ons vorste, in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem; toe is ons met brood versadig en was gelukkig, en ons het geen onheil gesien nie. Maar vandat ons opgehou het om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet, het ons aan alles gebrek gehad en het ons deur die swaard en die hongersnood omgekom. — Jeremia 44:17-18*

Gedurende die tyd van Jeremia, omtrent 600 jaar voor Christus, was die aanbidding van die godin "Queen" byna universeel. Daar word soos volg omtrent hierdie vers kommentaar gelewer:

> ***Die hemelkoningin.*** *Hierdie godin word gewoonlik geïdentifiseer met die Assiries-Babiloniese Ishtar. Die immorele seremonies wat*

*met hierdie aanbidding verbind is het groot verontwaardiging by Jeremia ontlok, veral omdat dit blykbaar 'n prominente deel van afgodery was. Die Assiries-Babiloniese Ishtar, die moedergodin, was soortgelyk aan die goddelikheid wat aan die Hebreërs bekend gestaan het as Ashtoret en aan die Kanaäniete as Astárte, wie se beelde in Palestina gevind word.* ***Hierdie godin van vrugbaarheid, swangerskap, seksuele liefde en oorlog is aanbid in rituele met 'n karakter van erge immoraliteit en ontaarding.*** *Sy was eintlik dieselfde godin wat onder talle name en met verskillende aspekte aanbid is, soos die aarde-moeder, die maagdelike moeder en is oor die algemeen geassosieer met Atargis, die "Groot Moeder" van Klein-Asië, Artemis (Diana) van Efése, Venus en andere. Verskeie name gegee aan die maagdelike moedergodin, bevat elemente met die betekenis "lady", of "mistress", soos Nana, Innini, Irnini, Beltis. Sommige van die benamings was Belti, "my lady", en "hemelkoningin", die naam waaronder Ishtar aanbid is op huise se dakke as die oggend- of aandster, met offerandes van gebakte koekies, wyn en wierrook. Ishtar was ook bekend as die genadige moeder wat ingetree het by die gode van haar aanbidders. Sommige van hierdie name en eienskappe word vandag gegee aan die maagd Maria en baie van die gelokaliseerde maagdelike kultes in die Ou Wêreld, so word geglo, is moderne oorblyfsels van die aanbidding van verskeie aspekte van die antieke moedergodin.*
*SDA Bible Commentry op Jeremia 44:17*

Die apostel Paulus maak dit duidelik dat die dwase harte van die mens verduister is deur die soeke na sielerus in die vertroosting van 'n moeder/vrou. Let op na die opmerking dat die hemelkoningin nie net vereer is vir haar vrugbaarheid, swangerskap en seksuele liefde nie, maar ook vir oorlog. Hierdie dwase denke van die mens beskryf akkuraat die strydagtige verhouding wat hy met die vrou het.

Die afgodsaanbidding van die vrou was voorspel in die profesieë om tot en met die einde van tyd voort te duur. Die seksueel-verwronge dierlike aard van die man is onderwerp aan die leierskap van die moeder van hoere wat die wêreld sal lei tot een groot finale ramp voor die wederkoms van Christus.

> *En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. — Openbaring 17:1-3*

In hierdie laaste dae roep die Here die mens om terug te keer na die boesem van die Seun van God as hul bron van vertroosting. Die bewys dat hierdie skuif gemaak is, word gevind in die herstel van die gesinseenheid en waar mans nie meer verslaaf is aan 'n erotiese gedagtegang om aan hulle vertroosting te bied nie. Dit stel vroue vry daarvan om hulself te verlaag en hul vlees te ontbloot om aandag en beloning van hul mans te kry. Wanneer hulle hul ware vertroosting in Christus vind sal hulle ophou met flirtasies en sal hulle 'n pragtige krag uitstraal deur 'n sagmoedige en stille gees, wat kosbaar is voor God (1 Petrus 3:4).

Hoofstuk 4

# Die Troosters

Dit is waar dat God Eva ontwerp het om Adam te komplimenteer, om vir hom 'n vertroosting en steun te wees. In perfekte harmonie was beide die vertroosting van God deur Christus en die vertroosting van sy vrou 'n groot seën vir Adam. Ons sien hierdie vertroosting geopenbaar in die verhouding tussen Isak en Rebekka.

> *En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar* ***liefgehad****. So is Isak dan* **getroos** *ná die dood van sy moeder. — Génesis 24:67*

Rebekka was 'n goeie vertroosting vir Isak nadat sy moeder oorlede is. Ons weet dat hierdie vertroosting goddelik was, want in die Griekse vertaling van die Ou Testament sê dit dat Isak *agape* aan Rebekka bewys het. Agape is die goddelike liefde wat gee sonder om enigiets terug te verwag.

Wanneer 'n man gevul is met *agape* is daar geen stryd tussen die twee troosters in sy lewe nie. In die Griekse Ou Testament is die woord vir "getroos" (G3870) *Parakaleo*. Dit is die werkwoordvorm van dieselfde woord wat gebruik word in Johannes 14 wanneer Jesus praat van die Trooster, (G3875) *Parakletos*. Toe Adam gekies het om die vrug te eet het hy hierdie twee troosters in stryd met mekaar gestel. Hy het die vrou tot dieselfe plek as die Seun van God verhoog en in hierdie posisie kies Adam die een teenoor die ander. Die enigste een wat aan hom ware vertroosting kon bied was die *Parakletos* van Jesus wat Hy van Sy Vader ontvang het. Die oorspronklike vertroosting wat hy van sy vrou ontvang het, het Christus steeds as die bron gehad; Eva was die kanaal

waardeur hierdie vertroosting gekom het. Deur die vrou bo Christus te verkies het Adam beide troosters verloor en verval in 'n put van waardeloosheid.

Dit mag aanloklik wees om te dink dat, indien Christus die vertroosting aan Adam deur Eva bied, dan sal Eva inderdaad, in terme van troos, in 'n hoër posisie as Adam wees. Wanneer ons na die ontwerp van die man en die vrou kyk en hoe die troos-struktuur werk, begin ons die belangrikheid daarvan verstaan.

Eva is gemaak van 'n rib wat uit Adam se sy geneem is. Eva was eerstens deur Christus 'n dogter van haar Vader in die hemel. Haar identiteit was eerstens as 'n dogter van God. Sy is na Adam gebring, in besit van sy rib, as die glans en afskynsel van sy heerlikheid. Dit is die vrou se erfenis wat sy van haar man ontvang het wat haar in die posisie plaas as sy onderdanige trooster, eerder as in een van gesag oor hom. Terselfdertyd beteken die erfenis van die vrou nie dat sy alles slegs van haar man ontvang nie. Sy is eerstens 'n dogter van God en kan dinge direk van Hom ontvang om die man te seën en te vertroos. Die kombinasie van haar skepping, tesame met die erfenis wat sy ontvang uit die rib van Adam, plaas haar vertroosting in die regte konteks.

In Jesaja se tyd het die Here tot Israel geroep om na Hom terug te keer, sodat hulle hul ware troos kon ontvang:

> *Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes. 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! — Jesaja 40:1-3*

'n Weg moes berei word vir die Here om te kom en om daardie vertroosting te bied wat die menslike ras so broodnodig gehad het, maar wat hulle ongelukkig op al die verkeerde plekke gesoek het. Die mens skep allerhande berge en valleie van idees om die pad van die ware Trooser, wat ons wil kom help, te versper.

Toe Johannes die Doper gekom het, het hy gekom in die krag en gees van Elía. Johannes identifiseer homself as die stem van een wat roep in die woestyn:

*En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei. — Lukas 1:17.*

*Toe sê hulle vir hom: Wie is u? —dat ons antwoord kan gee aan die wat ons gestuur het. Wat sê u van uself? Hy antwoord: Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die Here reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het. — Johannes 1:22 – 23.*

Die bediening van Jesus sou die gebrokenes van hart herstel en ons die weg na die lewe wys. Let op dat Jesaja 40:2 verwys dat Jerusalem se stryd verby is en dat haar skuld betaal is. Ons het gesien dat die hemelkoningin 'n godin van vrugbaarheid, seks en oorlog was. Toe Christus na die wêreld sou kom sou Hy ons die vertroosting van die Vader getoon het. Hy sou ons wys hoe die Vader werklik is. Sy Gees sou ons harte na Hom rig sodat ons ons vertroosting in ons Vader deur die Seun kon vind. Dit sou ons stryd beëindig om te probeer om ons hoogste vertroosting uit ander bronne te ontvang. Net voordat Hy die wêreld verlaat, deel Jesus ons die volgende mee:

*Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. — Johannes 14:18.*

Wanneer ons deur ons waardeloosheid en mismoedigheid in sonde verval moet ons ons primêre vertroosting vind in Christus. Hy vind Sy troos in die God van alle vertroostinge, wat Sy Vader is.

*My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak [Trooster] by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. — 1 Johannes 2:1*

Om die mens te help om na Hom as hulle Trooster terug te keer het Jesus hierdie oproep gedoen:

*Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. — Matthéüs 5:27-28*

Die seksuele behoeftes van 'n man tot 'n vrou vind sy oorsprong in die begeerlikheid van die oë; die oorsprong daarvan is die vertroosting wat die man soek om sy eie gevoel van waardeloosheid te help genees. Isak het *agape* gehad vir Rebekka en dit het toegelaat dat sy vir hom 'n vertroosting kon wees, maar *agape* bevat geen *eros* of begeerlikheid nie. Dit begeer niks vir homself nie. *Agape* fokus slegs op gee, sonder enige teken van eiebelang. Die man wat *agape* besit sal die krag ontvang om enige groot aanslag van seksuele beelde, beide intern en ekstern, te oorkom.

Dit wil voorkom asof so 'n heilige toestand buite die mens se perke is, veral in hierdie tyd waar die media en internet enige wellustige begeerlikheid oombliklik kan vervul. Op enige tydstip en op enige plek, deur mobiele toestelle, is alle ondenkbare perversie beskikbaar. Voeg hierby die verlagende modegiere van vroue en 'n gemeenskap wat seksuele eerbaarheid as preuts, aanstellerig en onvolwasse beskou. Dit blyk dat die man van oral onder druk geplaas word om sy wellus te voed. In werkliheid is dit vir die man amper onmoontlik om hierdie versoekings te ignoreer, maar deur 'n Elia-boodskap wil die Here aan ons vertroosting bied. Dit is 'n boodskap om ons afgodery van vroue te staak en God te soek as ons primêre Trooster. Dit sal mans toelaat om *agape* liefde aan hulle vroue en dié in hul gemeenskap te gee sodat hulle die vertroosting kan bied soos deur God bepaal. Hulle sal weer, op hul beurt, daarin behae hê om vertroosting te bied wanneer hulle *agape* van hul mans, vaders en leraars ontvang. Indien Isak in staat was om Rebekka te *agape*, dan is daar hoop, selfs vir ons.

Die verandering van die aanbidding van die hemelkoningin tot die aanbidding van die Koning van die Konings is 'n aanhoudende stryd. Daar is berge wat versit moet word en diep valleie van skande om te oorkom. Die trompetgeskal word nou reeds gehoor om mense voor te berei om hul Here te ontmoet.

Hoofstuk 5

# Waardeloosheid

> *o Manne, hoe lank sal my eer tot skande wees?* ***Hoe lank sal julle die nietigheid [leegheid; waardelose ding] liefhê,*** *die leuen soek? Sela — Psalm 4:3*

Toe Satan Eva versoek het deur die medium van die slang, het hy aan haar die beginsels van die nuwe koningkryk voorgehou. 'n Koninkryk waar almal klaarblyklik hul eie god kan wees. Hy het haar egter nie vertel van die geweldige stryd in sy eie hart nie. Satan, wat vroeër Lucifer was, was die eerste onder die geskape wesens van God:

> *Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.*
> *— Eségiël 28:14-15*

In die volheid van *agape*, het God en Sy Seun die volheid van hul vrygewige karakter aan Lucifer gegee. Lucifer was die glansryke môrester, vol wysheid en prag. Onverstaanbaar soos dit mag voorkom, het hy jaloers geword op die Seun van God en begeer om Sy plek langs God in te neem. Lucifer het vergeet dat alles wat hy besit 'n gawe van God deur Sy Seun was. Lucifer, 'n kosbare seun van God, is sagkens aangemoedig om homself oor te gee aan die liefde en wysheid van God, om in die familie van God aan te bly. God het probeer om aan Lucifer te wys dat dit wat hy as 'n onreg beskou het – dat hy onder

Christus was – nodig was vir sy eie lewe en geluk en dat die weg van ontevredenheid wat Lucifer ingeslaan het tot sy eie ondergang sou lei.

In plaas daarvan om goddelike raad aan te neem het Lucifer in die geheim te werk gegaan om onder die engele die saad van ongeloof omtrent God se regering te saai. Deur die ewige Gees was God en Sy Seun teenwoordig in elke gesprek en het Hulle elke woord gehoor wat Satan gefluister het; tog is daar geen mag toegepas om Lucifer weg te keer van die weg wat hy ingeslaan het nie.

Elke engel het nou begin om hulle ware karakter te wys. Elkeen het God geken en die oorweldigende liefde van God en Sy Seun ondervind. Die Heerser van die heelal het aan die engele bekend gemaak dat die Seun van God gelyk was met Homself en aanbiddingswaardig was. Jesus verwys na hierdie gebeurtenis:

> *Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,* ***sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer.*** *Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. — Johannes 5:22-23*

Dit was die kwessie wat Lucifer teengestaan het. Hy wou bo Christus vereer word. Hy wou hom gelykstel aan die Allerhoogste. Nogtans het hy vergeet dat niemand na die Vader kom behalwe deur Sy Seun. Hy het ook vergeet dat jy die Vader het indien jy die Seun het.

> ***Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad!*** *Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke,* ***my gelykstel met die Allerhoogste!***
> *— Jesaja 14:12-14*

> *Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. — Johannes 14:6*

> *Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie. — 1 Johannes 2:22-23*

Lucifer het geweier om die Seun van God te erken en so het hy die eerste manifestasie van die Antichris geword. Die gevolg hiervan was dat hy sy verbintenis met sy hemelse Vader verloor het. Hy het sy identiteit as 'n seun van God verloor. Die boek *Identiteitsoorlog* beskryf die besonderhede wat plaasgevind het.[12] Lucifer het verander in Satan, die aanklaer. Hy het nie langer rus gevind in die boesem van die Seun, wat rus vind in die boesem van die Vader nie. Hy het alleen gestaan, met geen trooster vir sy siel nie.

'n Diep gevoel van duisternis het sy siel oorskadu. 'n Knaende gevoel van waardeloosheid het hom oorspoel. Om vir sy diep gesetelde depressie te vergoed, het hy gesmag na die aanbidding van ander wesens. Deur sy goeie vernuf en vaardigheid het hy in sy dade en prestasies na waarde gesoek. Hy kon slegs rus vind deur ander te beheer om presies te doen wat hy wou gehad het.

> *Wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het***, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus;** *en as* **hy dit nie vind nie**, *sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het.*
> *— Lukas 11:24*

Sy leuens het tot gevolg gehad dat een derde van die engele in daardie kettings van duisternis verval het waarin almal wat die Vader en die Seun verloën, geketting is.

> *En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;* **en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi**. *En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. — Openbaring 12:3-4*

> *En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie,* **maar hul eie woning verlaat het,** *het Hy vir die oordeel van die groot dag* **met ewige boeie onder die duisternis bewaar**. *— Judas 1:6*

[12] Beskikbaar op *vadervanliefde.com*

Die kettings wat hierdie engele bind is die leuens wat hulle glo omtrent die karakter van God. Hulle glo dat Hy 'n tiran is wat genadeloos en onvergewendgesind is en dit is presies wat hulle geword het.

> *Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy. Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg?* ***Jy dink Ek is net soos jy!*** *Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.*
> *— Psalm 50:21 - 22*

Toe Adam en Eva na die leuens van die slang geluister het, het hulle in dieselfde kettings verval. Deur te suggereer dat God iets goeds van hulle weerhou het, het Satan hul vertoue in God verbreek. Daardeur het hy baie subtiel geïmpliseer dat God selfsugtig is en dat Hy sy eie belange wil beskerm.

> *Maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.*
> *— Génesis 3:5*

Alle goeie dinge kom van God af. Dit is die heerlikheid van God se karakter om te gee! Die heerlikheid van God se karakter is in die gemoedere van ons eerste ouers verander na skande toe hulle die leuens geglo het wat Satan deur die medium van die slang aan hulle verkondig het. Dit het gevoelens van waardeloosheid gebring. Dit is die doel van die eerste Bybelse aanhaling aan die begin van hierdie hoofstuk:

> *o Manne, hoe lank sal my eer tot skande wees? Hoe lank sal julle die nietigheid liefhê, die leuen soek? — Psalm 4:2*

Hoe het hierdie proses gebeur? Ons het daarvan gelees in die vorige hoofstuk:

> *Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en* ***die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens*** *en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer,* ***hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper*** *wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.*
> *— Romeine 1:22-25*

Paulus wys duidelik dat die gevolge van hierdie leuen wellustige begeertes voortbring. Hierdie leuen veroorsaak dat mans en vroue hul liggame onteer deur seksuele oordadigheid en perversiteit. Dit is die gevolg van 'n waardelose gevoel en om op 'n vergeefse wyse die rus van God te soek. Hoe meer die man soos Satan word, hoe groter word die behoefte om die liggaam van die vrou te beheer ter wille van selfsugtige plesier. Hulle word deur 'n onreine gees beheer, vleeslik opsoek na rus deur die vrou se liggaam geestelik te beheer - deur haar gedagtes en liggaam te beheer. Hierdie proses word soms narsisme genoem.

Narsisme is, in effek, die manifestasie van waardeloosheid in iemand wat nie die eer en heerlikheid van die ware God ken nie. Nieteenstaande hulle gedrag het ons Vader elkeen van sy gevalle kinders lief, maar dit verhinder nie die groot hartseer en pyn wat hulle ondervind omdat hulle in hierdie waardelose toestand verkeer nie.

Hierdie toestand van waardeloosheid manifesteer in vroue wat suggestief optree en klere dra wat hulself blootstel en hul liggame beklemtoon op maniere wat seksueel aanloklik is. Hulle sal hul standaarde verlaag om 'n man se aandag te trek en dan beheer hulle hom met seksuele gunsies en emosionele manipulasie soos trane, uitbarstings en dreigemente. Die Bybel waarsku teen sulke vroue:

> *Om jou te bewaar vir 'n slegte vrou, vir die gevlei van 'n vreemde tong. Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie; want vir 'n hoer verval 'n mens tot 'n stuk brood, en 'n ander se vrou maak jag op 'n kosbare lewe. Kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand? Of kan iemand op gloeiende kole loop sonder dat sy voete brandwonde kry? So is dit met hom wat by die vrou van sy naaste ingaan; elkeen wat haar aanraak, sal nie ongestraf bly nie.*
> *— Spreuke 6:24-29*

Om teen die bors van so 'n vrou te leun is om 'n brandende hout teen jou siel te hou. Sy bring geen vertroosting nie, dit laat net diep letsels. Ons onthou die woorde van Jesus wat ons vertel dat hierdie proses in die gedagtes begin. Wanneer 'n vrou 'n man probeer uitlok met haar kleredrag en suggestiewe optrede, sal die waardelose, vaderlose gemoed van 'n man allerhande seksuele

fantasieë begin opdiep en sal hy in sy hart egbreuk pleeg. Sulke gebeure bewys die waardeloosheid van mans en vrouens. Om hierdie waardeloosheid te vernietig is juis die rede waarom Elía moet kom om die harte van die vaders terug te bring na die kinders en die kinders na die vaders sodat God se kinders uit hierdie vernietigende weg kan ontsnap.

> *Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.* ***En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders****, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie. — Malegái 4:5-6*

Daar is geen blywende vertroosting in hierdie verwarrende aktiwiteite nie, want slegs seun- en dogterskap van God sal goddelike sielsrus bring. Mans loop blindweg langs hierdie duister seksuele weg. Die apostel Paulus sê dat sommige mans die seksuele gebruik van vroue verruil (want hulle seksuele gedrag is slegs vir eie plesier) omdat hulle agtergekom het dat dit net so maklik met 'n man verkry kan word. Paulus gaan voort:

> *Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand:* ***manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie.*** *— Romeine 1:26-28*

Gegewe die groot bewustheid van hierdie kwessie in ons huidige kulturele omgewing sal ons later meer aandag hieraan gee. Kom ons kyk kortliks na die omvang van hierdie waardeloosheid en hoe dit ons weereens by die laaste verse van Romeine hoofstuk een gebring het:

> *... hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte*

*dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen. — Romeine 1:29-32.*

Hoofstuk 6

# Verval in Slawerny

> *Sy het hom verlei deur haar baie mooipraatjies, deur die gladheid van haar lippe het sy hom verlok. Hy loop skielik agter haar aan soos 'n bees wat na die slagpaal gaan, en soos voetboeie wat dien tot tugtiging van die sot. — Spreuke 7:21-22*

Oorweeg die vrug wat geproduseer word wanneer 'n man vertroosting soek by sy vrou en sy vrou weer op haar beurt waarde probeer kry deur haar kinders groot te maak. Wanneer ons 'n plant wil laat groei, plaas ons dit in die beste moontlike omgewing om te groei. Ons gedagtes is gerig op die welstand van die plant. Ons plant die saad in voedingsryke grond, ons maak dit nat en beskerm dit sodat dit kan groei. Wat is die omgewing waarin die meeste kinders gebore word?

Die fisiese proses van bevrugting is maklik om te verstaan. Wanneer aanvaar word dat beide partye gemaklik is met die verhouding gee die uitbarsting van hormone gedurende seksuele omgang aan die paartjie wonderlike gevoelens en 'n reeks emosies. Kort na orgasme dring die manlike saad die vroulike eiersel binne en bevrugting vind plaas.

Min mense gee werklik aandag aan die omgewing waarin die menslike saad geplant word. Om elke mens is 'n atmosfeer. Elke mens dra sy geskiedenis saam met hom. Die vreugdes, seëninge, tragedies en traumas van elke persoon word elektro-chemies gestoor in die brein, die senuweestelsel, organe, spiere en bene.

Studies openbaar dat sommige hartoorplantingpasiënte na die operasie 'n beduidende karakterverandering kan ondergaan. Hulle kan die persoonlikheid, voorliefdes en afkeure en selfs vermoëns en vaardighede kry van die persoon wie se hart hulle ontvang het.[13] Die Bybel sinspeel op hierdie beginsel wanneer dit praat van die sondigheid van die mens.

> *Die sonde van Juda is geskrywe met 'n ystergriffel,* ***met 'n diamantpunt; dit is gegrif op die tafel van hulle hart*** *en op die horings van julle altare. — Jeremia 17:1*

Almal ken die gevoel wanneer jy in 'n vertrek instap waar die atmosfeer gelaai is met spanning; dit kan tasbaar aangevoel word. Soos ons soms sê, "Jy kan die atmosfeer sny met 'n mes." Dit is omdat menslike emosies vibrasies in die atmosfeer bring.[14]

Die versamelde geskiedenis van ons lewens en die frekwensie van die vibrasies van beide die man en die vrou gedurende bevrugting word die emosionele en geestelike saadbed waarin die kindersiel geplant word.

Die oomblik van bevrugting is so deur God ontwerp dat dit 'n oomblik is wanneer daar wonderlike menslike chemikalieë in die man en vrou gesentreer word op die koms van 'n kind in die wêreld. Die vibrasie frekwensie van die vader se gedagtes word die dominante bepaling van die kind se karakter.

> *Kindskinders is 'n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader 'n eer (karakter). — Spreuke 17:6*

Indien die vader 'n geskiedenis van waardeloosheid dra sal die fokus van daardie wonderlike vrylating van chemikalieë in sy liggaam net op homself wees, nie op die kind of selfs op sy vrou nie. Op daardie oomblik asem hy die ekstase in, in 'n poging om vertroosting te vind vir sy gewonde siel. Eerder as om in daardie wonderlike ondervinding gedagtes te koester van die kind wat voortgebring word, of behae in sy kosbare vrou, asem hy gedagtes in wat eerstens om homself wentel. Andersins, deur die behoefte aan waarde, voel hy

---

[13] https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pubmed/1299456
[14] https://senticcycles.org/clynes/page19.html

waardig as man wanneer hy die ekstase van sy vrou beleef, maar sy gedagte wentel primêr om sy eie behoefte aan vertroosting.

Die gedagtes van die vader in die oomblik van bevrugting en daarna, vul die vertrek en oorspoel die saad in 'n emosionele atmosfeer van selfsug. Dit is dan ook geen wonder dat kinders direk na geboorte selfsugtige optrede openbaar nie, terwyl baie van hulle behoeftes deur 'n gehuilery gekommunikeer word. Wanneer 'n man op die oomblik van bevrugting slegs op soek is na bevrediging dan is dit natuurlik dat die kind, deur die karakter van die vader na te volg, sal eis dat sy behoeftes onmiddellik bevredig word vanaf die oomblik van geboorte. Deur groot te word in die emosionele omgewing waar self die fokus is, sal hierdie vrug die onvermydelike gevolg wees.

Onlangse studies toon dat die meeste vroue nie seksueel bevredig word deur hul maats nie.[15] Dit is voorspelbaar indien die man sy vrou kies as sy primêre bron van troos vir sy eie seksuele of emosionele behoeftes. Vir die vrou is seksualitiet baie meer op verhouding gebaseer.[16] 'n Vrou is meer geïntereseerd daarin om begeer te word en wat haar man van haar dink. Om 'n emosionele verbintenis te deel, hou 'n vrou daarvan dat haar man na haar luister en haar gevoelens deel. Die hoë mate van ontevredenheid onder vroue beklemtoon die hartseer werklikheid dat mans meestal gefokus is op hul eie idees omtrent die seksdaad.

'n Vrou se gevoel van waarde verweer wanneer sy tot die gevolgtrekking kom dat haar man se fokus nie op begeerte na haar is nie, maar op sy eie persoonlike vervulling gedurende die seksdaad. Baie vroue het die begeerte om hulle mans te behaag, maar met verloop van tyd tree die gewaarwording in dat die "verhouding" in werklikheid glad nie oor hulle gegaan het nie. Haar karakter was nie werklik vir hom belangrik nie, net haar vermoë om sy fantasieë te vervul en om sy vrees te verminder – sy is 'n steunpilaar in sy self-gesentreerde werklikheid. Dit berokken 'n hele reeks emosionele skade aan haar persoonlike betekenis en waarde.

---

[15] www.healthywomen.org/content/article/new-survey-most-women-are-not-satisfied-their-sex-lives

[16] www.psychologytoday.com/au/blog/married-and-still-doing-it/201708/what-sex-really-means-women

Dit word deel van haar nalatenskap aan die kind. Haar persoonlike emosionele vibrasie van waardeloosheid gedurende bevrugting het 'n sekondêre impak op die ontwikkeling van die kind.

'n Seun wat in hierdie emosionele omgewing gebore word sal waarskynlik 'n lae selfbeeld hê, gekombineerd met 'n hoë seksdrang en sal daarom vir hom 'n vrou soek om hom te troos. 'n Dogter wat in hierdie omgewing gebore word sal groter behoefte hê om haarself vir mans aantreklik te maak in 'n poging om te vergoed vir haar lae waarde en betekenis. Sy sal geneig wees om haar in te stel op seksueel selfsugtige mans, want dit was die atmosfeer waarbinne haar bevrugting plaasgevind het. Hierdie geneigdheid sal toeneem wanneer haar vader gereeld fantaseer oor seks en indien hy na pornografie kyk. Die atmosfeer van sy gemoed sal sy dogter steeds beïnvloed wanneer sy opgroei tot 'n jong dame.

Wat is sommige van die resultate wanneer die sekuele ondervinding tussen mans en vroue so bestuur word? Op groot skaal vind ons:

- 40 – 50 miljoen aborsies per jaar.[17]
- Van die 20.9 miljoen mense wat as slawe verkoop word, word meer as 5 miljoen as seksslawe verkoop. Hierdie syfers is egter baie konservatief. Die werklike syfers is baie hoër.[18]
- Op die huidige oomblik is daar omtrent 42 miljoen prostitute. Tagtig persent hiervan is vroue en negentig persent van hulle word beheer deur 'n koppelaar.[19]
- Verslae dui aan dat Sjina die hoogste aantal prostitute het waarvan ons weet, met 5 miljoen, gevolg deur Indië wat 3 miljoen het, en daarna die VSA met 1 miljoen. [20]

[17] https://www.worldometers.info/abortions/
[18] https://en.wikipedia.org/wiki/Sex_trafficking
[19] https://prostitution.procon.org/view.answers.php?questionID=000095
[20] Ibid

Met betrekking tot internet pornografiese aktiwiteite:

Elke sekonde sal:

- 28 258 gebruikers pornografie op die internet kyk.
- $3 075,64 spandeer word op pronografie op die internet.
- 372 mense die woord "volwasse" intik op 'n soek-engin.

Elke dag word:

- 13,128 videos opgelaai na pornhub.com, wat net een pornografie webbladsy is.[21]
- 2.5 biljoen eposse gestuur of ontvang wat pornografie bevat.
- 68 miljoen soeke gedoen word wat verwant aan pornografie is – 25% van die totale aantal soeke wat gedoen word.
- 116,000 soeke verwant aan kinderpornografie gedoen.[22]

Die wêreld is in 'n doodspiraal. Die gevolg van pornografie is dat die volgende geslag besig om alle gevoel van hoe om 'n vrou te hanteer, te verloor.[23] Volgens Romeine 1 is die gevolg die dood. Dit is duidelik dat die menslike ras die gawe van seks op die mees verskriklike manier misbruik. Die ontploffing van die internet het die dierlike natuur van die mens ontlok en die lyding van miljoene van God se kinders kan nie beskryf word nie.

Ek het onlangs na 'n deel van 'n dokumentêre video oor kinders gekyk wat vir seks verkoop word. Ek het geluister hoe een dogter vertel het van haar verskriklike ondervindings. Ek het gehuil terwyl ek luister. Ek het in daardie hartseer ogies gekyk en die gesig van Jesus gesien wat saam met haar ly. Met Jesus as my Trooster moes ek wegloop net om my gedagtes weer bymekaar te trek. Sy was een van omtrent 9 of 10 miljoen jong dames wat verkoop word. Ek het die Here gevra wat ek moet doen met sulke aaklige boosheid. Dit het vir

---

[21] https://www.pornhub.com/insights/2018-year-in-review
[22] www.webroot.com/au/en/resources/tips-articles/internet-pornography-by-the-numbers
[23] https://fightthenewdrug.org/sex-before-kissing-15-year-old-girls-dealing-with-boys/

my gevoel asof ek alleen op 'n strand staan met 'n 10 myl hoë tsunami wat na my aankom.

Soos ons in 'n latere hoofstuk sal sien is ons op geleende tyd, want die vibrerende effek van hierdie demonies-geïnspireerde selfsug het 'n effek op die omgewing en die aarde. Die meeste mense weet instinktief dat ons beperkte tyd oor het, maar die meeste soek op die verkeerde plek na die oorsaak.

Die wêreld is verslaaf aan seks en dit maak nie die wêreld 'n beter plek nie. Die woorde van Moses in Levítikus teen seksuele oormaat staan as 'n jammerlike waarskuwing teen die mensdom. Die vlakke van skuld en agteruitgang in ondenkbaar.

Die westerse kultuur het gedurende die 1960's en 1970's 'n seksrevolusie ondergaan en daardie doodspiraal spreek vandag tot ons. Volgens navorsing van die sosiale antropoloog J.D.Urwin, wie die boek *Sex and Culture* geskryf het, is ons besig om ons kultuur se ondergang te nader.

Gedurende die 1930's het Urwin die data van 86 gemeenskappe en beskawings ondersoek om te sien of daar 'n verband is tussen seksuele vryheid en die vooruitgang van kulture. Urwin beskryf vier "groot patrone van menslike kulture" en grade van vooruitgang wat gemeet is in terme van argitektuur, kuns, ingenieurswese, landbou en so aan. Die primêre kriteria vir klassifikasie was hoe elke kultuur die natuurlike wêreld en die kragte daarin hanteer. Die kulture wat hy bestudeer het is geklassifiseer in een van hierdie vier patrone:

- zoisties: Die mense in hierdie kultuur is heeltemal selfgesentreerd en leef op 'n dag-tot-dag-basis wat behoeftes en benodighede betref met geen behae om die natuur te verstaan nie. Hierdie kulture is beskryf as "dood" of onaktief.
- monisties: die mense in hierdie kultuur het bygelowige oortuigings en/of spesiale behandeling van die dode waarmee hulle die natuurlike wêreld hanteer
- deïsties: Die mense van hierdie tipe kultuur skryf die kragte van die natuur toe aan 'n god of gode

- **rasionalisties**: Mense in die rasionalistiese kultuur maak van rasionale denke gebruik om die natuur te verklaar en dag-tot-dag besluite te neem.

Grade van seksuele selfbeheersing is verdeel in twee groot kategorieë – voorhuwelik en nahuwelik. Voorhuwelikse kategorieë was:

- **Volkome seksuele vryheid** – geen voorhuwelikse beheersing nie.
- **Ongereguleerde of geleentheidsbeheer** – kulturele regulasies vereis ‘n geleentheidsperiode van onthouding
- **Streng kuisheid** – behou maagdelikheid tot die huwelik

Hier is ‘n paar van Urwin se mees beduidende bevindings:

**Effek van seksuele kuisheid:** Toename in seksuele kuisheid, voor- of nahuwelik, lei altyd tot ‘n toename in opgang van ‘n kultuur. Daarteenoor, ‘n toename in seksuele vryheid lei altyd drie geslagte later tot die verval van die kultuur.

**Die mees invloedryke faktor:** Verbasend genoeg wys die data dat die mees belangrike korrelasie met die opgang van ‘n kultuur was of die kultuur voorhuwelikse kuisheid voorgestaan het of nie. Dit het ‘n beduidende effek, na beide kante.

**Grootste florerende kultuur:** Die mees kragtige kombinasie was voorhuwelikse kuisheid gekoppel met “absolute monogamie.” Rasionele kulture wat hierdie kulture behou het vir ten minste drie geslagte, het alle ander kulture in elke area uitgestof; dit het literatuur, kuns, wetenskap, meublement, argitektuur, ingenieurswese en landbou ingesluit. Slegs drie van die 86 kulture wat bestudeer is het ooit hierdie vlak bereik.

**Effek van die afskaffing van voorhuwelikse kuisheid:** Wanneer streng voorhuwelikse kuisheid nie meer die norm is nie verdwyn ook absolute monogamie, deïsme en rasionale denke binne drie geslagte.

**Totale seksuele vryheid:** Wanneer totale seksuele vryheid omarm is deur ‘n kultuur het daardie kultuur binne drie generasies verval na die laagste toestand van vooruitgang – wat Urwin as onaktief beskryf, op ‘n “dooie vlak van bevrugting” en word gekarakteriseer deur mense wat belangstel in amper niks

meer as net hul eie behoeftes nie. Op hierdie vlak word die kultuur gewoonlik oorheers of is oorgeneem deur 'n ander kultuur met meer sosiale energie.

Tydsverloop: Wanneer daar 'n verandering in seksuele beperkings is, óf 'n toename óf 'n afname in beperkings, word die volle impak van die verandering eers na drie geslagte 'n werklikheid.[24]

Dit is ongelooflik dat Urwin se bevindinge met die woorde van die Skrif ooreenkom, wat ons vertel dat God toelaat dat die ongeregtighede van een geslag oorgedra word aan die volgende, tot in die derde en die vierde geslag. (Eksodus 20:4-5). Urwin word nie voorgestel as 'n godsdienstige mens nie, hy het 'n rasionalistiese perspektief gestel. Sy werke vertel ons dat, indien 'n kultuur seksuele kuisheid agtergelaat het, dit net drie geslagte neem om daardie kultuur te vernietig.

Dit is duidelik dat, wanneer mans en vroue die meerderheid van hul energie na seks verskuif, fokus die mens sy kapasiteit op persoonlike behoeftes. Indien Urwin korrek is beweeg ons nou na die finale geslag voor die totale verval van die Westerse kultuur en uiteindelik na alle gemeenskappe wat deur internet pornografie geïnfiltreer is.

[24] Jy kan 'n PDF kopie van J.D. Uriwn se boek Sex and Culture hier aflaai. https://archive.org/details/b20442580/page/n7

Hoofstuk 7

# Begeerlikheid van die oë, Begeerlikheid van die Vlees

> *Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat* ***elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het****.*
> *— Matthéus 5:17-28*

> *Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.*
> *— 1 Johannes 2:15-16*

Die feit dat Christus met mans praat oor hoe hulle na 'n vrou kyk en dit dan in verband bring met egbreuk, dui 'n kritiese deel van mans se probleem aan. Soos reeds vroeër bespreek het Adam die verkeerde besluit geneem om die vrou as sy primêre trooster aan te neem. Die boek Romeine leer ons dat dit die eer van God verander in 'n leuen; dit bring seksuele oneer tussen mans en vroue.

Baie mense is bekend met die eksperiment van Pavlov se honde:

> *Gedurende sy ondersoek op die fisiologie van spysvertering by honde het Pavlov 'n prosedure ontwikkel om hom in staat te stel om die spysverteringsproses van diere oor lang tye te studeer. Hy het die diere se spysverteringsvloeistowwe buite die liggaam herlei,*

*waar dit gemeet kon word. Pavlov het opgelet dat die honde begin kwyl wanneer hulle in die teenwoordigheid kom van die tegnikus wat hulle normaalweg voed, eerder as om net te kwyl in die teenwoordigheid van kos. Pavlov noem hierdie speeksel-in-afwagting van die honde 'psigiese afskeiding.' Hy het hierdie informele waarnemings in 'n eksperiment omvorm en het 'n prikkel, soos die klank van 'n metronoom, gebruik en daarna die honde kos gegee. Na 'n paar herhalings het die hond gekwyl in reaksie op die prikkel.*[25]

As 'n man seksueel ervare raak neem sy aptyt vir seks toe, veral as die vrou van sy keuse aan hom die troos waarna hy soek verskaf. Die afwagting van die gebeurtenis word bepaal deur prikkeling. Die kenmerkende eienskappe van 'n vrou se liggaam het elkeen die potensiaal om 'n prikkel te verskaf. Wanneer 'n vrou stywe klere dra, beklemtoom dit haar vroulike figuur en dit kan, op reaksie van wat hy sien, aangename chemikalieë in die man se gemoed bring en sy verbeelding aangryp.

Van nature is mans hoogs visueel en wanneer 'n man nie sy gedagtes bewaak nie en hy het 'n sterk aptyt dan sal hy kies om erotiese beelde in sy gedates toe te laat, of Satan en sy engele sal ywerig hierdie beelde in sy gedagte bring indien daar 'n breuk in sy beskermende wapenrusting is.

In baie gevalle het Satan die huidige kultuur gelei tot 'n plek waar vroulike drag 'n direkte aanval op 'n man se oë is. Sommige vroue is naïef genoeg om te glo dat wanneer 'n man 'n Christen word en sy hart aan die Here behoort sal hierdie wellus verdwyn. Is dit moontlik dat sommige vroue tevergeefs hoop dat hulle veilig is om suggestiewe klere kerk toe te dra, omdat Christen mans hierdie probleem oorkom het of dit nie het nie?

Die Bybel gee duidelike raad op hierdie vraag:

*Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê* ***, ingetoë te***

---

[25] https://en.wikipedia.org/wiki/Classical_conditioning#Pavlov's_research

> ***wees, kuis****, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie. — Titus 2:3-5*

Om kuis te wees is om sedig en rein te wees, sonder om aandag te probeer trek deur suggestiewe klere. Dit is waar dinge moeilik word. Vroue hou van aandag. Tipies vind hulle dit vleiend om die aandag van mans te trek in wie hulle geïntereseerd is. 'n Vrou wat minderwaardig voel sal makliker versoek word deur Satan om die standaard van haar kleredrag te verlaag.

Wanneer 'n pragtige vrou in 'n vertrek instap is sy bewus van die effek wat sy het op die mans in daardie vertrek. In haar begeerte tot waardering sal sy baie maal uitkyk vir die goedkeurende blik. Sy wonder, het hy my opgelet? Onbewaakte mans word soos motte na 'n lig aangetrek wanneer hulle 'n mooi vrou sien. Daar is 'n oerinstink van vertroosting en 'n begeerte om te besit wanneer hulle na 'n fisies aantreklike vrou kyk. 'n Man se oë word tipies oombliklik vasgevang en die begeerlikheid van die oë lei sy gedagtes deur 'n reeks beelde wat hom verneder indien hy dit nie keer en sy Verlosser vra om hom te help nie.

In my praatjies met mans oor die jare voel baie mans 'n diep gevoel van skande; hulle weet dat hulle hierdie gedagtes nie moet bedink nie en word geteister deur skuldgevoelens. Sommige het aan my erken dat hulle partykeer geen hoop op redding voel nie, want hulle vind dit amper onmoontlik om die vloei van hul gedagtes te beheer wanneer hulle 'n aantreklike vrou sien. In al die jare van my bediening het ek gesien dat dit die grootste stryd is wat mans in die gesig staar. Daar word gewoonlik 'n kombers van stilte daaroor getrek, want indien hulle daaroor praat is dit 'n uitnodiging tot skande en skaamte en vrees dat daar op hulle neergesien sal word, of dat ander hulle sal verwerp.

In hierdie stilte dink sommige mans dat hulle meer goddeloos as ander mans is en Satan oortuig hulle dat dit waar is en hulle verloor alle hoop. Dit is hartseer dat wanneer 'n vrou 'n begeerte het om aandag te trek en hulle trek kort rokkies aan en wys dele van hul borste deur lae halslyne, speel hulle onwetend saam om mans te beïnvloed dat hulle oortuig word dat hulle sal verlore gaan.

Op hierdie stadium is daar 'n groeiende neiging onder vroue om klere te dra wat soos 'n tweede vel sit wanneer hulle in die publiek verskyn, of om hul bras se bandjies op oop skouers te vertoon. Ongeheiligde mans hou baie van sulke

tipe kleredrag, maar mans wat getrou wil bly moet bid en hul gedagtes op Christus en die Woord fokus.

Wanneer ‘n man deur ‘n moeilike tyd gaan, bestaan die moontlikheid dat sy gedagtes hom mag oorheers en dan sal hy ‘n weg soek om seksuele spanning te verlig wat opbou wanneer hy geprikkel word deur sulke dinge. Vroue sal dalk nooit weet watter trefkrag dit het en wat die finale uitkoms is nie. Hy mag dalk die stryd in homself gewonne gee, sy verbintenis met God verloor en ‘n verlaagde manier vind om verligting te vind vir sy gevoelens. Satan sal dan probeer om hom te versoek en te veroordeel en hom vertel dat dit geen nut dien om steeds ‘n Christen te probeer wees nie.

Dit is nooit reg dat ‘n man ‘n vrou blameer vir sy gevalle toestand nie. Deur Christus sy vernaamste Trooster te maak is dit sy plig om in gebed na God te gaan en te pleit om elke dag te kan lewe deur genade sodat hy die druk van die natuurlike mens nie so sterk aanvoel nie. Paulus sê:

> *Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. — Romeine 6:12*

Ons woon vandag in gemeenskappe waar dit byna onmoontlik is om nie vroue raak te sien wat uitlokkend aantrek nie.

Elke dag vra ek my Verlosser vir genade om rein van hart te wees. Ek wil my huweliksbelofte eer en slegs Jesus kan dit in my onderhou. Die versoekings is groter vir die wat in groot stede woon. Om net deur ‘n groot inkopiesentrum of afdelingswinkel te stap kan ‘n groot toets wees vir mans in hul stille stryd om getrou te bly.

Die boodskap dat ons hemelse Vader ons nie veroordeel nie, het al baie van ons mans gehelp om beskerming te vind teen die aanslae van Satan met die beelde wat hy oproep uit die verlede, waarmee hy probeer om ons te oortuig dat ons misluk. ‘n Man se veroordeling van homself veroorsaak in hom ‘n kringloop van herhalende oortredings in sy gedagtes. Wanneer ‘n man uiteindelik besef dat hy vergewe is vir die soeke na vertroosting op die verkeerde plekke in sy gedagtes, het hy baie groter mag om teisterende gedagtes te verwerp.

Aan die manne wat heeltemal oorweldig voel, onthou dat Jesus ons elke dag Sy gesindheid deur Sy Gees aanbied.

> *Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig?* ***Maar ons het die sin van Christus****.*
> *— 1 Korinthiérs 2:16 – AOV*

> *"Wie kan verstaan wat die Here dink?" Ons kan hierdie dinge egter verstaan, want* ***ons is ingestel om soos Christus te dink.***
> *— 1 Korinthiérs 2:16 – NLV.*

Eis elke dag die gesindheid van Christus, wetend dat Christus jou nie veroordeel vir jou swakheid nie. Die gesindheid van Christus is rein. Die gesindheid van Christus in hulle veroorsaak dat hulle die dames rondom hulle sien as hul susters en so onrein gedagtes verdryf.

Daar is verskeie dinge wat jy kan doen om jou gedagtes te help in hierdie stryd teen die begeerlikheid van die oë en die begeerlikheid van die vlees. Memoriseer skrif, haal dit aan en eis dit op. Moenie net daar staan en kwyl soos Pavlov se honde deur jou gedagtes toe te laat om weg te hardloop nie. Eis die Woord van God op en glo dit. Hier is 'n paar van my gunstelinge:

> *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*
> *— Filipense 4:13*

> *En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus. — Filipense 4:19*

> *Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. — 1 Korinthiërs 10:13*

> *Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig.*
> *— Judas 1:24*

> *Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele.*
> *— Matthéüs 11:29*

Neem die woorde van die Bybel ter harte. Die woorde hierbo is gees en lewe. Hulle kan die fokus van jou gedagtes verander en jou oorwinning gee.

Daar is 'n paar dinge wat mans toelaat wat hul lewens onnodig bemoeilik. Wanneer jy op die radio luister na musiek met lirieke wat seksueel suggestief is nooi jy demone uit om jou te versoek en jou gemoed met immorele gedagtes te vul. Enige wêreldse musiek wat spreek van seksuele liefde tussen 'n man en 'n vrou bevat die potensiaal om Satan uit te nooi om jou te versoek met wellustige gedagtes.

Enige Christen-man wat films kyk van enige aard, wat uit die wêreld kom, sal 'n skending in sy gedagtes bring. Hierdie films is spesifiek ontwerp om die geestelike deure van jou liggaamstempel oop te maak, om Satan in te laat en jou te versoek. Vermy die versoeking om op Youtube of Facebook op videos te klik wat moontlik karig geklede vroue mag bevat.

Wees versigtig om nuus te kyk. Baie vroulike uitsaaiers trek uitdagend aan. Baie nuusberigte lok die kykers deur die suggestiewe beelde wat dit bevat. Dit kan probleme vir 'n man veroorsaak.

Probeer versigtig wees in sosiale situasies vir onnodige aanraking. Probeer verhoed om 'n vrou 'n drukkie te gee. Dit is 'n intieme posisie en hoort slegs tot die familie. Vir alledaagse vriende kan 'n sywaartse drukkie gegee word of jy kan oorleun om bors- of heupkontak te vermy. Vir party mense is hierdie raad onnodig, maar vir baie is dit nie die geval nie. Dit is my waarneming dat ouer vroue gewoonlik wyser handel omtrent hierdie dinge. Jonger vroue is partymaal naïef en is nie bewus van die impak van hulle optrede nie. Die Bybel sê dat ouer vroue, wat reeds jare se ondervinding het, die jonger vroue moet oplei oor hoe om met mans om te gaan. Dit is goeie raad. Die jonger vrou, wat 'n goeie vader gehad het, sal totaal onbewus wees van die verdorwenheid van die man se natuur. Ek sê aan jonger vroue om te luister na die raad van jou vader en probeer om dit ernstig op te neem.

Die Bybel sê dat ons in 'n sondige wêreld leef en dat ons beïnvloed word deur die "begeerlikheid van die vlees." Ek het opgelet dat, indien ons ongesond is en ons liggaam en gemoed onder spanning verkeer, word hierdie versoekings erger. Deur nie genoeg te slaap nie en verkeerde dieet te volg, deur onvoldoende son of water, deur te luister na oorverdowende musiek, rook en

die inneem van alkohol of koffie, onvoldoende liggaamsoefening, ens. dra alles by tot spanning op die vlees en ons liggame sal ons die seine stuur dat dit verligting nodig het, dat dit rus en vertroosting benodig. Dit sal ons daartoe dryf om vertroosting te soek op maniere waarop ons voorheen gewoond was, wat, as gevolg van ons menslike natuur, nie in Christus is nie.

Die vroue in ons gemeenskap moet veilig wees wanneer hulle onder ons beweeg. Indien die gedagtes van 'n man sensueel is, sypel dit uit in die atmosfeer. Indien 'n gemeenskap van mans almal op hierdie manier funksioneer, asem die dames in die gemeenskap hierdie gedagtegange in. Wonder ons nog hoekom hulle versoek word om onvanpas aan te trek? Wanneer hulle deur die gemeenskap beweeg word hulle gebombardeer met 'n onheilige atmosfeer. Vroue wat nie behoorlik geanker is in Christus nie sal tot 'n groot mate die gedagtes van die mans weerspieël. Indien 'n vrou die saad van die man ontvang en dit versterk tot 'n lewende sigbare kind, net so sal 'n onbewaakte vrou die saad van die mans om haar se gedagtes ontvang en dit versterk in haar keuse van kleredrag en woorde. Dit is deel van die beginsel van die goddelike patroon. Vir meer inligting omtrent die Goddelike Patroon, raadpleeg die boekie Goddelike *Patroon van die Lewe*.[26] Dit is sekerlik waar dat ons in ons dag 'n probleem het met vroue se kleredrag, maar die bron van hierdie probleem kom grootliks van die man en nie van die vrou nie. Dit is die verantwoordelikheid van hoofskap.

> *Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dít is die dinge wat die mens onrein maak. — Markus 7:15*

'n Man wat in die boesem van Christus rus kan nie besoedel word deur die vroue om hom wat onvanpas aantrek nie. Dit is die gedagtes wat by homself ontspring wat hom besmet. Dit is waar dat alle mans van nature 'n stryd met seksuele gedagtes voer en dat vroue dit in ag moet neem, maar die bron van die probleem is binne-in die man en nie in die vrou nie. Sy is baie keer besig om onwetend die opgelegde atmosfeer rondom haar te weerspieël.

Aan die mans sê ek: Bo alles moet jy glo dat die Vader Sy wet op jou hart skrywe. Vertrou dat die Vader die werk, wat Hy in jou begin het, sal voltooi.

[26] Beskikbaar op fatheroflove.info

Maak Christus jou Trooster, glo dat Hy jou liefhet en jy sal die oorwinning behaal. Jy is Sy geliefde seun en Hy plaas waarde in jou. Dit sal jou altyd help.

Dames, wanneer jy vir die dag aantrek, bid oor wat jy moet aantrek. Vra ons Verlosser vir leiding. Dit word moeiliker en moeiliker om kuis en sedige klere in winkels te vind, want dit word meer en meer suggestief. Eis die belofte op dat God in al jou behoeftes sal voorsien. Dink aan al die aandag wat jou Vader en Verlosser aan jou gee en vertrou dat jy Sy geliefde dogter is. Kies eerbare en smaakvolle klere om Sy eer te weerspieël.

Weerstaan voorbarigheid en koketterigheid. Die Bybel moedig vroue aan om 'n nederige en stille gees te hê.

> *Maar die verborge mens van die hart in die onverganklike* ***versiering van 'n sagmoedige en stille gees****, wat baie kosbaar is voor God. — 1 Petrus 3:4*

Satan sal jou versoek om romantiese films te kyk of romantiese stories te lees wanneer jy onvervuld voel. Laat Jesus jou Trooster wees. Dink aan Sy liefde vir jou wat Hy van die Vader in die hemel openbaar het.

Dink aan jou broers wie se oë maklik verlei word en wie se gedagtes maklik versoek word. Wanneer jy aandag trek met uitdagende klere, behoort dit jou te waarsku dat jy eintlik 'n lae selfbeed het waarvoor jy probeer vergoed. Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en vertrou ons Vader dat Hy in al jou emosionele behoeftes sal voorsien.

Hoofstuk 8

# Die Werke van die Vlees

Die Bybel is reguit omtrent die probleme van die mens:

> *Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein. — Markus 7:21-23*

> *En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. — Galásiërs 5:19-21*

> *Hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig... — Romeine 1:29-31*

Ons sien boaan hierdie lyste is owerspel en hoerery. Dit is alles deel van die man se besluit om die vrou die primêre trooster in sy lewe te maak. Dit is

belangrik om daarop te let dat, op die eerste lys in Markus 7:21-23, plaas Jesus moord reg na egbreuk en hoerery. Waarom is dit so?

Wanneer mans gefokus is op hul eie plesier eerder as om seën te gee aan hul vroue om hul sekuriteit te verseker en op wêreldse doelwitte eerder as om toekomstige vreugde te verskaf deur kinders in die wêreld te bring, sodat hulle die vreugde kan smaak van die verhouding tussen man en vrou, dan is hul gedagtes onvrugbaar en leeg. Oordadige seksualiteit bring 'n man waar hy aanhoudend kinders vermy. 'n Kind vereis tyd, moeite en sorg.

Vir baie mans is 'n kind 'n ongewenste ergernis in sy soeke na plesier. Wanneer 'n swangerskap gebeur word hy versoek om te wens dat die kind nie bestaan nie en dit is een van die hoofredes waarom daar 40-50 miljoen aborsies elke jaar is. Owerspel en hoerery kan baie keer lei tot moord op onskuldige kinders. Dit is die rede hoekom moord so hoog is op die lys van booshede wat uit die hart van die mens kom wat Jesus lys, net na owerspel en hoerery. So 'n gevoellose minagting vir lewe lei tot minagting van verhoudings rondom 'n persoon wat dit makliker maak om te steel, te moor en hulle te vernietig wat hom nie bevredig nie.

Satan verander 'n man deur sy primêre begeerte tot vertroosting by 'n vrou. Hy word meer en meer versoek om te dink aan sy eie behoeftes, net soos 'n baba doen aan sy moeder. 'n Baba is gelukkig en tevrede solank sy behoeftes bevredig is. Sodra die behoeftes nie bevredig is nie is daar trane en vloermoere.

Mans wat nie emosioneel gespeen is van die bors tree op presies dieselfde manier op. Hulle is tevrede as hulle behoeftes bevredig is. Hulle word krapperig, kwaad en manipulerend wanneer daardie behoeftes nie bevredig is nie. Hulle gedagtes verskuif van 'n geestelike verhouding tussen twee mense na 'n fisiese een; sy gedagtes is gefokus op haar liggaam; sy gedagtes word deur die vlees beheer en daarom aanbid hy 'n god van vlees. Jy kan nie 'n verhouding hê met vlees nie. Hierdie toenemende neiging tot 'n hartelose, onmenslike gedagtegang is deel van die opkoms van robotte wat 'n mens se vleeslike begeertes kan bevredig.[27] Hierdie robotte is 'n uiting van die atmosfeer wat Satan voortbring in baie mans se gedagtes. Mans soek nie meer intieme

[27] www.events.unsw.edu.au/event/the-rise-sex-robots

verhoudings nie; hulle wil doodeenvoudig hul seksbehoeftes vervul. Hulle is soos klein seuntjies in mans se liggame. "Seksrobotte" openbaar die verdierlikte aard van die natuurlike neiging tot hoerery en egbreuk.

Ons het gekom by die plek waar daar, soos in die tyd van Noag, elke mens se gedagtes aanhoudend net boos is. Hoe hartseer is dit vir die beskermengele van die mens om dit te aanskou en Christus wat die huidige toestand van verdorwenheid binne die menslike ras moet dra. Daar is hoop. God se genade is genoeg vir dié wat dit begeer en wat die beloftes van God se Woord opeis. Ons sal binnekort dit ondersoek, maar ons moet eers die kringloop van veroordeling ondersoek.

Hoofstuk 9

# Die Kringloop van Veroordeling

Satan het 'n proses ontwikkel om mans en vroue in slawerny te bring deur gedagtes aan hoerery, owerspel en misbruik. Hoe vroeër 'n seun of dogter aan seksuele beelde blootgestel word, hoe makliker is dit vir Satan om daardie kind te bind met gevoelens van skuld, skaamte, skande en veroordeling.

Toe ek omtrent sewe jaar oud in graad twee aan 'n Adventiste primêre skool was, is ek uitgelok om saam met 'n paar seuns af te gaan na die rivier toe, onder 'n brug. Daar was 'n jong dogter van dieselfde ouderdom, gedeeltelik ontklee, en sommige van die seuns het hulself ontbloot en seksuele dade met haar nagemaak. Die ander seuns het my onder druk geplaas om met hul boosheid mee te doen.

Die gevoel van groepsdruk onder kinders kan oorweldigend wees. Ek wou nie swak en onmanlik beskou word nie. Ek het 'n verskriklike gevoel van vrees en skaamte oor my voel kom. Ek het ingegee aan die druk van my sogenaamde vriende. Ek het geen idee gehad waaroor dit gegaan het nie. Ek het geen begrip gehad van wat dit beteken nie. Daar was geen beduidende kontak nie, maar die ontbloting van myself in daardie situasie het 'n verskriklike gevoel van skaamte gebring. Die gelag van die ander seuns oor my onkunde het diep seergemaak. Ek het weggehardloop van die gebeure met 'n verskriklike gevoel van skuld, hartseer en veroordeling.

Dit is presies wat Satan probeer doen. Hy lok siele in sy strikke en bind hulle met skuld en veroordeling. Hy probeer om hulle identiteit te herdefinieer in een wat bestem is om seksueel afwykend te wees.

Ek is diep dankbaar vir my Verlosser. Hy het my na Hom getrek om my te troos. Ek het by my bed gekniel en gebid en gehuil oor my skuldgevoel. Ek het God gevra om my te vergewe en my te help om 'n goeie seun te wees. Ek weet die Here het my die vertroosting gebied waarvoor ek gevra het, maar dit het 'n litteken op my siel gelaat wat Satan sou probeer om druk op te plaas en te heropen en dan my te vertel dat dit geen doel dien om sy seksuele versoekings te weerstaan nie.

Nog 'n traumatiese ondervinding wat ek gedurende dieselfde tydperk op ouderdom sewe gehad het was met 'n buurman van ons. Hy was 'n goeie man wat op sy eie gewoon het en ek was in sy huis. Hy het ewe skielik verdwyn uit die hoofvertrek en toe hy teruggekeer en in die deur verskyn was hy heeltemal naak. Ek was onmiddellik doodbang en 'n oorweldigende gevoel dat ek moet weghardloop het oor my gekom. Ek is baie dankbaar vir die Here dat hy my gered het van wat 'n verskriklike gebeurtenis kon gewees het, want Satan sou my in 'n groter mate kon versoek deur 'n diepe gevoel van skuld en skaamte.

My kinderjare ondervindings is baie matig in vergelyking met ander kinders se ondervinding. Ek is baie dankbaar dat ek nooit blootgestel is aan pornografie gedurende my kinderjare nie. Behalwe hierdie twee gebeurtenisse wat ek genoem het, het ek gelukkige kinderjare gehad. Ander het met my sommige van hul ondervindings gedeel. My hart huil vir hulle omdat hulle blootgestel is aan sulke boosheid op so 'n jong ouderdom. Dit plaas die kind se gemoed op 'n duister weg en Satan gebruik hierdie herinneringe om hulle aanhoudend te teister en die siel te verslaaf.

Satan is altyd aan die werk om siele in die hel in te trek. Gedurende my vroeë tienerjare het ek saam met 'n vriend op 'n pornografiese tydskrif in die woud afgekom. Sommige van die prente wat ek 40 jaar gelede gesien het kan binne sekondes herroep word. Dit is asof ek dit gister gesien het. Daar was 'n eienaardige gevoel van fasinering gemeng met vrees. Ek het oortuig gevoel dat ek dit daar moet laat en daarvan probeer vergeet. My Christelike opvoeding het my geleer dat hierdie dinge verkeerd is. Dit was die begin van die stryd om

hierdie dinge te weerstaan. Ek glo ek is in 'n beter posisie as ander omdat my blootstelling aan hierdie dinge baie beperk was totdat my tienerjare aangebreek het.

Na my bootstelling aan daardie tydskrif het Satan my bewus gemaak van die glanstydskrifte in die Nuusagentskap se winkel. Dit was altyd naby die voorkant op ooghoogte waar mense dit kon sien. Op 15-jarige ouderdom is ek uitgelok deur hierdie prente. Die suigeling se gevoel van vertroosting en rus aan 'n vrou se bors word gedurende die tienerjare verander in 'n gevoel van vertroosting en plesier wanneer die vroulike liggaam waargeneem word. So wonderlik ontwerp en geskape, werk die vorm van die vroulike liggaam soos 'n kragtige magneet op die manlike tiener se brein.

Die tiener wat min voorbereiding gehad het uit die Skrif om hierdie dinge te vermy sal min vermoë hê om weerstand te bied in sy nuuskierigheid om na die vroulike liggaam te staar. Dit gee Satan die kans om sy gemoed te vul met verlagende gedagtes wat hom kan "troos." Dit gebeur alles gewoonlik in 'n omgewing waar hy skool bywoon en voel dat hy onder groepsdruk is om deur ander aanvaar te word. Om gespot en geminag te word, of om 'n laer presteerder te wees op skool, lei hom instinktief om vertroosting en sekuriteit te soek. Sy drange van babajare word verander en met die uitspruit van puberteit word 'n nuwe laag van seksualiteit gevoeg by die element van vertroosting. Op hierdie manier word die seun nooit gespeen van die bors nie. Hy is steeds baie daartoe aangetrokke en verslaaf om daardeur vertroosting te vind. Om onbeheers te wees in hierdie slawerny beteken 'n verlies aan redeneringsvermoë en beheersheid. ("When you take the 'R' out of breast you end up with a beast.")

Om behoorlik emosioneel gespeen te wees beteken dat die seun volwassenheid bereik met 'n gewaarwording van leierskap en verantwoordelikheid om te sorg vir en te voorsien aan sy vrou en kinders. Om op hierdie manier gespeen te word is om vertroosting en sekuriteit te vind in God en om hierdie vertroosting te deel met sy vrou en kinders. In hierdie konteks word die vrou 'n kanaal vir die bron van vertroosting wat God voorsien. Sy versterk hierdie gees van vertroosting en op hierdie manier word sy die helper en trooster waarvoor sy geskape is.

Satan was goed voorbereid om my gemoed te probeer verslaaf deur die ondervindings van my kinderjare en my vlugtige blootstelling aan glanstydskrifte het gelei tot 'n liefde vir films. Die films van die 1980's was 'n bietjie meer diskreet en heilsaam as die van vandag, maar om 'n romantiese film te kyk en blootgestel te word aan elemente van denkbeeldige slaapkamertonele het 'n magtige invloed. Satan gebruik dit om soveel as moontlik seksuele beelde in jou gedagtes te plaas waarmee hy jou later kan versoek.

Gedurende hierdie tyd van my lewe het ek omtrent 60 minute vanaf Surfers Paradise gebly. Dit is een van Australië se grootste toeriste-atraksies met goue strande en baie meisies in bikinis. Ek sou baie keer see toe gaan om die uitsig waar te neem. Weereens het Satan allerhande fantasieë in my gedagtes gebring wat die siel verderf en die skuldgevoel vermeerder.

Al hierdie blootstelling bring druk om vervulling te vind. Weereens, deur 'n paar van my mansvriende, is ek blootgestel aan masturbasie. Onlangse navorsing dui aan dat 80% van tieners teen die ouderdom van 18 reeds daarmee geëksperimenteer het. Die syfers vir vroue is, volgens berigte, heelwat laer, rondom 48%.[28] Hierdie neigings lyk egter of dit toeneem. 'n Meer onlangse en wyer studie dui aan dat 92% van mans en 76% van vroue hierdie praktyk beoefen. Die langtermyn gebruik hiervan het 'n negatiewe invloed op verhoudings met maats.[29] Hierdie statistieke is natuurlik gebaseer op 'n wêreldwye bevolking, maar die statistieke binne die kerk is nie veel laer nie.

Vir iemand wat in 'n Christenhuis grootgeword het is daar 'n hoë mate van veroordeling wat met hierdie aktiwiteit gepaard gaan. Dit was rondom hierdie tyd wat ek 'n oorgawe gemaak het aan Christus en binne 'n kort tydjie het ek heeltemal oorwinning behaal oor hierdie praktyk. Baie mense, insluitend Christelike leraars, probeer om dit as 'n normale praktyk te regverdig, maar toe God met Adam en Eva gepraat het, het Hy nie aan hulle opdrag gegee om so veel moontlik plesier uit hulself te verkry nie. Die verstand word opgelei in

---

[28] https://jamanetwork.com/journals/jamapediatrics/fullarticle/1107656

[29] https://www.prnewswire.com/news-releases/worlds-largest-masturbation-survey-uncovers-how-traditional-views-of-masculinity-prevent-men-from-having-fulfilling-sex-lives--relationships-300638644.html

kortstondige plesierkringlope wat die verstand versluier. Dit is 'n afbrekende, sielsvernietigende praktyk wat Satan gebruik om mense te verslaaf sodat hulle glo dat hulle nie sonder hierdie praktyk kan leef nie.

Ek het al berading gegee aan mense wat 'n stryd voer met skuld oor hierdie dinge en dit neem volkome vertroue in die Woord van God om die gevoel van skuld en veroordeling, wat hiermee gepaard gaan, te oorwin. Wanneer jy sukkel hiermee is dit 'n teken van 'n dieper gevoel van waardeloosheid en 'n soeke na vertroosting deur 'n vrylating van natuurlike chemikalieë wat die liggaam en siel net tydelik kan streel. Dit laat jou met die gevoel dat jy nie beheer het oor jou eie verstand en aksies nie en bring 'n oorweldigende gevoel van veroordeling wat die siel oorheers. Keer jou na Christus as jou Trooster en vertrou op die Vader se liefde vir jou. Vertrou op Hom om jou die nodige verhoudings en intimiteit te gee. Vertrou dat God aan al jou behoeftes kan voorsien en Hy sal. Hy het dit vir my gedoen toe ek die beloftes van God se Woord opgeëis het. Ek is uiters dankbaar teenoor my Verlosser dat dit net vir 'n kort tydjie van my lewe gedurende my tienerjare plaasgevind het en toe is ek gered.

Die wêreld wil jou wysmaak dat daar niks mee verkeerd is nie; dat dit heeltemal normaal en natuurlik is – selfs gesond, maar die wat na die Gees van God luister weet dit is onwaar. Dit soek vertroosting op die verkeerde plek en sal nooit die siel versadig nie.

Teen die tyd dat die meeste mense volwassenheid bereik het Satan al 'n hele aantal onaangename herinneringe omtrent seksualiteit aan hulle gegee. Vir die Christen gebruik die vyand herinneringe uit die verlede, wat in die siel ingeskryf is, om seksuele begeertes te verskerp.

> *Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood. — Romeine 7:8*

Dit word 'n eindelose kringloop van veroordeling.

1. Aan die gang gesit deur die aanskoue van 'n vrou.
2. Begin gedagtes van seksuele denke en gevoelens oproep.
3. Voel veroordeel en hopeloos, wat angs en spanning bring.

4. Hierdie spanningsbelaaide toestand van die liggaam vra vir verligting.
5. Dit bring sterker seksuele gedagtes en gevoelens.
6. Pleit by God om hulp, maar die gedagtes hou nie op nie, of stop net vir 'n kort tydjie.
7. Versoeking om die daad te pleeg wat in die gedagtes opkom.
8. Pleit by God vir meer hulp.
9. Uiteindelik gaan die gedagtes weg om net weer van voor af te herhaal tydens die volgende ontmoeting met 'n vrou, 'n prent of 'n video.

Dit is nog erger wanneer dit gebeur dat jy met hierdie gevoelens van veroordeling gaan slaap en jy dan aangeval word in jou drome. Jy droom dat jy 'n seksuele ontmoeting het en wanneer jy wakker word, het jou liggaam gereageer in wat genoem word 'n "nat droom." [30] Wanneer dit met 'n Christenman gebeur word hy baie keer oorweldig deur skuld en depressie. Dit is deel van die meedoënlose stryd wat Satan en sy engele voer teen mans. Baie vroue in die wêreld is goed vertroud hiermee, want hulle mans steek dit nie weg nie en is selfs trots daarop, maar die Christenman voel skaam en sal dit meermale wegsteek.

Party mans het hulle stryd in hierdie area in vertroulike gesprekke met my gedeel. Vir sommige is dit 'n totale verrassing, maar dit is die werklikheid van die wêreld waarin ons leef. Dit is die harde feite van die stryd in 'n man se lewe in hierdie oorlog teen die vleeslike natuur.

Slegs 'n paar mans sal daaroor praat wat beteken dat daar 'n tekort aan raad, advies en getuienis oor hierdie kwessie is. Aan die einde van die dag voel baie heeltemal platgeslaan en niemand weet enigiets daarvan nie. Ek is dankbaar dat dit begin verander deur webwerwe soos *yourbrainonporn.com* en die *nofap.com* beweging, wat al baie gehelp het met wie ek berading gedoen het.

Die werklikheid is dat die atmosfeer in baie kerkgemeenskappe gefabriseer is; daar is gelukkige glimlagte aan die buitekant en groot stryd aan die binnekant. Die gevolg van 'n weiering om die probleem aan te spreek sonder om die

---

[30] Nie alle "nat drome" word veroorsaak deur die seksuele nie; nie alle mans ervaar dit nie.

persoon wat ly te veroordeel, is dat daar baie is wat hulpeloos is om hierdie monster van wellus dood te maak, wat altyd gereed is om jou in die put van die hel te trek.

Wanneer ons as Christene veroordeel voel oor ons sonde sal hierdie gevoel van skuld 'n angs daarvoor skep en koester. Dit is soos om oor die kant van 'n afgrond te kyk en bang te wees dat jy sal val. Wanneer die vrees groot genoeg word sal die persoon struikel en val. Die gedagtegang word gekondisioneer om te dink dat hierdie sonde onvermydelik is en daarom, in die verstandelike stryd met seksualiteit, wanneer 'n man geprikkel word deur 'n vrou is dit sy angsvlakke om net in daardie rigting te dink wat die versoeking versterk.

Sonde trek voordeel uit God se wet deur 'n sterk gevoel van veroordeling te skep. Op daardie kritieke oomblik wanneer die man geprikkel word kan hy vrees om in sy gedagtes in owerspel of hoerery te verval, óf kies om te vertrou op die genade van God om hom te help. Die onderwerp waarna ons volgende keer is: om van die monster te ontsnap.

Hoofstuk 10

# Om van die Monster te Ontsnap

Seksuele beheptheid kan in werklikheid toeneem wanneer 'n persoon 'n Christen word. Voordat hulle 'n Christen was het hulle nie die veroordeling gevoel van seksuele begeertes nie, want die wet van God was nie deel van hul gedagtegang om aan hulle die gevoel van veroordeling te gee nie. Soos die apostel Paulus verduidelik:

> *En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe. — Romeine 7:9*

Sodra iemand bewus word van die wet neem sy sondebewustheid toe. Wanneer hy nie die korrekte konsep van die evangelie het nie kan hy eintlik behep word oor kwessies waarmee hy sukkel. Dit is 'n normale proses.

> *Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword. — Romeine 5:20*

Op die tydstip wanneer 'n man onder die wet geprikkel word deur die aanskoue van 'n vrou is sy natuurlike geneigdheid om veroordeel te voel. Die veroordeling versterk die seksuele begeerte, want veroordeling bring geen weg na ontsnapping nie. Dit maak nie die siel vry nie. Die ding om gedurende hierdie tye te onthou is die volgende Bybelteks:

> *Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee... — Johannes 5:22*

> *Julle oordeel volgens die vlees. Ek oordeel niemand nie.*
> *— Johannes 8:15.*

Die Vader en die Seun het nog niemand ooit veroordeel vir toegewing aan seksuele versoekings nie. Die Bybel illustreer dit pragtig in die verhaal van die vrou wat in egbreuk betrap is.

> *En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U? En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe. Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi. En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.*
> *— Johannes 8:3-11*

Die vrou is op heterdaad betrap terwyl sy besig was om egbreuk te pleeg. Natuurlik was sy skuldig, maar hoe het hierdie manne geweet daarvan tensy hulle haar daar ingelok het? Hoe lank het hulle daarna gekyk voordat hulle haar uit die vertrek gesleep het? Hulle was skuldiger as sy, maar in hul selfregverdiging het hulle haar na Jesus gebring om haar te oordeel. Jesus spreek nooit enige veroordelende woord teen enige van hulle in hierdie oordeel nie. Sonder om enige een direk te ontmasker, skryf Hy slegs Bybelwaarhede wat op hul situasie van toepassing is, op die grond neer.

Wat bring ons tot veroordeling?

> *En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. — Johannes 12:47-48*

Wat was die woorde wat Jesus gespreek het?

> *Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. — Matthéüs 5:27-28*

Die meerderheid mense in die wêreld weet dat die woord van God en Sy Seun teen hoerery spreek. Jesus veroordeel niemand wat in hierdie aksie betrokke raak nie. Dit is die mens se eie gewete wat hom aankla en veroodeel. Let noukeurig op die woorde:

> *En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan... — Johannes 8:9*

Jesus maak dit duidelik hoe oordeel plaasvind.

> *Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.*
> *— Matthéüs 7:1-2*

Dié wat aanvaar dat God hulle sondes vergewe het hou op om hulself te veroordeel. Wanneer ons aanhou om ander te veroordeel, beteken dit dat ons nie vergifnis verstaan nie en daarom sal die maat waarmee ons ander meet weer vir ons gemeet word. Jesus verduidelik dit soos volg:

> *Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal. En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld. Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom*

*honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld. Sy medediensknег val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal. En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het. En toe sy mededienskneгte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het. Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte diensknег, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou medediensknег ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.*
*— Matthéüs 18:26-35*

In hierdie verhaal word 'n man 'n groot hoeveelheid skuld vergewe. Dit verteenwoordig hoe God elkeen van ons ons sondes vergewe. Toe die man uitgaan, veroordeel hy 'n ander man wat hom iets kleins geskuld het. Jesus vertel ons dat, indien ons nie ander vergewe nie, bevind ons onsself in die tronk van ons eie veroordeling. Dit wat die Bybel "die toorn van God" noem is die beginsel dat God die mens toelaat om die gevolge van sy eie keuse te ontvang wanneer hulle hulle rug op Hom draai.[31] Ons Vader verlang met 'n diepe begeerte om ons te red van die vals begrip wat ons van Hom het, maar mense verwerp die waarheid omtrent God en ly dan die geweldige gevolge daarvan. Ons oordeel oor ander beïnvloed die manier waarop ons dink God ons oordeel. Hoe meer ons ander veroordeel, hoe meer word ons geteister met die veroordeling van ons eie sondigheid.

Om te ontsnap van die monster van seksuele begeertes moet ons vertrou dat ons Vader in die hemel ons nie veroordeel nie. Die bewys dat ons weet dat ons vergewe is, is dat ons almal sal vergewe wat teen ons sondig.

[31] Sien die boek Dade van ons Sagmoedige God, hoofstuk 13; www.vadervanliefde.com

*En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.*
*— Matthéüs 6:12*

Wanneer ons ander vergewe word ons versterk om uit te reik na genade wanneer ons ons eie veroordeling aanvoel. Wanneer ons die punt bereik dat ons eie sondige gedagtes ons veroordeel sal ons ons na Jesus wend en vertrou op Sy genade en glo dat Hy ons Sy genade sal stuur. Dit sal ons angs verlig en ook die neiging na obsessies verminder.

Hierdie proses vernietig alle moontlikheid van geregtigheid deur werke. Wanneer ons totaal hulpeloos is kom ons na Jesus en vertrou in Sy verlossing. Wanneer hierdie proses oor en oor herhaal word, word die siel oor en oor verneder, maar ons vertroue op Hom verdiep meer en meer.

Eenkeer, terwyl ek op 'n lang vlug na 'n ander land was, het 'n flitsende lig my aandag getrek na 'n sitplek langs my. Die wat lang vlugte onderneem weet dat elke sitplek sy eie skerm het waarop passasiers na allerhande immoraliteit, geweld en dwaasheid kan kyk. Na 'n aantal ure op die vlug, met die suurstofvlakke laer as normaal en 'n lomerige gevoel, is die verstand minder bedag op versoekings. Na omtrent 9 ure op die vlug het hierdie flitslig my aandag getrek en instinktief het ek daarna gedraai om te sien wat dit was. Daar, voor my oë, vir 'n vlugtige oomblik, was 'n hoogs eksplisiete seksuele toneel uit 'n film. Die beeld is in daardie oomblik in my gedagtes gegraveer en Satan het dit op daardie einste oomblik geweet en het my met allerhande bose gedagtes aangeval. Die gevoelens van hartseer en veroordeling het in my siel opgewel. Ek het gebid tot Jesus vir hulp en krag. Nogtans het die stryd in my gedagtes gewoed. Op hierdie punt het ek onthou dat my Vader my nie veroordeel nie. Die enigste ding wat ek nog moes doen was om my oordeel oor myself oor te gee aan die oordeel van my Vader. Dit is moeiliker as wat mens mag dink.

As tiener was ek hoogs kompeterend. Ek het tennis geniet. Partymaal, wanneer ek 'n hou gemis het, was ek baie kwaad vir myself. Ek sou myself veroordeel vir my mislukkings en 'n stel kragwoorde na myself slinger. Hierdie gees van selfveroordeling was hoogs ontwikkeld. My groei in die evangelie het my oordeel oor myself versag en my vertroue in my Verlosser laat toeneem.

Om my oordeel oor myself oor te gee aan die oordeel van my Vader, wie geen mens veroordeel nie, was 'n stryd. Ek moes die beloftes van die Woord van

God opeis en glo dat ek Sy dierbare seun is wat gekoop is deur die bloed van Jesus. My aandag was gefokus op hierdie waarheid terwyl my gevoelens my met ywer veroordeel het. Die anker het gehou en ek het die vaste rots vasgegryp. Ek het geglo in die liefde van Jesus. Die winde van versoekings het aangehou waai, maar hul krag was gebreek en ek het geweet dat die storm sou verbygaan en dat ek veilig was in die arms van Jesus. Ek het weereens ontsnap uit die kloue van die monster.

Geloof in die Woord van God word ontwikkel in die opening tussen die verstand se keuse om op God se Woord te vertrou en die kalmte van gevoelens wat steeds aanhou bruis. Wanneer alle versoekings onmiddellik verwyder word, word geloof nie ontwikkel nie.

Moenie moedeloos word gedurende die aanvalle van Satan nie. Hoe nader ons aan Christus beweeg, hoe meer word ons bewus van ons sondige toestand. Hoe meer vertroue ons in Christus stel, hoe meer kan Hy ons ons ware toestand van verdorwenheid wys. Dit is nodig sodat ons ware genesing kan vind.

Ek deel hierdie ondervindings, want as 'n jong man, wat met hierdie dinge gesukkel het, was ek onder die indruk dat ouer geestelike mans dit alles onder beheer gehad het, want hulle het amper nooit daaroor gepraat nie. Ek wil op hierdie punt met die jonger mans praat en aan hulle sê dat hulle nie alleen is in hierdie stryd nie. Jy het 'n sorgsame Vader en 'n liefdevolle Verlosser wat altyd gereed is om jou te help. Hulle veroordeel jou nie en vergewe altyd. Glo dit en jy sal leer om meer te vertrou in die genade van God.

Julle het ook ouer mans om julle wat julle ondervindings verstaan. Ons wil julle help en aanmoedig. Ek glo dat ons Vader in die hemel ons sal verander om die manne te wees wat Hy ons geroep het om te wees en om die integriteit van binne te dra wat die vroue van ons verlang en benodig. Hulle ly so baie as gevolg van ons gevalle toestand. Ons kan verander van ons soeke na primêre vertroosting by hulle en dit van ons ware Trooster kry, sodat die vroue in ons gemeenskappe veilig kan voel, geliefd en vry is onder ons sorg.

Deur my ondervindings te deel, praat ek as 'n man. Ek kan nie met volkome gesag praat van die versoekings wat vroue ondervind en hoe hulle dit oorwin op die gebied van verhoudings nie. Ek weet dat vroue daarvan hou om mans tot wie hulle aangetrokke is se aandag te trek. Ek weet dat Satan probeer om

vroue af te breek deur ‘n gevoel van waardeloosheid. Hy vertel jou baie keer dat jy nie mooi genoeg is nie en dat geen man in jou geïnteresseerd sal wees nie. Hy versoek die getroude vroue om hul mans te minag en om beheer te neem en hulle te manipuleer. Hy versoek jou om verleidelik aan te trek sodat jy kan aandag trek en waardvol kan voel. Hy versoek jou met ‘n gevoel van onsekerheid en om emosioneel te word wanneer ‘n verhouding nie groei soos jy glo dit behoort te groei nie. Ek weet sommige vroue voel baie sterk veroordelend oor andere wanneer dinge nie gedoen word op die regte manier soos wat hulle verstaan dit gedoen moet word nie.

Soos ons bespreek het, lei sterk veroordeling van ander tot sterk veroordeling van jouself. Baie vroue sukkel met ‘n lae selfbeeld en word kwesbaar wanneer hulle blootgestel word aan ‘n man wat hulle goed behandel. Hulle is baie keer blind teenoor ‘n man se jaginstink en ly partykeer geweldige baie pyn as gevolg daarvan. Ek weet dat baie vroue totaal verneder en waardeloos voel deur die dinge wat die mans in hul lewens op seksuele gebied van hulle vra of eis.

Aan die vroue sê ek: Mag jy die vryheid en vreugde ondervind om van die monster te ontsnap deur die vertroosting wat jy vind van ons Vader in Christus. Jou Vader sal nooit vra dat jy jouself verneder of suggestief aantrek om aandag te trek nie. So baie vroue laat toe dat hul mans hulle misbruik, want hulle kan nie die gevoelens van selfveroordeling afskud nie of hulle voel dit is wat hulle verdien omdat hulle waardeloos voel.

Jou Vader het jou nooit veroordeel nie en ook nie Jesus nie. **Hulle is albei baie lief vir jou en jy is kosbaar vir Hulle**. Jy mag dalk partykeer wonder waarom jy langs sulke donker weë moet gaan, maar onthou dit:

> *Ek het die HERE lank verwag, en Hy het Hom na my toe neergebuig en my hulpgeroep gehoor; en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak. En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die HERE vertrou. — Psalm 40:2-4*

Elkeen van ons het ons beproewinge en ons eie stryd. My gebed is, dames, dat jy die Woord van God neem en glo dat ons Vader jou nie veroordeel en dit

nog nooit gedoen het nie. Glo in Sy genade en vra vir die genade van Christus sodat jy ‘n stille en sagmoedige gees kan bekom, wat baie kosbaar is voor God.

Hoofstuk 11

# Skep vir my 'n Rein Hart

> *Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. — Psalm 51:12*

Dit is sommige van die woorde wat Dawid neergepen het na sy verskriklike val in owerspel met Bátseba.

> *En teen die aand, toe Dawid van sy bed opgestaan het en op die dak van die paleis wandel, sien hy van die dak af 'n vrou wat besig was om 'n bad te neem; en die vrou was baie mooi van aansien. — 2 Samuel 11:2*

Ek kan nie namens jou praat nie, maar wanneer ek 'n bad neem, sal ek seker maak dat daar niemand is wat my kan sien nie. Dit is moontlik dat dit nie vir Bátseba gepla het nie. Dit was laataand, teen die tyd dat die meeste mense al geslaap het en dalk het sy gedink daar sal niemand wakker wees wat sal oplet nie, maar dit is nogtans 'n interessante tyd om 'n bad te neem.

> *En Dawid het ondersoek laat doen na die vrou, en hulle het gesê: Is dit nie Bátseba, die dogter van Elíam, die vrou van Uría die Hetiet nie? Daarop stuur Dawid boodskappers en laat haar haal. En toe sy by hom inkom, het hy met haar gemeenskap gehad, terwyl sy haar juis van haar onreinheid gereinig het. Daarna het sy na haar huis teruggegaan. En die vrou het swanger geword en gestuur om Dawid te laat weet: Ek is swanger. En Dawid het Joab laat weet:*

> *Stuur Uría, die Hetiet, na my. En Joab het Uría na Dawid gestuur.*
> *— 2 Samuel 11:3-6*

Dit was geensins 'n goeie ding wat Dawid aan Uría die Hettiet gedoen het. Dawid het die weg gevolg wat 'n man onrein maak.

> *Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, ... — Markus 7:21*

Terwyl Dawid op die dak staan en hierdie pragtige vrou aanskou is hy oorweldig deur verkeerde gedagtes. "Dit is laataand en niemand sal weet nie, daardie vrou is so ongelooflik mooi; ek moet haar besit." Dit het gelei tot owerspel, wat tot moord gelei het. Is dit moontlik dat Dawid waardeloos gevoel het omdat hy nie meer saam met die manne uitgegaan het om oorlog te voer nie?

> *En ná verloop van die jaar,* ***teen die tyd dat die konings uittrek****, stuur Dawid Joab en sy dienaars saam met hom uit en die hele Israel. En hulle het die land van die kinders van Ammon verniel en Rabba beleër, terwyl Dawid in Jerusalem gebly het.*
> *— 2 Samuel 11:1*

Kan 'n man 'n gevoel van waarde en mag vind deur ander nasies te oorwin en sodoende 'n magtiger beskermer te wees vir sy volk? Eerder as om na die Here te gaan vir vertroosting, het hy hom na 'n vrou gekeer vir vertroosting, 'n vrou wat nie aan hom behoort het nie. Het hy nie aan die woorde van die Skrif gedink nie? Het hy vergeet van die duidelike straf wat in die wet uitgestip word vir owerspel? Het hy gedink aan die gevolge vir sy familie en sy nasie?

Dit wil voorkom asof geen van hierdie argumente bygedra het tot sy besluit. Hy was die koning, hy kon neem wat hy wou en wat hy wou hê was hierdie pragtige vrou, maak nie saak of dit beteken dat hy haar man vermoor en die volk vervloek nie. Het hy op daardie oomblik verstaan dat hierdie optrede die lewe van vier van sy seuns kon eis en amper veroorsaak dat hy sy hele koninkryk verloor? Dit wil voorkom of nie Dawid of Bátseba daardie aand helder gedink het nie. Nogtans was Dawid in sy posisie as koning van die volk baie meer dwaas in sy optrede. Hoe hoër jou posisie in die gemeenskap, hoe groter is die gevolge van jou dade op andere.

Die atmosfeer om Dawid na hierdie gebeure was een van wellus, egbreuk en skuld. Sou dit die mans om hom beïnvloed? Sou dit die versoekings wat hulle gevoel het, vermeerder? Wat van die mans wat na Bátseba gestuur is en wat kennis gedra het van hierdie gebeure? Kon hulle die koning se optrede gebruik om hulself te regverdig om soortgelyke dade te doen?

Ons lees van geen versoek wat Bátseba gemaak het teenoor die koning nie. Sou sy kon geredeneer het, wie is ek om beswaar aan te teken teen die koning? En dan, hoeveel kleinmeisiedrome sou hierdie ontmoeting bewaarheid? Dink daaraan, sy kon ‘n prinses of selfs ‘n koningin word in die koninkryk van Israel. Dawid was immers ‘n aantreklike, magtige, dapper man. Hoe sal dit wees om sy aandag te bekom? Kon dit ‘n versoeking wees vir ‘n eensame vrou wat vertroosting soek?

> *Daarop het Dawid aan die boodskapper gesê: So moet jy aan Joab sê: Laat hierdie saak nie so verkeerd wees in jou oë nie, want die swaard verteer die een sowel as die ander; veg net dapper teen die stad en verwoes dit. So moet jy hom moed inpraat. Toe die vrou van Uría hoor dat haar man Uría dood was, het sy gerouklaag oor haar heer. Nadat die routyd verby was, het Dawid gestuur en haar in sy huis opgeneem; en sy het sy vrou geword en vir hom ‘n seun gebaar. Maar die ding wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die HERE. — 2 Samuel 11:25-27*

Wat was die atmosfeer om Dawid toe hy hierdie kind voortgebring het? Het hy gedink aan die kind en sy voorspoed? Was dit ‘n oomblik van opperste vrygewigheid of van opperste neem vir homself? Toe Uría vermoor is, wat was die atmosfeer om Bátseba? Sy het gerou oor haar man. Sy wou nie gehad het dat haar man sterf nie. Hy was ‘n dapper en eerbare man. Die hartseer oor haar man sou deur haar gesny het; hoekom het sy toegelaat dat die koning haar neem. Al hierdie hartseer en skuldgevoelens was die erfenis van die kind. Is dit enige wonder dat die kind gesterf het?

> *Toe gaan Natan na sy huis. En die HERE het die kind wat die vrou van Uría vir Dawid gebaar het, getref, sodat dit ernstig siek geword het. — 2 Samuel 12:15*

> *Maar toe Dawid sien dat sy dienaars onder mekaar fluister, het Dawid gemerk dat die kind dood was. En Dawid sê aan sy dienaars: Is die kind dood? En hulle antwoord: Hy is dood. — 2 Samuel 12:19*

Hoe het God hierdie kind met siekte besoek? Dawid het self die antwoord geken toe hy hierdie Psalm geskryf het:

> *Kyk, hy is in barensweë van onreg en is swanger van moeite; hy baar leuens. Hy het 'n kuil gegrawe en dit uitgehol; maar hy het geval in die vangkuil wat hy gemaak het. Die onheil wat hy gestig het, keer op sy hoof terug, en sy geweld kom op sy skedel neer. — Psalm 7:15-17*

God het niks aan hierdie kind gedoen nie behalwe om toe te laat dat die gevolge van boosheid sy pad loop. Deur die dood van sy kind het Dawid se onheil het op sy eie kop neergekom. Studies toon dat vroue wat gespanne is terwyl hulle borsvoed laer vlakke van immunoglobulien aan hul babas voorsien.[32] Sommige studies dui aan dat, indien die moeder se spanningsvlakke hoog is, daar hoër vlakke van kortisol in die borsmelk sal wees. Dit veroorsaak dat die baba gevoelens van woede, vrees en geïrriteerdheid ondervind, veral in dogters.[33]

Is dit moontlik dat die immuniteit van Dawid en Bátseba se kind verlaag is deur die spanning wat Bátseba ervaar het deur die hele proses?

Toe Dawid deur Natan gekonfronteer is moes Dawid 'n geweldige gevoel van veroordeling beleef het. Natan het Dawid vermaan en het aan hom die hartseer nuus oorgedra.

> *en Ek het die huis van jou heer aan jou gegee, en die vroue van jou heer in jou skoot, en Ek het die huis van Israel en Juda aan jou gegee; en as dit te min was, sou Ek aan jou nog meer sulke dinge daarby wil voeg.* ***Waarom het jy die woord van die HERE verag deur te doen wat verkeerd is in sy oë? Uría, die Hetiet, het jy met***

---

[32] https://womensmentalhealth.org/posts/psychological-distress-mother-may-affect-levels-immunoglobulins-breast-milk/

[33] https://www.independent.co.uk/news/science/breast-milk-contains-natural-stress-hormone-9129336.html

> ***die swaard verslaan, en sy vrou het jy vir jou as vrou geneem, nadat jy hom deur die swaard van die kinders van Ammon vermoor het. En nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie, omrede dat jy My verag het en die vrou van Uría, die Hetiet, geneem het om jou vrou te wees.*** *So sê die HERE:* ***Kyk, Ek sal uit jou huis onheil oor jou verwek, en jou vroue voor jou oë neem en aan jou naaste gee, sodat hy by jou vroue sal slaap voor die oog van hierdie son. Want jy het dit in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding doen voor die hele Israel en in die volle sonlig****. En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die HERE! En Natan sê vir Dawid: So het die HERE dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie. Maar omdat u die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster*, ***sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe****. — 2 Samuel 12:8-14*

Dawid het 'n breuk in die muur van beskerming wat God rondom hom geplaas het gemaak. Hy kon Dawid nie beskerm soos voorheen nie. Die Here het hier twee belangrike beginsels uitgelê wat verwant is aan die Goddelike Patroon wat voorheen reeds genoem is.[34] Die eerste is dat die bron onsigbaar is en dat die kanaal sigbaar is. Die tweede is dat die bron versterk word deur die kanaal.

Op 'n onsigbare wyse het Dawid sy buurman se vrou in die geheim geneem. Sy seun Absalom sou sy vader se vroue openlik neem waar almal dit kon sien. Die raad aan Absalom om dit te doen is deur Bátseba se oupa, Agitófel gegee:

> *Daarop sê Absalom vir Agitófel: Julle moet raad gee onder mekaar wat ons moet doen. En Agitófel sê vir Absalom: Gaan in by die byvroue van u vader wat hy laat agter bly het om die huis op te pas. Dan sal die hele Israel hoor dat u u gehaat gemaak het by u vader, en die hande van almal wat by u is, sal versterk word. — 2 Samuel 16:20-21*

Agitófel was een van Dawid se hoofraadgewers. Toe Dawid sy kleindogter geneem het in owerspel het dit 'n saad van wraak in die hart van Agitófel geplant. Hy het dit amper reggekry om Dawid te vernietig. Soos Dawid vir Uría deur Joab laat vermoor het wou Agitófel op dieselfde wyse vir Dawid vermoor

---

[34] Sien die boek Goddelike Patroon van die Lewe beskikbaar op vadervanliefde.com

deur Absalom. Hy sou suksesvol gewees het as Absalom al Agitófel se raad gevolg het. Die Here het Dawid in sy groot genade gespaar. Deur een passievolle daad het Dawid ellende en dood gebring aan duisende mense. Die verhaal is opgeteken as 'n waarskuwing aan ons. Indien Dawid en Bátseba die toekoms kon sien sou hulle nooit gedoen het wat hulle gedoen het nie. Dawid sou die woorde van die Skrif opgeroep het en vertroosting gesoek het in gebed. Bátseba sou 'n beroep gedoen het aan Dawid, soos wat Abígail gedoen het, dat hierdie daad sy troon sou beskadig en dit 'n sonde is teen God. Die Bybel vertel nie van enige versoek van haar kant af nie.

Die Psalm wat Dawid geskryf het om sy stryd met God uit te druk is uiters gevoelvol. Wanneer ek aan 'n man dink wat onder so baie skuldgevoelens en hartseer gebuk gaan en ek dink aan die geloof wat dit geneem het om te glo dat hy vergewe kan word, gee dit my wonderlike hoop en dankbaarheid teenoor God vir Sy onpeilbare genade en liefde. Dit behoort hoop te gee aan elke man en vrou wat in sonde geval het en wat gevang is in die kringloop van veroordeling.

'n Psalm van Dawid toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het:

> *Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees*

> *nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. — Psalm 51:3-14*

Ek is verstom oor hierdie man se geloof. Hy kies om te glo in die genade van God. Hy het nie sy sonde weggesteek nie. Hy het dit bely en vasgeklou aan die liefde en genade van God.

Ons neem ook kennis dat toe God met Dawid gepraat het deur Natan, Hy vir hom gesê het:

> *En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die HERE! En Natan sê vir Dawid:* ***So het die HERE dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie****. — 2 Samuel 12:13*

Het die wet nie bepaal dat dié wat owerspel pleeg gestenig moet word nie?

> *En as iemand owerspel doen met 'n man se vrou, owerspel doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word. — Levítikus 20:10*

> *As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet hulle altwee sterwe: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het, en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei. — Deuteronómium 22:22*

Die doel van die wet is om 'n persoon tot belydenis te bring deur oortuiging van sonde. In Dawid se geval sien ons dat God nooit wou gehad het dat mense sterf nie, maar Hy wou hê dat hulle hul sondes bely. Die wat weier om hul sondes te bely sou die dood ervaar volgens die beginsels van straf soos wat dit deur hulleself verstaan was.

Steniging was 'n beginsel wat die Israeliete aangeleer het in Egipte.[35] God was in staat om hulle beginsel van straf in die wet toe te pas met die doel om die volk tot sondebelydenis te bring. Weereens, toe Jesus op aarde was het Hy nie opdrag gegee dat die vrou gestenig moes word nie. Hy het genade aan haar bewys, net soos wat genade aan Dawid bewys was toe hy owerspel gepleeg het. Ons weet dat owerspel 'n ernstige sonde is as gevolg van die straf wat daaraan verbonde is. God het die erns van sonde aan die mense geleer deur

[35] Exodus 8:26

straf daaraan te verbind sodat die mense die erns daarvan kon verstaan. Hy sou met ons praat in ons eie taal.

Dawid het God gevra om sy hart te reinig. Dawid kon nie ontslae raak van die skandelike herinneringe van sy dade nie. Hy kon homself nie herstel tot 'n regte verhouding met God nie. Dawid het gevra vir die Heilige Gees. Dit is deur die magtige energie van die Heilige Gees wat ons sonde kan oorwin. Ons moet elke dag vra vir die Heilige Gees. Ons moet daagliks gedoop word met die Heilige Gees om ons harte en gedagtes rein te hou. Wanneer ons bewus is van ons nood sal ons elke oggend en elke aand om genade vra. Ons sal bewus wees van ons afhanklikheid van God en vertrou dat Hy ons versoek sal toestaan.

Wanneer jy die gewig van veroordeling aanvoel, eis die Woord van God op en glo dat God vir jou sal doen wat jy nie self kan doen nie. Wees geduldig, want jy moet kans gee vir die saadjies om te groei. Wanneer jy oombliklike veranderinge verwag sal jy teleurgestel word en te gou in wanhoop opgee. Rus in die beloftes van die Skrif. Terwyl jy sondig en waardeloos voel glo in God se genade en eis dit vir jouself op. Hy veroordeel jou nie en is altyd gewillig om jou te aanvaar.

Sommige van julle het dalk al vreeslike dinge gesien en was onderhewig aan vreeslike seksuele ondervindings. Dit mag voel of 'n vieslikheid aan jou kleef. Bid die gebed van Dawid en glo dat God jou genadig is. Die Heilige Gees sal jou hart hernu en sal jou weer nuut maak. Soos wat jy nederig rus in die boesem van Christus en Sy vertroosting ontvang sal jy verander word en sal jou hart nuut gemaak word. Onthou daar is 'n wonderlike fontein waar jy ekstra krag kan vind om versoekings te weerstaan, die Sabbatsfontein van die Gees van God.

Hoofstuk 12

# Die Goddelike Patroon van die Bors

Die Bybel vertel ons God het alle dinge deur Jesus Christus geskape. (Efésiërs 3:9). In 'n kort tydjie van ses letterlike dae het die Seun van God die hele wêreld, met alles daarin, gemaak. Ons word ook vertel:

> *En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. — Génesis 2:2*

God en Sy Seun het gerus van die skeppingswerk. Waar staan Jesus in verhouding met die Vader?

> *Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die* ***boesem*** *[G2859] van die Vader is, dié het Hom verklaar. — Johannes 1:18*

Nadat die Seun van God alles namens die Vader gemaak het, het Hy in die arms van Sy Vader gerus. Hy het in die boesem van die Vader gerus. Die Griekse woord *boesem* hier beteken die voorkant van die liggaam, tussen die arms. Dit kan ook *baai* beteken; 'n baai in die see.

> *In die Ooste word voorwerpe aan die bors gedra wat Europeërs gewoonlik in die sak dra.* ***Om aan die bors te dra, beteken goedheid, geheimhouding en intimiteit****. (Gen 15:5; 2 Sam 12:8). Dit word gesê dat Christus "in die boesem van die Vader" is, dit is,* ***Hy het die mees volmaakte kennis van die Vader, Hy het die grootste***

> ***intimiteit met Hom** (Joh. 1:18). Gedurende die laaste avondmaal het Johannes (Joh 13:23) "teen die bors van Jesus gelê". **Ons Here dra sy lammers aan sy bors**, dit is, Hy gee 'n tere wakened sorg oor hulle (Jes 40:11). — Vry vertaal vanuit Easton's Bible Dictionary.*

Die skip waarop Paulus was het skipbreuk gely en is gedryf in 'n baai of boesem.

> *En toe dit dag word, het hulle die land nie herken nie; maar hulle het 'n **inham** [G2859] met 'n strand bemerk, waarop hulle van plan was om die skip te laat loop as hulle kon. — Handelinge 27:39*

Paulus was veilig in die boesem van Christus soos versinnebeeld word deur die skip wat gestrand het in die baai of boesem. Die fisiese baai was 'n beeld van die geestelike werklikheid van Christus se beskerming van sy seun en apostel Paulus. Die verhaal van Paulus se skipbreuk het 'n diepere betekenis wat verduidelik moet word. Dit is soos 'n legkaart. Dit sal tyd neem om die stukkies aanmekaar te sit, maar dit is die moeite werd.

Die woord vir *baai* in Grieks is eintlik stroompie. Die plek waar hulle gestrand het was ook 'n ingang na 'n sloep. Dit is wat een Bybelkomentaar gee:

> *...**wat val op 'n plek waar twee seë saamkom**. – Smith dink dit verwys na **die kanaal, nie meer as 100 treë wyd nie**, wat die klein eiland Salmone skei van Malta, wat kommunikasie bring tussen die see binne die baai en daarbuite. —Vry vertaal uit James, Fausett, Brown Commentary.*

Hulle het beplan om die skip in hierdie nou kanaal in te druk, binne die baai.

> *En toe dit dag word, het hulle die land nie herken nie; maar hulle het 'n inham met 'n strand bemerk, waarop hulle van plan was **om die skip te laat loop** as hulle kon. — Handelinge 27:39*

Om in hierdie stroom of rivierloop te kom, moes hulle alle roeispane en ekstra toerusting op die skip oorboord gooi.

> *En hulle het die ankers afgekap en in die see laat lê en tegelykertyd die roertoue losgemaak. En hulle het die voorseil teen die wind opgetrek en op die strand aangestuur. — Handelinge 27:40*

Soos Paulus gesê het is hy saam met al die ander wonderbaarlik gered. Dit het eer aan God gebring. Hier is 'n verbintenis met 'n vers in Jesaja.

> ***Aanskou Sion, die stad van ons feestelike samekoms!*** *Jou oë sal Jerusalem sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geeneen van sy toue ooit losgeskeur word nie.* ***Maar daar sal die HERE vir ons heerlik wees; dit sal 'n plek van riviere wees, van breë strome; geen vloot van roeiskepe sal daarop vaar nie, en geen trotse skip sal daaroor gaan nie****. Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder [Lawgiver – KJV],* ***die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos. Jou toue hang slap, hulle hou die voetstuk van hulle mas nie styf nie, hulle ontplooi nie die banier nie;*** *dan word roofbuit verdeel in menigte, selfs die lammes maak buit.*
> *— Jesaja 33:20-23.*

Hierdie verse spreek van Sion as die plek van ons feestelike samekoms. In hierdie plek is ons majestueuse of verheerlikte Here, dit sal "'n plek van riviere wees, van breë strome,... en geen trotse skip sal daaroor gaan nie". Geen trotse skip kan hierdie stroom binnevaar nie. Die skepe moet hulle takelwerk losmaak; hulle kan nie hulle seile sprei of hulle roeispanne gebruik nie, nogtans sal die HERE hulle verlos. Dit is presies wat gebeur het in die verhaal van Paulus se skipbreuk.

Paulus was oppad na Rome om aanklagte wat in Jerusalem teen hom gebring is aan te hoor. Hy het hom beroep op die keiser en nou was hy op 'n skip wat deur 'n Romeinse hoofman, Julius, gelei was. Op hulle vaart het hulle in 'n sterk wind ingevaar wat Euroklidon genoem was. Gedurende die stormagtige weer moes hulle die skip ligter maak deur al die takelwerk en ander dinge oorboord te gooi, maar die stormweer het onverpoos aangehou en na 'n paar dae het hulle alle hoop om gered te word, verloor.

> *En terwyl ons geweldig deur die storm geteister is, het hulle op die volgende dag van die vrag uitgegooi; en op die derde dag het ons met ons eie hande die skeepsgereedskap uitgegooi. En omdat die son en ook die sterre baie dae lank nie geskyn het nie, en 'n hewige storm ons gedruk het, is eindelik alle hoop om gered te word, ons ontneem. — Handelinge 27:18-20*

God het aan Paulus gesê dat hulle gered sou word deur op die skip te bly en dat hulle in die rivier of kanaal moes invaar wat in die baai of boesem was. Hierdie verhaal is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor 10:11). Die stroom of rivier wat uit Jerusalem vloei word in Eségiël 47 beskryf.

> *Daarna het hy my teruggebring na die ingang van die huis, en kyk, daar het waters uitgestroom onder die drumpel van die huis uit, na die ooste toe; want die voorkant van die huis was na die ooste toe; en die waters het weggevloei onder die regtersymuur van die huis uit, suid van die altaar. En hy het my uitgebring deur die noordpoort en my buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk; en kyk, die waters het gekabbel uit die regtersymuur uit. Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deurgaan—waters tot aan die enkels. Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaan—waters tot aan die knieë; en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaan—waters tot aan die heupe. Verder het hy nog duisend gemeet—'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys—waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie. En hy het vir my gesê: Het jy dit gesien, mensekind? Toe het hy my weer terug laat loop aan die kant van die stroom. Terwyl ek teruggaan, kyk, toe het ek aan die kant van die stroom 'n menigte bome gesien, aan altwee kante. En hy het vir my gesê: Hierdie waters vloei weg na die oostelike landstreek en loop in die Vlakte af en gaan na die see; in die see word dit uitgelei, sodat die waters daarvan gesond kan word. En al die lewende wesens wat wemel, oral waar die dubbele stroom kom, sal lewe; en daar sal 'n menigte visse wees, omdat hierdie waters daarheen gekom het; en dié waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom. — Eségiël 47:1-9*

Die rivier wat uit die tempel gevloei het, het dieper geword hoe verder daar van die tempel af wegbeweeg is. Oral waar die waters gevloei het, het dit lewe gebring. Wat beteken dit? Hoekom praat Eségiël van water wat uit die tempel

vloei en wat dieper word? Die Lewegewer is Christus en Hy is die een wat ons lewende water gee om te drink:

> ...***maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie****, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. — Johannes 4:14*

> *En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie. — Johannes 7:37-39*

Ons het opgelet dat die gedeelte in Jesaja van Jerusalem of Sion praat as die plek van ons feestelike samekomste en daarna praat dit van die Here wat 'n plek is met riviere en strome waar God se heerlikheid geopenbaar word. Dan sê dit dat die skip nie in hierdie stroom kan ingaan nie. Die skip word gestroop en die Here wie die Regter is, die Wetgewer (Aanvoerder) en Koning verlos hulle.

Hoe word die feeste met hierdie legkaart verbind? Toe Israel Egipte verlaat het, het hulle gevrees dat hulle sal sterf van dors. Geduldig het God na hulle murmurering geluister en Hy het Moses opdrag gegee om 'n sekere rots te slaan waarvandaan daar water uitgevloei het om hul dors te les.

> *En die HERE het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het, in jou hand en gaan weg. Kyk****, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink.*** *En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel. — Exodus 17:5-6*

Die rots was 'n simbool van Christus. Die rots wat geslaan was, was 'n simbool van die dood van Christus in ons plek en om ons te verseker van God se vergifnis en dat ons verhouding met Hom herstel was.

*...en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het,* ***en die rots was Christus.*** *— 1 Korinthiërs 10:4*

*Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe:* ***Ek sal die herder slaan****, en die skape van die kudde sal verstrooi word. Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galiléa gaan. — Matthéús 26:31-32*

Die rots is geslaan as 'n simbool van die dood van Christus wat vir ons geslaan is; dit open die fontein van lewe vir ons. Met hierdie stukke van die legkaart in plek laat ons ons wend na nog 'n simbool van die dood van Christus – die lam wat geslag is.

*En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. — Openbaring 5:6*

Sien jy die verbintenis tussen die lam wat geslag is en die sewe Geeste wat uitgestuur is oor die hele aarde? Die sewe Geeste is 'n simbool van die volledige Gees van God. In die Ou Testamentiese tye was daar spesifieke tye wanneer die lam geslag was.

*Toe het Salomo brandoffers aan die HERE gebring op die altaar van die HERE wat hy voor die voorportaal gebou het. Daarop moes hulle na die eis van elke dag offer volgens die gebod van Moses, op die sabbatte en op die nuwemane en op die feestye, drie maal in die jaar—op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees. — 2 Kronieke 8:12-13*

Elke keer wanneer die lam geslag was, was dit 'n simbool van die lewe wat sou vloei uit die Rots wat Jesus Christus is. Water is een simbool van die lewe wat in Christus gevind word. Nog 'n simbool wat met die Feeste verband hou was die ongesuurde brode wat ook lewe gee.

*En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar*

> *my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood.* ***En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe****; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. — Johannes 6:32-36*

Elke keer wanneer 'n lam geslag is, is daar ook 'n offerande van meel en olie gebring wat gebruik is om ongesuurde brode te maak wat 'n simbool van Jesus was. Dit is interessant om te sien dat die hoeveelheid brood verskil vir die verskillende offers. Hier is 'n tabel wat die hoeveelhede meel en olie vir elke offer aandui:

| Offer | Meel | Olie | Eségiël 47:1-7 Rivier |
|---|---|---|---|
| Daagliks | 4,4 kg | 1,8 l ltrs | Waters vloei uit die Heiligdom |
| Sabbat | 8,8 kg | 3,6 ltrs | By 1000 el: dit bereik die enkels |
| Nuwemaan | 37,4 kg | 15,3 ltrs | By 2000 el: dit reik tot die knieë |
| Fees van Ongesuurde Brode | 266,2 kg (30x Sab. offerandes) | 108,9 ltrs | By 3000 el: dit reik tot die heupe |
| Feeste in die Sewende Maand | 869 kg (~100x Sab. offerandes) | 359,2 ltrs | By 4000 el: dit is oor die kop |

Elke dag is daar 'n lam geoffer – een in die oggend en een in die aand. Daar was 'n klein hoeveelheid meel en olie verbind met hierdie offers wat elke dag gebring is. Dit is 'n simbool van Jesus wat elke dag Sy Gees gee om ons aan die lewe te hou op dieselfde manier wat Hy gesê het Hy die lewende water sal gee.

Ons let op dat op die Sabbat is die hoeveelheid meel en olie, waarvan ongesuurde brode gemaak is, verdubbel. Dit versinnebeeld die feit dat daar twee maal soveel van die Gees van God op die Sabbat beskikbaar is as gedurende die ander ses dae van die week.

Ons het 'n paar stukke van die legkaart uitgepak. Sommige van julle mag wonder wat die betekenis hiervan is. Dit kom verwarrend voor! Ons sal nou die stukke van die legkaart aanmekaar pak. Ons gaan terug na die gedagte dat Jesus rus aan die boesem van die Vader. Jesus rus in Sy Vader se liefde. Hy word verkwik en versterk in die liefde van Sy Vader. In verwysing na die Sabbat word ons vertel dat ons Skepper verkwik was op die Sabbat:

> *Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag* **het Hy gerus en Hom verkwik***. — Exodus 31:17*

Die Seun van God is die een wat verkwik word aan die boesem van die Vader. Dit was op die Sabbat dat Jesus meer verkwikking van Sy Vader ontvang het. Hy het 'n dubbele porsie van die Vader se Gees ontvang. Hierdie beginsel word uitgedruk in een van die insettinge van Israel:

> *Maar hy moet die eersgeborene, die seun van die nie-geliefde vrou, erken deur aan hom 'n dubbele deel te gee van alles wat hy besit; want hy is die eersteling van sy krag: die eersgeboortereg is syne. — Deutoronómium 21:17*

Jesus is die eersgeborene van Sy Vader en ontvang van Hom 'n dubbele porsie van Sy Vader se seën. Die tyd om hierdie seën te ontvang is gedurende rustye. Die tyd wat God en Sy Seun rus is op die Sabbat.

> *En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. — Génesis 2:2*

Nadat Hy die hele week gewerk het, kom Jesus tot rus saam met Sy Vader. Terwyl Hy gerus het, het Hy gelê in Sy Vader se arms en het die werklikheid van Sy liefde sterker gevoel. Dit is wat Jesus die Here van die Sabbat maak.

> *want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat. — Matthéús 12:8*

Jesus verlang om die vertroosting van Sy Vader met ons te deel. Terwyl Hy krag kry aan Sy Vader se boesem kan ons ook krag kry aan die boesem van Christus. Wanneer ons rus in Sy arms op die Sabbat, blaas Hy oor ons Sy Gees en Hy verkwik en versterk ons met die versekering van Sy liefde. Die simbool van borsvoeding is baie beduidend. Let op die volgende vers:

> *En tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang,* ***en gegord om die bors*** *met 'n goue gordel… — Openbaring 1:13*

Die Griekse woord vir bors is *mastos*, wat die tepel van die man of die borste van die vrou aandui. Jesus is die Woord van God en Petrus vertel ons:

> *… en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei…*
> *— 1 Petrus 2:2*

Die Woorde wat Jesus spreek is "gees en lewe." Die melk van die Woord is die eenvoud van die evangelie en die liefde van God vir ons.

> *Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle* ***die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk*** *en nie aan vaste spys nie. — Hebreërs 5:12*

Die eerste beginsels van die woorde van God is Sy groot liefde vir Sy Seun en Sy groot liefde vir ons. Vir ons is moedersmelk die maklikste verteerbaar. Die waarheid van die liefde van God is die soetste en wonderlikste voedsel wat ons gemoed kan verteer.

Ons kom nou weer by die beginsel van vergroting in die Goddelike Patroon. Die vrou se borste is 'n vergoting van die manlike bors. Dit dra melk en dus versinnebeeld dit die eerste beginsels van die woorde van God.

Die bors van ons Verlosser is die onsigbare bron van ons voeding. Wanneer ons soos 'n klein kindjie in Christus is, het ons die tere sorg van 'n vrou nodig wat deur die kerk versinnebeeld word. Wanneer ons groter word, word ons gespeen en ons afhanklikheid is nou goed geanker in Christus sodat ons voeding kan verskaf aan nuwe gelowiges wat tot die geloof kom. Dus is daar 'n Goddelike Patroon van die melk van die bors. Christus se melk is die woorde

van liefde wat Hy spreek en die gawe van Sy Gees. Die kerk voorsien 'n kanaal van die fisiese liefde en goedheid en daarom vergroot dit die vertroosting van Christus in die bors of boesem van die kerk.

Deur aan die bors van die vrou vas te hou en vir 'n verlengde tyd haar melk te begeer, spreek van geestelike en emosionele onvolwassenheid en kwesbaarheid:

> *Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei. — Hebreërs 5:13-14*

Wat is dus die sleutelpunt van dit alles? Wanneer ons die vertroosting van die Gees van Christus ontvang sal 'n man dit makliker vind om die sekuriteit en vertroosting van die bors van 'n vrou agter te laat. Hy sal dit makliker vind om die versoeking te weerstaan om haar bors aan te hang vir persoonlike vertroosting en behoefte, want hy vind dit in Christus.

Vir die dames onder ons wil die Gees van Christus aan haar die gevoel van vrede en rus gee, met 'n gepaardgaande vermindering in angstige soeke na aandag, wat op sy beurt manifesteer in sensuele kleredrag, grimering en juweliersware wat haar gewilligheid verminder om haarself te verneder ter wille van die wellus van mans en die oppervlakkige standaarde van hierdie wêreld.

> *En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. — Johannes 14:16-18*

Die sabbat is die dag wanneer die liefde van God met twee keer meer krag aan ons in Christus bewys word. Die wat die Sabbat binnegaan met die geloof dat hulle vertroosting sal vind in die Gees van Christus sal groter krag ontvang om seksuele versoekings teen te staan.

Sommige vra my of dit reg is om seks te hê op die sabbat? Die sabbat is die dag om te rus in die boesem van Christus en om deur Sy Gees omarm te word

en te weet dat die Vader ons liefhet. Op die sabbat wil ons elke geleentheid gebruik om vertroosting te vind by ons Bron. Ons doen dit deur gebed, studie, sang en aanbidding saam met ander gelowiges. Dit is interessant om daarop te let dat Israel bymekaar gebring is by die Berg Sinai en terwyl hulle moes voorberei om met God op die berg te ontmoet is hulle opdrag gegee om seksuele eenheid te vermy.

> *En hy het aan die volk gesê: Hou julle klaar teen die derde dag; moenie naby die vrou kom nie. — Exodus 19:15*

Dit wys daarop dat seksuele eenheid 'n negatiewe gevolg kan hê op geestelike perspektief. Die vrystelling van hormone en die reaksie op die senustelsel plaas ekstra las op die liggaam. Ons wil wakker en gefokus wees op die Sabbat om die Gees van Christus te ontvang en Sy stem duidelik te hoor.

Daar sal geleenthede wees wanneer 'n getroude paartjie van mekaar geskei was vir 'n tyd en mekaar weer sien sodra die sabbatsure aanbreek. Die behoefte en die begeerte vir vereniging sal sterk wees en dit is verstaanbaar. Ons Vader hou dit nie teen ons vir hierdie dinge nie. Die wat die Here liefhet sal hierdie ure gebruik om hul energie en krag te gebruik vir die aanbidding van ons Vader en Sy Seun.

Soos reeds genoem in 'n vorige hoofstuk is die werklikheid dat God 'n stelsel in tyd ontwerp het om ons te anker in die geloof. Wanneer ons kyk na die ander tye waarin offerandes gebring word, is daar 'n toename in die hoeveelheid vertroosting wat God bring in die tyd van die Nuwemaan en gedurende die tye van die Feeste.

Die tye van die Nuwemaan en die Feeste is tye vir 'n groter byeenkoms van mense – veral die Feeste. Dit is gedurende hierdie tye dat die vertroosting van Christus se Gees vergroot word in die vrou wat 'n simbool is van Sy Kerk. Dit is waarom die vrou die maan onder haar voete het om geklee te kan word in die lig van die Son:

> *En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was**, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre** — Openbaring 12:1*

Die weeklikse Sabbat word bepaal deur die son. Die Nuwemaan word bepaal deur die maan en die Feeste deur die maan se stand met betrekking tot die son. Elke stap verteenwoordig ‘n vergroting van vertroosting en seën, met die Sabbat as die bron van hierdie kanaal van seën.

Die Nuwemaan bring ons ‘n vergroting van vier keer van die seën en vertroosting wat op die Sabbat beskikbaar is. Gedurende die Nuwemaan word die bors van Christus simbolies soos dié van ‘n vrou. Dit dra meer vertroosting en seën vir Sy kinders. Gedurende die tyd van die Pasgafees word die bors van Christus soos die borste van ‘n vrou wat pas geboorte gegee het. Dit word vol melk van die Woord van God en is groter as normaalweg. Hierdie fees is die tyd van die eerste vrugte; ‘n tyd van geboorte en van vrug wat voortkom uit die aarde.[36] Tydens die Huttefees word die Gees van Christus aan ons gegee wat 100 maal groter is as dié van die Sabbat. In die simbool van die rivier van Eségiël 47 stap ‘n mens nie meer langs die rivier nie, maar word deur die rivier gedra. Hy het tot volwassenheid gekom en die simbool van die borste word vervang met die simbool van ‘n diep, breë rivier. Dit is gedurende die Huttefees wat ons fees vier oor die oes. Die man en vrou het tot volwassenheid gekom in Christus en het nie meer langer die melk van die Woord nodig nie. Hulle is volwasse en “vaste spys is vir volwassenes.” (Hebr 5:14). Hulle is gespeen van die bors en drink nou uit die beker van die lewende water, direk uit die hande van Christus.

Hoe hou dit verband met die verhaal van Paulus? Daar is tye wanneer ‘n man moed verloor as gevolg van seksuele teistering. Die storms kan vir dae aanhou en hy kan voel dat daar geen hoop vir hom is om te ontsnap uit die kloue van die monster en sy afvallige natuur nie. Wanneer jou skip die boesem of baai van Christus ingaan is daar hoop op lewe. Wanneer ons die strome van God se lewe sien in die Sabbat en die Feeste kan ons alle hoop opgee om onsself te red. Ons kan die anker van selfveroordeling afsny en ons kan die Gees van God toelaat om ons in die liefde van God se rivier in te dra. Die skip wat ons gedra het, wat bestem was om ons aan te kla voor die Romeinse hoer, sal in die proses vergaan en ons word vrygestel. Vanaf hierdie punt vorentoe kan die slang

[36] Die mens is gemaak uit die stof van die aarde.

probeer om ons te byt deur seksuele versoekings, maar dit sal geen effek hê nie.

> *En Paulus het 'n klomp droë hout bymekaargemaak en op die vuur gesit, en* ***'n adder het weens die hitte uitgekom en aan sy hand vasgebyt****. En toe die inboorlinge die dier aan sy hand sien hang, sê hulle vir mekaar: Hierdie man is beslis 'n moordenaar wat die goddelike wraak nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered. Maar hy het die dier in die vuur afgeskud en geen kwaad gely nie. En hulle het verwag dat hy sou opswel of skielik dood neerval; maar toe hulle lank gewag en gesien het dat niks besonders met hom gebeur nie, het hulle van gedagte verander en gesê dat hy 'n god was. — Handelinge 28:3-6*

Ons Vader in die hemel het belowe om Sy mense eenkant te plaas deur die Sabbat.

> *En Ek het hulle my insettinge gegee en my verordeninge aan hulle bekend gemaak, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. — Eségiël 20:12*

Die Sabbat sluit die Feeste in, want dit bevat ook Sabbatte. Wanneer jy die begeerte het om die monster van seksuele begeertes te oorwin en in die boesem van Christus in te kom om die Vertroosting van die Heilige Gees te ontvang sal jy gespeen word van jou begeerte om deur ‘n vrou getroos te word. Jy sal tot volwassenheid kom en sal haar begin troos deur aan haar te voorsien wat sy nodig het sodat daar vrede in julle huis mag wees en ook seën vir die kinders.

Hoofstuk 13

# Wees vrugbaar en Vermeerder

Hiervandaan verder sal ons kwessies bespreek wat dié raak wat drink uit die Sabbatsfontein van vertroosting en wat die gawe van die Gees van die Nuwe Verbond geniet. Ons sal die melk van die Woord in hierdie hoofstuk agterlaat en dieper kwessies aanraak aangaande hoe ons opvatting van die *agape* liefde van die Vader ons gedagtes oor seksualiteit beïnvloed.

Toe God met ons eerste ouers gepraat het, het Hy gesê:

> ***En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit*** *en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. — Génesis 1:28*

Die seën van God kom na ons deur die gawe van Sy Gees. Die kalmerende en saggeaarde Gees van God is op Adam en Eva uitgeasem. Hulle was aangemoedig om ander wesens na hierdie liefdevolle omgewing te bring. Die onderwerping van die aarde beteken dat jy jou gees van vrede daarop plaas. Ons eerste ouers was beveel om vrugbaar te wees, wat beteken om vrug voort te bring. Dit is beide vrug van die vlees en van karakter.

As mense is ons beide geestelike en fisiese wesens. Om vrugbaar te wees moet ons gees deur God geseën word. In Sy liefdevolle omarming word ons harte gelaai met die ryke stroom van Sy geestelike melk. Die begin van ons ras was in 'n geestelike en fisiese land van melk en heuning.

Om vrug voort te bring soos God dit beskik het moet die verhouding tussen man en vrou geestelik vrugbaar wees. Daar is ‘n diepe betekenis vir die man wat weet dat sy vrou uit die rib van sy bors geneem is. Sy moet naby sy hart wees en hoë waarde dra. ‘n Goddelike man sal diep dankbaar wees vir die hulp wat aan hom gegee is om saam met hom die lewenspad te stap. Vir die man wat in hoofskap staan is die eerste stap van vrugbaarheid om die seën op haar uit te asem wat hy van God ontvang. Die Woord van Jesus is “gees en lewe” en so moet die man die siel van sy vrou water gee deur woorde van troos, seën en aanmoediging. In die *agape* gees van God doen die man dit met die grootste liefde aan haar. Hy doen dit nie om enigiets terug te verwag nie.

Die vrou is die verheerliking van die man. Wanneer hy die saad van genadige, liefdevolle en opofferende liefde in haar plant, sal sy dit uitdra en in haar karakter verheerlik wanneer sy hom respekteer en vertrou dat God hom lei. Wanneer daar ‘n diepe gevoel van liefde en waardering is tussen man en vrou, is daar in hulle ‘n begeerte dat ander hierdie liefde ervaar. Hulle begeerte is kinders wat na hul beeld gemaak is, nie na hul fisiese beeld nie, maar na die geestelike beeld wat hulle van God ontvang het.

Die seën van God op die verhouding tussen man en vrou is ‘n seën van vrugbaarheid. God het nie aan Adam en Eva gesê om soveel as moontlik plesier uit hul liggame te verkry nie. Hy het nie opdrag gee om verskillende en interessante maniere te ontwikkel waarop seks plesier aan jouself kan verskaf nie. Die klem is op vrugbaarheid. Dit is vrugbaarheid van karakter wat in kinders geopenbaar word.

Soos ons vroeër gesien het is dit ‘n verkeerde siening van God wat mans en vroue dryf tot oormatige seksuele aktiwiteite om die troos, wat hulle nie van hul hemelse Vader ontvang nie, te vervang.

God het Adam en Eva nie raad gegee omtrent voorbehoeding nie. Hy wou nie gehad het dat hulle so fokus op seks sodat die voorkoming van swangerskap ‘n probleem word nie.

Wanneer die mens in God se gebooie en insettinge wandel sal hy geseën wees in beide die kinders wat gebore word, asook voedsel en behuising om vir so ‘n gesin te voorsien.

> *As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God. Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.* ***Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam*** *en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.*
> *— Deuteronómium 28:1-5*

Dit is ons liefdevolle hemelse Vader se raad om nie seksueel aktief te wees met 'n vrou tydens haar maandstonde nie.

> *Ook mag jy nie naby 'n vrou kom terwyl sy onrein is deur haar onreinheid, om haar skaamte te ontbloot nie. — Levítikus 18:19*

Die verdorwe nasies rondom Israel het die tyd van die maandstonde gebruik vir seksuele aktiwiteite omdat bevrugting nie kan plaasvind gedurende daardie tyd nie. Wanneer die vroulike liggaam besig is met 'n skoonmaakproses gedurende haar maandstonde, kan dit nadelig wees vir haar gesondheid indien energie gekanaliseer word na seksuele aktiwiteit. Die Bybel dui ook aan dat 'n vrou behoort te rus in hierdie tyd. Die diepere boodskap is dat seksuele aktiwiteit gedurende hierdie tyd 'n kultuur van onvrugbaarheid en dorheid aanmoedig.

Mans van ons tyd doen enigiets om soveel moontlike maniere te vind om te voorkom dat hulle vrugbaar is. As gevolg van die seksuele verdorwenheid van mans doen vroue soveel moontlik om hulself te beskerm deur so onvrugbaar as moontlik te wees. Die vrou besef dat die man nie homself sal verbind om 'n kind groot te maak nie. Die gevolg hiervan is dat sy haarself beveilig, want sy moet die verantwoordelikheid dra indien sy swanger word.

Die plek waar lewe ontstaan is op die huidige oomblik die mees barre en dodelike plek op aarde. Soos ons vroeër gesê het, **is daar jaarliks 40 – 50 miljoen aborsies. Dit is 'n gemiddelde van 125 000 aborsies per dag**. Daar is op

die huidige oomblik omtrent 130 miljoen geboortes elke jaar.[37] Dit beteken die menslike ras vermoor omtrent 25-28% van sy menslike produksie. Geen boer doen dit in sy boerdery of met sy lewende hawe nie. Dit is absolute waansin. Dit is volslae rebellie teen die begeerte van God vir die mens om vrugbaar te wees.

Die atmosfeer wat hierdie aarde verswelg is 'n gewaarwording van die stroping van die menslike liggaam van sy vrugbaarheid. Dit bring 'n geestelike atmosfeer van waardeloosheid en dood. Dit is die verborge prys wat ons betaal as gevolg van ons vasberadenheid om buitehuwelikse seks te beoefen en is 'n manifestasie in die mens van die hoofmeganisme in die idee wat ons geskep het om God uit die Westerse kultuur te verwyder – natuurlike seleksie.

Om God se begeerte te vervul is ons fokus in seksualiteit op die omgewing wat geskep word om 'n saad te plant. Soos reeds genoem, wil ons die saad toevou in 'n atmosfeer van liefde jeens die saad en gedagtes van voorspoed van die saad. Wanneer die saad geplant word in 'n atmosfeer van "ek geniet regtig myself" of "ek soek meer van hierdie gevoel", dan is dit die geestelike grond waarin ons 'n potensiële kind plant. Ons plant die gevolge van selfsug onuitwisbaar in hulle karakters.

In Westerse lande lewe ons in 'n wêreld van voorbehoeding. Een van die groot verskille tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande is die vermoë tot geboortebeperking. Wanneer jongmense wat nog nie hul opvoeding voltooi het nie, kinders kry, is hul risiko op finansiële teenspoed soveel groter.[38] As gevolg van die seksuele obsessies van die mens staan ek nie die verwydering of vermindering van voorbehoeding voor nie. As gevolg van onbeskermende seks sal dié wat buite die vertroosting van ons Vader en Verlosser beweeg en nie deelneem aan die seën van die Sabbat aan die boesem van Christus nie vir hulleself ongeëwenaarde teenspoed skep.

Die ander rede hoekom ek nie voorbehoeding uitskakel nie is omdat ons wêreld so uit harmonie is met die natuur. Om net natuurlike metodes te gebruik beteken vir die vrou ekstra werk en fokus om te weet wanneer sy nie vrugbaar

---

[37] http://www.ecology.com/birth-death-rates/

[38] www.worldbank.org/en/news/press-release/2013/12/12/lac-poverty-education-teenage-pregnancy

is nie. Vir sommige vroue maak die proses nie saak nie, maar wanneer seksuele eenheid sonder die begeerte om kinders te verwek die doel word, dan is voorbehoeding dalk 'n goeie ding, so lank 'n paartjie steeds seks beoefen met dieselfde gereeldheid as wanneer hulle nie voorbehoeding gebruik nie. Met ander woorde, voorbehoeding word nie gebruik ter wille van seksuele aktiwiteit meer as waarvoor ons ontwerp is nie.

Wanneer ons al die seksuele perversie in hierdie wêreld aanskou, asook die feit dat die menslike ras meer as een kwart van sy nageslag vermoor, sê dit dat die mens te veel seks beoefen. Die mensdom misbruik seks om hul sielshonger te bevredig en dit is 'n nuttelose daad van onvrugbaarheid.

In 'n wêreld waar mans en vroue gerus het in die liefde van God gedurende die Sabbat en die Feeste, in 'n wêreld waar mans hul vroue met liefde en waardering hanteer en vroue hul mans eer en respekteer, sal daar minder seks nodig wees. Die fokus van seks sal op vrugbaarheid van die volgende geslag wees en nie op selfbevrediging nie. Hierdie faktor, bo alle ander, is die rede tot die selfsug van die mensdom.

Met verloop van tyd kan die menslike liggaam nie die nodige energie en voedingstowwe voorsien om die seksuele aptyt van 'n paar keer per week te handhaaf nie. Dit het 'n tyd van onttrekking nodig tydens die vrou se maandstonde.

In die natuurlike wêreld is daar 'n kort tydjie gedurende die vroulike siklus wanneer dit byna onmoontlik is om swanger te word. Dit beteken dat binne een maand is daar 'n periode van een of twee keer wanneer seks veilig beoefen kan word sonder die gevaar van swangerskap. Ek praat hier oor die beginsel van vrugbaarheid en die ontwerp van God. Ek stel glad nie voor dat dit sonder voorbehoeding gedoen word nie. My punt is indien jy seks wil beoefen sonder om kinders te verwek, sal die frekensie daarvan volgens die ontwerp van die menslike liggaam, een of moontlik twee keer per maand wees.

Die groter kwessie om in gedagte te hou is wat God van ons vra: wees vrugbaar en vermeerder. Binne die venstertydperk wanneer 'n vrou swanger kan raak, vergelyk watter persentasie tyd wat die paartjie aan vrugbaarheid dink teenoor die persentasie tyd wat hulle daaraan dink om swangerskap te vermy. Ons gedagtes beïnvloed tog ons karakters.

*Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. — Génesis 2:24*

Vir pasgetroude paartjies is daar 'n belangrike tydperk in die bindingsproses om een vlees te word. Om voor te berei vir die koms van kinders is daar 'n bindingsproses tussen man en vrou, wat beide geestelik en fisies moet geskied. Gedurende seks stel die liggaam oksitosien en vasopressien vry. Hierdie is bindingshormone wat die eenwordingsproses vergemaklik. Vir 'n pasgetroue paartjie vir wie die seksuele ondervinding 'n nuwe ondervinding is neem dit tyd om daaraan gewoond te raak en om te dink aan die volgende geslag. Die Bybel gee ons raad hieroor as dit kom by ander vrugte:

*En as julle in die land inkom en allerhande vrugtebome plant, moet julle hulle vrugte as verbode beskou;* ***drie jaar lank moet hulle vir julle verbode wees****; daar mag nie van geëet word nie. Maar in die vierde jaar moet al hulle vrugte 'n heilige feesgawe aan die HERE wees. — Levítikus 19:23-24*

Dit is 'n beginsel dat vrugte wat in die eerste paar jaar geproduseer word nie die beste is nie. Ek glo dat dieselfde beginsel op die huwelik toegepas kan word. Veral vir jong paartjies is die eerste paar jaar 'n bindingstydperk en 'n tyd om hul te verheug in die verhouding wat God hulle gegee het. Dit dra by tot die vrugbaarheid van die toekomstige geslag. Dit neem tyd vir 'n verhouding om te groei en verbind te word. My raad is om tog aandag te skenk aan hoe die liggaam, wat deur God ontwerp is, funksioneer. Baie jong paartjies gebruik die huwelik as 'n lisensie tot seksuele oormaat. Dit skep nie 'n atmosfeer van vrugbaarheid nie. Wanneer jy vertroosting by God vind deur Sy Seun sal jou begeerte tot seksuele aktiwiteit meer gereguleer wees. In die volgende hoofstuk sal ons gesels oor hoe jou dieet die seksuele begeerte beïnvloed en hoe om dit te balanseer om in te pas by die ingesteldheid van vrugbaarheid.

By baie is daar die versoeking om tog net uit te vind – hoe gereeld kan ons seks hê? Hierdie vraag ondersteun nie die ingesteldheid van vrugbaarheid nie. Die vraag behoort te wees: hoe sal seks die beginsels van vrugbaarheid, waarmee ons Vader ons wil seën, ondersteun? Die Bybel sê:

*Gee jou krag nie aan vroue of jou omgang aan die wat konings uitroei nie. — Spreuke 31:3*

Deur die gawe van die Gees kan 'n man leer om liefderyk teenoor sy vrou te wees sonder die begeerte tot seks. Vir baie mans beteken enige teken van liefde dat hulle slaapkamer toe kan gaan. Dit dui op 'n ernstige tekort aan emosionele volwassenheid. Vroue het nodig dat liefde aan hulle bewys word sonder dat seks die enigste eindresultaat is. Indien dit altyd in hierdie rigting beweeg word dit nie in lyn met die beginsels van vrugbaarheid bedryf nie, want dit bring die man in verval en devalueer die vrou.

Nadat 'n paartjie hul kinders grootgemaak het en die vrou in haar menopouse is, wat is die rol van seks in die verhouding indien daar nie meer 'n fokus op vrugbaarheid kan wees, in die sin van kinders voortbring nie? Hoe behou die paartjie die fokus op 'n *agape* ondervinding in seksualiteit? Indien die man drink van die Sabbatsfontein en getroos word deur sy Verlosser is sy gees volmaak vervul in die liefde van God. Hy kan sy vrou meer vertroosting gee met meer intieme liefde sonder die intense begeerte tot seks. Nadat die kinders grootgeword het sal die begeerte van die vrou meer draai om gesprekke, liefderyke aanraking, woorde van waardering en bedagsame geskenkies.

Dit beteken nie dat die seksuele ondervinding gestaak word nie. Soos reeds genoem, word die peptied hormone van oksitosien en vasopressien gedurende seks vrygestel en dit hou die paartjie gebonde aan mekaar. Lang tye van onthouding kan potensieël die band verswak, maar dit verskil van paartjie tot paartjie. Indien 'n paartjie in 'n gesonde verhouding is kan dit voordelig wees om van tyd tot tyd seksueel te verbind, maar die klem is hier op vrugbaarheid en nie op selfsug of om jou eie behoeftes te bevredig nie. Wanneer iemand geïrriteerd word met 'n maat wat nie sy behoeftes bevredig nie, suggereer dit 'n groter behoefte tot intimiteit met Christus. Indien 'n maat alle moontlikheid tot seksuele kontak afsny, suggereer dit 'n diep emosionele wond wat ongesond is. Dit is nie vrugbaar vir die verhouding om so 'n houding in te neem nie.

Soos ek aan die begin van die hoofstuk gesê het is hierdie nie melk nie, maar eerder bedoel vir die wat 'n oormaat van vreugde en vertroosting vind in Christus. In hierdie wêreld waarin ons leef is daar menige gebroke mense met dringende behoeftes tot sekuriteit, liefde en intimiteit. Die meeste wat nie in Christus geanker is nie sal die las van 'n baie groter behoefte tot seksuele

vervulling dra. Paulus praat met sulke mense in 'n gees van deernis deur die volgende raad te gee:

> *Met betrekking tot die dinge waaroor julle aan my geskryf het—**dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie.** Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. **Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie. Maar dit sê ek by wyse van toelating, nie by wyse van gebod nie**. Want ek wens dat alle mense soos ek was; maar elkeen het sy eie genadegawe van God, die een so en die ander weer anders. — 1 Korinthiërs 7:1-7*

Paulus het hierdie dinge nie as 'n gebod gegee nie. Hy sê dit is beter om getroud te wees as om hoerery te bedryf. Dit is beter om Christus as jou vertroosting te hê as om te brand van seksuele begeerte. Paulus neem 'n deernisvolle benadering tot die wat in groot versoekings kom. Dit is dwaas om die woorde dat 'n vrou nie mag het oor haar eie liggaam nie te interpreteer dat die man enige tyd seks van haar kan afdwing wanneer hy wil. Dit is selfsug, nie vrugbaarheid nie. Indien die vrou mag het oor haar man se liggaam en sy sê "ek wil net 'n drukkie en 'n soentjie hê" sou die man dit moet aanvaar indien sy hierdie mag het? Mense kan optree soos kinders in die gebruik van hierdie verse. Die punt wat Paulus maak is om mekaar te dien en die beste keuses te maak. Einde ten laaste sê Paulus dat hy wens dat alle mense soos hy was en dit was om fisies selibaat te wees. Dit sê in watter rigting het Paulus gedink. Dit is vir dié wat dit kan doen, maar die genadegawe is nie aan almal gegee nie.

In die hemel sal ons almal wees soos die engele wat nie trou of uitgegee word in die huwelik nie. Dit beteken dat die seksuele ondervinding gestaak sal word:

> *Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel. — Matthéüs 22:30.*

Ek het al baie mense gehoor, en dit hoofsaaklik mans, wat mense probeer oortuig dat daar huwelik en seks in die hemel sal wees. Wanneer jy die liefde van God ken en geleer het om teen die bors van Christus te leun is daar 'n proses om gespeen te word van hierdie dinge. Op hierdie stadium bring die seksuele begeertes baie meer skeiding as eenheid. Mans en vroue moet allerhande versperrings opstel om te verhoed dat die verkeerde seine uitgestuur word as gevolg van vrees om die monster van seksuele begeertes wakker te maak. Dit verhoed noue bande in die gemeenskap wanneer dit te veel oordink word.

Laat ons vrugbaar wees en die genade van God in ons karakters vermeerder. Laat ons God bid om wysheid om te weet hoe om die gawes wat Hy ons gee ten beste te gebruik, wetend dat ons in die volgende lewe gespeen sal wees van die gawe van seks wat gegee is ter wille van vrugbaarheid.

Hoofstuk 14

# Aptyt

Die wyse man praat reguit wanneer hy die onderwerp van aptyt aanspreek:

> *Sit jy aan om saam met 'n heerser te eet, let dan net op wat vóór jou is, en* ***sit 'n mes op jou keel as jy 'n goeie eetlus het****. Moenie sy lekker ete begeer nie, want dit is bedrieglike spys.*
> *— Spreuke 23:1-3*

Nie net soek mense troos in seks en pornografie nie, maar ook in voedsel en ander verslawende middels wat hul 'n gevoel van selftevredenheid of behae gee. Die vinnige styging van ekstreme sport wat aan waaghalse 'n adrenalien-inspuiting gee is 'n ander vorm van aptyt vir 'n behaaglike gevoel van iets wat ons laat goed voel, selfs al is dit net vir 'n oomblik. Soos die gesegde lui, "alles wat opgaan, moet weer afkom." Hoe meer intensief die nagemaakte gevoelens is, hoe groter is die ineenstorting.

Ons is almal bekend met die term "trooskos." Daar is die gewone vlak van genot in kos, veral in sosiale omstandighede. Mense wat sukkel met spanning en waardeloosheid sal hulself probeer beloon met kos, veral wanneer dit suiker bevat. Wanneer ons na 'n trooster soek op enige ander plek as die bron, lei dit tot verslawing. Voedsel en seks is 'n seën binne die regte konteks, maar dit word 'n verslawing wanneer dit buite die bron van troos in ons Vader deur Christus gebruik word.

Baie van ons is bekend met die drang wat geassosieer word met 'n oormaat van 'n sekere voedselsoort. Paulus gee belangrike raad hieromtrent:

> *Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar. Maar wat ons reeds bereik het—laat ons volgens dieselfde reël wandel, laat ons eensgesind wees. Wees ook my navolgers, broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het. Want baie—van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook onder trane sê—wandel as vyande van die kruis van Christus. Hulle einde is die verderf, <u>hulle god is die buik</u> en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge. Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp. — Filippense 2:13-21*

Die hartseer werklikheid is dat baie mense hul maag verafgod en oor die laaste 40 jaar het hierdie neiging vererger. Sedert 1975 het die hoeveelheid oorgewig mense verdriedubbel. In 2016 was daar 'n totaal van 1,9 biljoen oorgewig mense en 650 miljoen van hulle was vetsugtig.[39]

Die dissipline wat gepaard gaan met kos open die weg na dissipline op die meeste ander gebiede. Dit is die betekenis van die wyse man se spreuk. Dit is soos om 'n mes teen jou keel te sit. Dit is deur aptyt wat Adam en Eva in sonde geval het en dit is deur dieselfde medium wat Satan Jesus versoek het in die woestyn.

Om die mens te help in sy stryd teen die slawerny van aptyt het Jesus vir 40 dae aan die begin van sy bediening gevas. Die bewerker van hulle [ons] saligheid is [ver]volmaak deur lyde (Hebreërs 2:10). Wanneer ons insien dat Jesus die stryd teen aptyt in ons menslike vlees oorwin het, kan ons vertrou dat Hy ons die krag gee om dieselfde te doen, wanneer ons vra vir Sy genade. Wanneer jy stryd voer teen die verslawing van 'n sekere kossoort of drankie,

---

[39] www.who.int/news-room/fact-sheets/detail/obesity-and-overweight

kan Jesus jou vrymaak. Soek vertroosting by Hom en nie by voedsel nie. Glo dat jy kosbaar is vir Hom en Sy Vader en eis die beloftes van die Bybel soos wat dit direk met jou praat. In hoofstuk 7 lys ek 'n paar van my eie gunstelingverse wat jy kan opeis.

Behalwe voedsel, word ook akohol, sigarette en dwelms gebruik as plaasvervangers vir vertroosting. Selfs al weet die meeste mense dat rook en alkoholiese drank die gesondheid kan verswak is daar steeds baie rokers en drinkers in die wêreld.

Oor die wêreld heen word daar elke dag 15 biljoen sigarette gerook.[40] Die prys wat die samelewing vir hierdie vernietigende gewoonte betaal kan nie ten volle bereken word nie. Nikotien is een van die mees verslawende dwelms wat vandag gebruik word. Die rede waarom dit wettig is in die meeste lande is omdat dit die dood stadig bewerk. Elke 6 sekondes sterf daar iemand aan rook-verwante kanker. Dit is meer as 50 mijloen mense per jaar. Hoeveel pyn veroorsaak dit aan ons hemelse Vader; 50 miljoen van sy kosbare kinders wat onnodig sterf en wat terselfdertyd hul denkpatrone benadeel sodat hulle vatbaar is vir ander verslawings. Rook veroorsaak dat die brein krimp, wat dit moeiliker maak om akkurate besluite te neem.[41]

Daar is geen langdurige vertroosting in rook nie. Dit is 'n stadige vorm van selfmoord. Ons Vader in die hemel veroordeel niemand omdat hulle rook nie. Hy het al sy kinders lief. Indien jy sukkel met rook, kan jy bevry word daarvan. Daar is 'n groeiende aantal programme om jou te help om op te hou rook. Die grootste kwessie wat jy moet oorwin is om te glo dat jy waardevol is. Oorweeg asseblief om die boek *Identiteitsoorlog* te lees wat spesifiek geskryf is om hierdie onderwerp te hanteer.[42]

Die Bybel praat van alkohol en waarsku omtrent die gevare daarvan:

> *Die wyn is 'n spotter, en sterk drank 'n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie. — Spreuke 20:1*

---

[40] https://www.who.int/tobacco/en/atlas8.pdf

[41] https://www.menshealth.com/health/a19535664/smoking-hurts-your-brain/

[42] Beskikbaar op vadervanliefde.com

Alkohol benadeel die redeneringsvermoë en oordeelsvermoë en dit beïnvloed ons verbintenis met God:

> *Die konings, o Lémuël,* **die konings moet nie wyn drink nie, en die vorste moet nie sterk drank begeer nie***; anders drink hy en vergeet die insettinge en verdraai die reg van al die ellendiges.*
> *— Spreuke 31:4-5*

Daar is 'n welbekende alkoholiese drankie met die naam "Southern Comfort."[43] Daar is egter niks in alkohol wat vertroosting bied op die lang termyn nie. In die volgende lied het die sanger die vrou vervang met 'n bottel whisky om hom te troos. Die lied is getiteld *A Coat from the Cold*.

*I found comfort and courage in bottles of whiskey*
*I swear to you friend that old high life sure gives me a scare*
*I blocked up my ears so that no one should learn me*

*But the lady beside me is the one, I have chosen*
*To walk through life with me, like a coat from the cold*

*I have flown like a bird from every cage that confined me*
*And broken every one of the ties that bind me*
*And I have danced me around, all those sad ol', sad ol' situations*
*And I've taken my share of those sweet invitations*

*But the lady beside me is the one, I have chosen*
*To walk through life with me, like a coat from the cold*

*But the lady beside me is the one I have chosen*
*Now walk through life with her, like a coat from the cold.*

So baie mense wat vertroosting soek in iemand anders en verwerping en hartseer ondervind, gebruik alkohol om daardie troos te vind. In 'n onlangse verslag dui die Wêreldgesondheidsorganisasie aan:

> *Alkohol is 'n psigo-aktiewe middel met verslawende eienskappe wat oor baie eeue in baie verskillende kulture grootliks gebruik word. Die skadelike gebruik van alkohol bring groot*

[43] https://en.wikipedia.org/wiki/Southern_Comfort

*gesondheidsprobleme, sosiale en ekonomiese druk in gemeenskappe.*[44]

Die verslag dui ook aan dat daar 3,3 miljoen gesterf het in 2012 wat direk aan alkohol verbind word. Dit is 5,9% van die totale sterftes wêreldwyd vir daardie jaar. Die arme siele wat troos soek in die bottel vind in die plek daarvan die dood. Daar is dié wat elke nou en dan 'n sosiale drankie drink en op die oog af geen skade ly nie, maar die gereelde gebruik van alkohol is grootliks 'n aanduiding van waardeloosheid omdat daar nie aan God vasgehou word vir troos soos dit in Sy Seun geopenbaar is.

Die lande met die grootste verbruik van alkohol per kapita is soos volg:

1. Moldawië (17.4 liters per kapita oor 15+ jare)
2. Belarus (Wit-Rusland) (17.1)
3. Litaue (16.2)
4. Rusland (14.5)
5. Tsjeggiese Republiek (14.1)
6. Romenië (12.9)
7. Serwië (12.9)
8. Australië (12.6)
9. Portugal (12.5)
10. Slowakye (12.5)[45]


Ons Vader veroordeel niemand wat drink nie, maar Hy wil so graag sy kinders bevry van die lyding waarin hulle betrokke is. Hy verlang daarna om genade te gee aan almal wat vra en om hulle vry te stel van hierdie gif wat al so baie lewens vernietig het.

Daar is baie ander stimulante wat mense gebruik wat die senustelsel beïnvloed. Tee, koffie, Coca Cola, kafeïn-energiedrankies, om net 'n paar te noem. Hierdie het almal in verskillende grade 'n invloed op die gedagtes om die denke te

[44] www.who.int/substance_abuse/facts/alcohol/en/
[45] https://vinepair.com/articles/map-countries-drink-most-alcohol/

verduister. Dit beïnvloed ons besluite. Dit alles hou verband met die kwessie van hoe 'n man na 'n vrou kyk. Wanneer hierdie stimulante geneem word is die man se natuurlike instinkte om seksuele droombeelde op te tower baie moeiliker om te weerstaan wanneer hy deur 'n vrou geprikkel word. Vir vroue word die versoeking om klere te dra wat die oog vang baie moeiliker om te weerstaan.

Die menslike brein is 'n fantastiese orgaan waarvan ons steeds probeer om die ingewikkeldheid te verstaan. Die boonste voorste kant van die brein, wat die frontale lob genoem word, hanteer die moeiliker besluitnemingsprosesse en redeneringselemente van die verstand. Die laer agterste deel van die brein fokus op die laer dierlike aspekte van die liggaam wat die emosies, vrees, honger, seks en oorlewing insluit.




Deur stimulerende voedsel en drankies te neem wat die funksies van die frontale lob benadeel, word die laer deel van die brein toegelaat om dominant op te tree. Die redeneringskragte van die verstand is ontwerp om die laer deel van die verstand te hanteer en te beheer. Wanneer hierdie deel van die brein verdwerg word is natuurlike impulse soos honger, vrees, passie en seks minder beheersd en gedissiplineer en word verslawing vergemaklik.

Die apostel Paulus dui aan hoe om die liggaam gedissiplineerd te hou:

> *Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie. — 1 Korinthiërs 9:27*

Die menslike brein funksioneer binne die Goddelike Patroon waar die frontale lob die bron/hoof is en die laer dierlike deel van die brein die onderdanige kanaal is. Ons moet dus seker maak dat ons voedsel en drank inneem wat die werking van die voorkant van die brein voed sodat dit ons aptyt en passies kan beheer. Al die stimulante wat ons gelys het hierbo verminder die vermoë van 'n persoon om hul passies te beheer.

'n Onlangse studie dui aan dat mense wat vleis eet geneig is om meer gereeld seks te hê as mense wat 'n plantaardige dieet verkies.[46] Die inname van vleis versterk die laer passies van die persoon. Dit maak dus sin dat dit die begeerte tot seks sal verhoog. Die oorspronklike dieet wat God aan die mens gegee het, het nie vleis ingesluit nie. Indien mens woon waar vrugte, groente, neute, graansoorte en sade geredelik beskikbaar is, is dit baie makliker om as vegetariër of as vegan die vermoë te ontwikkel om die laer natuur van die mens te dissiplineer.

Hierdie hele bespreking is binne die konteks van God se begeerte vir ons om vrugbaar te wees en te vermeerder en om aan die volgende geslag die beginsels van liefde, goedheid, onselfsugtigheid en vreugde te verskaf. Die verhoogde dierlike begeerte tot seks verlaag die begeerte tot swangerskap en verhoog die begeerte tot dorheid, aborsie, pornografie en al die ander elemente van die huidige wêreldkrisis.

Dit is waar dat mense op sommige plekke in die wêreld woon wat nie kan oorleef sonder een of ander vorm van vleis in hul dieet nie, maar vir die meeste lande is dit nie 'n kwessie nie. Dié wat graag in die denke van vrugbaarheid wil inbeweeg sal wysheid vind in die besluit om 'n eenvoudige dieet te volg, sonder tabak, alkohol, tee, koffie en vleis. Daar is baie meer om te sê oor vleis en die lyding van diere in fasiliteite van massaproduksie, die impak op die omgewing en hoeveel grond nodig is om beeste aan te hou, maar dit is buite die omvang van hierdie boek.

Baie Christene voel dat dit onmoontlik is om wellus te oorwin. Hulle misluk en misluk en hul geloof ly skade wanneer hulle dink dat God hulle nie kan of wil help nie. Liewe leser, indien dit jy is, stel ek waarlik voor dat jy die voorstelle in

[46] https://nypost.com/2018/01/29/eat-these-foods-to-give-your-sex-drive-a-boost/

hierdie hoofstuk oorweeg. Vir baie was dit die allerbelangrike stap om oorwinning te behaal.

Hoofstuk 15

# Die Heerlikheid van God

Ons het reeds in die boek 'n paar keer verwys na die orde wat die apostel Paulus in Romeine een voorsien. Die sleutelelement wat die menslike ras in immoraliteit, geweld en dood gedompel het, hou verband met die heerlikheid van God.

> *Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;* ***omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie****; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is,* ***het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens*** *en van voëls en viervoetige en kruipende diere. — Romeine 1:20-23*

Moses was die eerste persoon wat boeke vir die Bybel geskryf het en hy het God per geleentheid gevra om aan hom Sy heerlikheid te wys:

> *Toe sê die HERE aan Moses: Ook hierdie versoek wat jy uitgespreek het, daaraan sal Ek voldoen; want jy het genade gevind in my oë, en Ek ken jou by die naam. Daarop vra hy [Moses]: Laat my tog u heerlikheid sien. — Exodus 33:17-18*

Die Here het soos volg gereageer:

> *En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE,* ***barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe****, maar nooit ongestraf laat bly nie;* ***wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag****. — Exodus 34:5-7*

Die heerlikheid wat God openbaar het was Sy karakter. Die openbaring wat Moses ontvang het was 'n barmhartige, genadige, lankmoedige, vergewende God wat groot van goedertierenheid is. Dit klink wonderlik! Wat beteken dit om die ongeregtigheid van die vaders te besoek aan die derde en aan die vierde geslag? 'n Opmerking wat ek somtyds by mense hoor is "Hoekom laat God toe dat die kinders vir die sondes van die ouers betaal? Dit klink nie regverdig nie."

Wanneer ons hierdie stelling vergelyk met die beskrywing wat in die tien gebooie gegee word, ontdek ons 'n belangrike leidraad:

> *Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God* ***wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;*** *en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. — Exodus 20:4-6*

Dit is die kinders wat, soos hulle ouers, God haat en dan voortgaan in daardie sondes van hul ouers en daarom besoek word met die sondes van hul ouers. Hoe besoek God die misdade van die vaders aan die kinders? Wat beteken *besoek* in hierdie geval? Die Afrikaanse Bybel vertaal hierdie woord op verskeie maniere uit die Hebreeus.

Die mees algemene vertaling van hierdie Hebreeuse woord is *tel*, gevolg deur die woord *besoek*. Die Hebreeuse sintaksis van die woord *besoek* in Exodus 20:5

is die *Qal* formaat. Ek noem dit net om die wye betekenis van die woord hier te vernou. Die *Brown Driver and Briggs* definisie van hierdie Hebreeuse woord in die *Qal* formaat is:

> *1) om aandag te skenk, om waar te neem*
>
> *2) om op te let na*
>
> *3) om te soek, om rond te kyk vir*
>
> *4) om sonder sukses te soek, benodig, mis, daarsonder te wees*
>
> *5) om te besoek*
>
> *6) om te besoek, te straf*
>
> *7) om 'n verslag te doen, bevinding te beskryf, tel*
>
> *8) om aan te stel, toewys, aanklag of afsetting te doen*

Die eerste vyf variante van hierdie woord vertel ons iets baie interessant. God skenk aandag aan die sonde wat die vaders doen. Hy tel die trane en skenk aandag aan die pyn en hartseer van sy arme sondige kinders. Hy let op en soek rond na dié wat hierdie sondes doen. Hy besoek hierdie mense deur Sy Gees en Sy boodskappers om hulle aandag te trek en hulle te waarsku omtrent hul bose weë.

Deur te waak oor hulle en aandag te skenk aan dié wat teen Hom sondig, gee Hy mense die vryheid om mekaar seer te maak en te vernietig. Hy meng nie in met dié wat Hom haat nie. Hy laat toe dat hulle die gevolge van hul keuses dra. Ander dele van die Bybel bevestig dit:

> *Die HERE het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen;* ***die goddelose is verstrik in die werk van sy hande****. Sela. — Psalm 9:17*
>
> *Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer;* ***hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom****, spreek die Here HERE. — Eségiël 22:31*

Terwyl God waarneem en toesig hou oor wat mense doen en terwyl mense weier om na Hom te luister en na hul eie wense keuses maak, laat God toe dat hul eie boosheid die straf aan hul oordra. Dit is die natuur van God se verontwaardiging en toorn. Dit is nie soos ons menslike verontwaardiging en

toorn nie, want Hy is baie genadig en liefdevol en baie geduldig met ons. God se straf is om hulle NIE te laat ophou steel, moor, verkrag en mekaar vernietig nie. Soos Paulus dit stel:

> *Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. — Galasiërs 6:7*

Wanneer rampe die mense oorval as gevolg van hulle sondigheid, dink hulle dat God besig is om hulle aktief te straf deur toe te laat dat hulle skade lei. Hulle roep uit na God, "Hoekom doen U dit aan my?" Hulle probeer die verantwoordelikheid van die gevolge van hul dade oor te skuif na God. Dit verander die heerlikheid van God in 'n leuen en dit maak God soos hulself, soos 'n verganklike mens.

Die meeste godsdienste hou God voor as 'n wese wat geduldig is tot op 'n punt wanneer Hy genoeg gehad het en dan uiteindelik die dood en vernietiging bring oor dié wat geweier het om te doen wat Hy sê.

Op hierdie punt is daar 'n baie fyn lyn tussen waarheid en leuen. Die enigste verskil is dat God nie die dood afdwing op dié wat Hom verwerp nie; Hy besoek, Hy gee aandag en Hy neem die sondes waar wat mense doen en *laat toe* dat daardie sonde hul straf uitdeel aan dié wat dit doen. Die verskil tussen *straf uitdeel* en *straf toelaat* is geweldig groot. *Uitdeel* eerder as *toelaat* maak God 'n strydlustige geweldenaar en verander die heerlikheid of karakter van God na dié van bose mense.

Wanneer die mens glo dat God gewillig is om straf toe te pas oor dié wat gestraf moet word, bring dit die begeerte om te rebelleer teen God en Hom teen te staan. Dit veroorsaak dat mense twyfel of God hul liefhet. Dit sny die begeerte by mense af om 'n verhouding met Hom te hê. Dit lei selfs tot die geloof dat God nie bestaan nie. Dit veroorsaak dat mense die begeerte ontwikkel om teen Sy wet te rebelleer en dit na te jaag om die wet te verbreek uit rebellie en woede, want hulle dink Hy is tirannies, manipulerend en oormatiglik beherend.

Wanneer ons kyk na die menslike verwerping van die wet van God dan sien ons nie direkte straf van God nie, maar eerder die mens wat homself afsny van

die seën van God en God wat toelaat dat die gevolge van die sonde op hul neerkom:

- **God het die man en vrou gemaak om vrugbaar te wees en te vermeerder**. Die mens het besluit op seksuele verhoudings tussen man en man, wat wegdoen met die lewenskrag van vrugbare seks.
- **God sê, Gedenk my Sabbat sodat ek jou 'n dubbele seën kan gee.** Die mens aanbid op die Sondag of Vrydag of op geen dag nie en ontvang min of geen seën.
- **God stuur Sy Seun om Sy ware karakter aan ons te openbaar**. Die mens neem Sy Seun en hang Hom aan 'n martelkruis en vermoor Hom.
- **God sê aan die mense om nie egbreuk te pleeg nie.** Die mens, in rebellie, pleeg elke dag egbreuk met hul oë en baie van hulle met hul dade.
- **God sê aan die mens om oor die aarde heers; om 'n gees van vrede op die aarde te plaas**. Die mens vernietig die aarde en neem alles wat hy kan vir eie genot.

Dit is alles dinge wat gebeur wanneer jy die verkeerde opvatting het van die heerlikheid van God. Dit dryf jou na volkome rebellie. Die rebellie kan subtiel of openlik wees, maar wat ook al die geval is kan jy glad nie 'n God liefhê sonder vrees wanneer jy glo dat Hy jou sal dreig met die dood indien jy ongehoorsaam is aan Hom nie.

Jesus het aarde toe gekom om aan ons die Vader te openbaar. Die apostel Johannes het die gebed van Jesus op die vooraand van sy dood, neergeskryf.

> *Ek het **U verheerlik op die aarde.** Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. — Johannes 17:4*

Die mens het sy opvatting omtrent die karakter van God deur die eeue verdraai. Die Seun van God moes hierdie wanopvattings van Sy Vader by die mens uitklaar. Hy het aan Filippus, een van sy dissipels, gesê:

> *Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.** En hoe sê jy: Toon ons die Vader? — Johannes 14:9*

Die lewe van Jesus was 'n lewe van onvermoeide arbeid aan die mensdom. Dit was 'n lewe van genade, liefde, geduld en goedheid; nie net vir sy vriende nie, maar ook vir sy vyande. Dit is hoe ons Vader in die hemel is. Wanneer dit by jou insink sal jou vrees vir God verdwyn. Wanneer jy Hom nader deur die lewe wat Jesus op aarde geopenbaar het sal jou karakter begin verander om soos Hy te word.

Dit is hartseer dat die meeste godsdienste God voorstel as een wat sy vyande sal verbrand na 'n sekere wagtydperk. In wese sê die Christelike kerk aan die wêreld: "God sê aan julle, 'Aanvaar my Seun of Ek sal julle verbrand met die mees verskriklike dood.' " Die meeste Christene glo dit is 'n brand wat vir altyd en altyd sal duur. Dit is geen wonder dat mense rebelleer teen hierdie wrede en afstootlike lewensbeskouing nie.

Die Christelike kerk het die heerlikheid van God verander in die beeld van 'n verganklike mens wat die doodstraf bring aan dié wat van hulle verskil. Judaïsme en Islam doen dieselfde ding. Volgens hulle brand alle sondaars in die hel.

Sommige kerke versag hul houding en verkondig dat God mense net vir 'n kort tydjie sal brand. Hoeveel van ons sal ons kinders verbrand nadat ons hulle 'n sekere tyd van vryheid gegun het? Vir hoe lank sal jy hulle brand? Een uur? Sal jy jou kinders leer dat, indien hulle jou nie gehoorsaam nie, jy hulle uiteindelik sal moet doodbrand? Sal dit by jou kinders 'n liefde vir jou opwek? Maak dit enige sin? Het Jesus enigiets hiervan op aarde gedemonstreer? Het Hy enigiemand doodgemaak? Het Hy enigiemand gedreig met die dood?

Dit is onmoontlik om enige troos te vind in die arms van 'n God wat gewillig is om pyniging, marteling en dood aan sy skepping te bring, tensy hierdie dade presies is wat die selfsugtige hart begeer. Dit is die grootste rede waarom ons menslike ras troos soek in ander dinge wat in wese nie vervulling kan bring nie:

> *Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie. — Jeremia 2:13*

Geen wonder dat mense behep raak met voedsel, verslawingsmiddels, seks, pornografie, speletjies en 'n miljoen ander dinge, om een of ander vorm van 'n bietjie troos te vind, sodat hulle deur die lewe kan kom. Hulle het die verkeerde

opvatting van wie God is. Hulle verbeel hul dat God wraaksugtig en tirannies is en dat Hy gewillig is om sy kinders dood te maak en te vernietig.

Ek nooi jou uit om die onderwerp verder te bestudeer in twee boeke wat daaroor handel. Die eerste is *Dade van ons Sagmoedige God* en die tweede is *Agape – 'n Openbaring van die Vader se Karakter van Liefde*. Die boeke is beskikbaar op *vadervanliefde.com*, in PDF formaat.

Glo jy dat Jesus werklik die karakter van die ware God openbaar? Ek hoop jy sal sodat jy troos kan vind in die bron van alle vertroosting, van 'n God wat barmhartig en genadig is, wat lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou is.

Hoofstuk 16

# Gebruike in 'n Ontwikkelende Liefdesverhouding

*Drie is dit wat vir my te wonderbaar is, ja, vier wat ek nie begryp nie: die weg van die arend in die lug, die weg van 'n slang oor 'n rots, die weg van 'n skip in die hart van die see, en die weg van 'n man by 'n maagd. — Spreuke 30:18,19*

*Wie sal 'n deugsame vrou vind? Want haar waarde is ver bo korale. — Spreuke 31:10*

Dié wat voorberei vir die huwelik, indien hulle vrugbaarheid in hul lewens verlang en dit met die volgende geslag wil deel sal ernstig bid dat die Here hulle lei na die regte lewensmaat. Die wyse man dui aan dat dit moeilik is om 'n deugsame vrou te vind. Die hoofrede hiervoor is dat die vaders en moeders van die meeste vroue nie deugsaam is nie. Die klem is primêr op die vader, want die Bybel leer ons:

*Kindskinders is 'n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader 'n eer [hul karakter]. — Spreuke 17:6*

Vir 'n jong dame om deugsaam te word moet sy grootword in die teenwoordigheid van 'n deugsame vader. Sy moet weet dat sy kosbaar is vir hom en moet woorde van aanmoediging, ondersteuning en seën van hom ontvang. Die vermoë van 'n jong dame om die woorde van haar vader te waardeer en te ontvang, hang van haar moeder af. Die moeder bepaal hoeveel

respek gegee word aan die hoof van die huis deur die manier waarop sy sy woorde hanteer. Hierdie beginsels word in meer diepte behandel in die boek *Lewenskwessies*, verkrygbaar op *vadervanliefde.com*.

'n Jong dame kan die tere goedheid van 'n man leer ken deurdat dit aan haar bewys word deur haar vader. Daar is 'n sterk neiging vir 'n dogter om 'n man soos haar vader te kies omdat sy in die atmosfeer van haar vader grootgeword het en daarom sal sy onbewustelik 'n man soos haar vader soek. Dit is ingegraveer in haar hele wese. Dit is wonderlik wanneer 'n jong dame 'n goeie vader het. Wanneer sy egter 'n slegte vader het, het sy die ondersteuning van die wyer gemeenskap soveel meer nodig. Dit kan 'n oupa, leraar of 'n onderwyser insluit. Natuurlik is die beste voorbeeld van 'n goeie en liefdevolle man die Here Jesus Christus. Deur Sy lewe te bestudeer en Sy groot liefde vir ons te oordink, kan sy die atmosfeer om haar begin verander en die patroon van die man wat sy soek sal meer word soos 'n man wat Christus wil soek en navolg.

Dit is 'n vader se plig om 'n beskermheer en bewaarder van sy dogter te wees. Enige jongman wat met haar wil trou behoort die toestemming van haar vader te kry om van 'n gewone vriendskap na 'n liefdesverhouding te beweeg. Hierdie jongman behoort haar nie die hof te maak voordat hy toestemming gekry het van haar vader of beskermheer nie.

Indien 'n jongman met 'n dame wil trou sal hy ook natuurlikerwys ingestel wees om iemand te soek soos sy moeder. Wanneer dit by die getroude lewe kom sal die vroulike atmosfeer van positiewe invloed wat sy in die gesinstuiste skep die bekende atmosfeer wees waarmee hy maklik in 'n jong dame aangetrek sal word.

Indien 'n man nie 'n reddende verhouding met sy Verlosser het en nie vertroosting in Hom vind sal die alternatiewe primêre motivering in sy soektog wees na 'n jong dame om sy primêre vertroosting en intimiteit in haar te vind. 'n Ongeredde man mag instinktief die dame aanbid en haar begeer om die gebrek aan vertroosting te vul.

Die werklikheid hiervan is dat hy nie primêr probeer om haar te seën en vir haar 'n vertroosting te wees nie. Sy eerste gedagtes is eerder aan sy eie selfsugtige gemak. Ons word herinner aan die vers wat sê:

> *...en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag. — Kolosense 2:10*

'n Man se geestelike en emosionele volheid word gevind in Christus. Christus adem op die man Sy vertroosting wat Hy ontvang deur aan die boesem van Sy Vader te wees. Dit is hierdie volheid wat 'n man gevind het in Christus wat hom bring waar hy graag hierdie volheid wil deel met 'n vrou. In hierdie konteks, laat ons die volgende oorweeg:

> *Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. — Génesis 2:18*

Hierdie vers word baie keer verstaan binne die raamwerk dat Adam op een of ander manier 'n gebrek gehad het. Tog was daar geen persoonlike tekort in Adam nie. Die probleem was dat die groot vreugde wat hy ondervind het uiting en versterking moes vind. Deur die vreugde van die Vader en Seun te deel met sy vrou is sy 'n hulp en bystand aan hom in die uiting van hierdie vreugde. Deur iemand te hê wat soos hy is, kon hy haar vertel hoe wonderlik ons Vader is en met haar praat oor die liefde wat hy in Hom gevind het. Hy kan dan sy karakter ontwikkel deur oor haar die vreugde en seën, wat hy ontvang het, uit te stort.

Die *agape* liefde van God moet uitdrukking vind en gedeel word om te groei en Eva het Adam hierin bygestaan. Baie mans voel die gewig van eensaamheid, want hulle vind nie volmaaktheid in Christus nie. Daarom sal hulle hul beginsels prysgee om vertroosting te vind by die vrou, maar daardie vervullende vertroosting is net te vind by God. Die man wat vertroosting gevind het by God sal dit graag wil deel met 'n vrou en haar seën soos Christus hom geseën het. In die vertroosting wat hy in Christus vind sal dit nie nodig wees dat hy sy standaarde verlaag nie; hy sal nie toelaat dat mismoedigheid hom onderkry nie, selfs al versoek Satan hom deur vroue.

Die man en vrou is geskep na die beeld van God en Sy Seun. Dit was nie goed vir die Vader om alleen te wees nie, daarom het Hy Sy Seun na Sy beeld voortgebing in die tyd van die ewigheid. Vir meer hieroor, sien die boek *Die Wysheid van God* op *vadervanliefde.com*. Die Seun van God is die weerspieëling of versterking van God se heerlikheid. Deur gebed en smeking ontvang die Seun liefde en genade van Sy Vader af. Die Seun rig nie versoeke aan die Vader wat die Vader nie wil toestaan nie. Die Vader is lief daarvoor om te gee en

wanneer die regte versoeke tot Hom gerig word is dit vir Hom 'n voorreg om aan hierdie versoeke te voldoen.

Wanneer Eva dinge van haar man gevra het, het Adam dit met vreugde aan haar gegee. Dit het Adam se karakter versterk en het hom gehelp om meer soos God te word. Deurdat Adam aan haar behoeftes voorsien het, het dit Eva toegelaat om die liefde van God te ervaar op 'n meer tasbare wyse wat groot vreugde aan haar verskaf het. Die vrou is die weerspieëling en heerlikheid van die man.

> *Want 'n man moet die hoof nie bedek nie, omdat hy die beeld en heerlikheid van God is;* ***maar die vrou is die heerlikheid van die man****. — 1 Korinthiërs 11:7*

Wanneer die man seën en vertroosting ontvang van Christus, dra hy seën en vertroosting oor aan die vrou op 'n versterkte manier en so word die vrou die weerspieëling van die man se heerlikheid. Dit is 'n pragtige stelsel wat deur ons Vader ontwerp is ter wille van ons koestering en ontwikkeling.

Die beste manier vir 'n man om vertroosting te ontvang van God is om geseën te word deur sy aardse vader gedurende sy groeiende jare. 'n Vader spreek identiteit en seën oor sy seun. 'n Vader sal optree soos ons hemelse Vader wat die volgende aan Sy Seun gesê het:

> *En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. — Matthéúss 3:17*

'n Seun wat geleer het om sy aardse vader te vertrou en te gehoorsaam sal dit makliker vind om sy hemelse Vader te vertrou en te gehoorsaam. Vir dié wat nie 'n goddelike vader, of geen vader, gehad het nie kan hierdie plek gevul word met 'n goddelike rolmodel soos 'n leraar of 'n onderwyser. Ons sien Paulus in hierdie kapasiteit optree teenoor Timótheüs:

> *Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timótheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry. — 1 Timótheüs 1:18*

Die kindskap van Timótheüs aan Paulus was gebasseer op die onderig en Gees wat in Paulus was en wat deur Timótheüs ontvang is. Die noue band tussen

hulle was 'n krag en aanmoediging vir Timótheüs om hom te help om die goeie stryd te stry.

Ek wil terugkom na die beginsels om toestemming te kry om 'n jong dame se hand te neem in 'n liefdesverhouding. Ek wil graag my eie ondervinding deel.

Die Here Jesus het op 'n kragtige manier in my lewe gekom toe ek 18 jaar oud was. Die vreugde van die geloof en bevestiging dat my sondes vergewe is het my groot vertroosting gebring. Ek het groot vreugde gevind deur die Bybel en geestelike boeke, wat my van Christus vertel het, te lees. Ek het 'n vervullende volkomenheid in Christus gevind. Vir 'n tyd lank het ek alle gedagtes aan 'n huwelik eenkant geskuif. Ek wou net die vreugde deel wat ek in Christus gevind het. Dit was die Here Jesus wat my deur 'n reeks omstandighede na my geliefde vrou gelei het.

Toe ek 24 jaar oud was het ek deelgeneem aan 'n gesondheidsopleidings-program, want ek wou graag gesondsheidsendingswerk by my werk van evangelisasie voeg. By hierdie opleidingsprogram het 'n ouer vrou in die geloof vir my gevra, "Is daar nie enige van die jong dames rondom jou waarin jy belangstel nie?" Ek het geantwoord dat ek volkome vervulling in my verhouding met Christus vind. Sy het bietjie verder uitgevra. Is daar nie enige jong dame met wie jy graag oor Bybel-onderwerpe gesels nie? Ek het bietjie nagedink en Lorelle het in my gedagtes opgekom. Ek het aangedui dat daar iemand was met werklike belangstelling in die Skrif en 'n begeerte om dieper te delf in die Woord van God. Sy het my aangemoedig om haar te kontak en haar uit te nooi om 'n dieper verhouding aan te knoop. Haar metode was nogal direk, maar dit is redelik normaal vir Europese vroue en dit was wat ek nodig gehad het om my te motiveer om 'n maat te soek.

Ek het Lorelle geskakel. Op daardie stadium het sy gewerk by 'n sentrum vir bejaardes en gestremdes aan die suidekant van Brisbane. Sy was in haar skik met die oproep, want sy het reeds vir 'n geruime tyd in my belanggestel. Ons het begin om saam tyd te spandeer, maar ek het gevoel dat ek haar nie behoort aan te raak deur haar hand vas te hou of haar 'n drukkie of soentjie te gee nie. Ek was oortuig dat 'n geestelike band in Christus eers moet ontwikkel. Ek is dankbaar teenoor die Here vir hierdie indrukke wat ek ontvang het deur die Woord van God te bestudeer. Wanneer 'n verhouding nie kan bestaan deur

slegs geestelike dinge te deel nie, is daar geen geestelike fondasie waarop dit kan terugval nie.

Lorelle het grootgeword in 'n huis waar sensuele drag en grimering geen plek gehad het nie. Sy het eenvoudig en kuis aangetrek. Sy was nie opdringerig of koketterig nie. Sy het nie oormatig giggelend of dwaas opgetree nie. Sy het nie gesels oor onbeduidende of ligsinnige dinge nie. Ek het hierdie karaktertrekke baie aantreklik gevind. Dus was die basiese dinge wat my na haar aangetrek het haar liefde vir God en Sy Woord. Dit was en is steeds die basis van ons vriendskap. Liefde vir God en Sy Woord.

Vanuit die beginsels wat ons in die Woord van God geleer het, het ons nie net tyd saam spandeer om onsself te geniet nie; ons wou 'n seën vir ons gemeenskap om ons wees. Ons het saam deelgeneem aan die kerk se uitreikaksies en het saam in die koor gesing en het ook 'n paar ander soortgelyke dinge saam gedoen.

Ons vriendskap het goed ontwikkel, maar toe het Satan sy invloed uitgeoefen en probeer om die verhouding te verbreek. Dit is jammer dat ek in my verlede baie flieks oor mans en vrouens wat God nie liefhet nie gekyk het. Ek het in my vlees 'n vrou begeer wat verleidelik is en op 'n sensuele manier aantrek.

Ek het in my gebedslewe gebid dat hierdie dinge verwyder word. Ek het opgehou om flieks en televisie te kyk, maar die saad wat in my tienerjare gesaai is het steeds sy invloed uitgeoefen. Ek is oorweldig met gedagtes van uiterlike fisiese skoonheid soos deur die wêreld voorgehou. Dit het gemaak dat ek die rigting waarin ons verhouding beweeg het in twyfel getrek het. Ongelukkig het ek ingegee aan die druk deur Satan uitgeoefen en ek het Lorelle gebel en haar vertel dat ek die verhouding wou verbreek. Dit het haar natuurlik seergemaak en ek is spyt oor die selfsug wat ek openbaar het.

In reaksie hierop het Lorelle vertroosting gesoek in die Woord van God en afgekom op hierdie gedeelte:

> *Verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer. — Psalm 37:4-5*

Een van die betekenisse van die woord *verlustig* is "om sag en soepel te wees." Sy het besluit om sag en soepel te wees in die hande van die Pottebakker en deur Hom in hierdie proses gevorm te word.

Sy het nie kwaad geword nie, maar deur haar trane het sy hierdie belofte opgeëis. In die duisternis van hierdie tyd het die prag van haar karakter geskyn. In antwoord op haar gebed het die Gees van Christus na my gekom en baie direk met my gepraat: "As jy jou rug draai op hierdie dame, sal jy sterf." Ek het geskrik. Dit was 'n skerp waarskuwing, maar in my hart het ek geweet dat dit waar is. Ek het besef dat vleeslike begeertes meer invloed op my uitoefen as geestelike dinge en ek het die waarheid van die waarskuwing ingesien.

Ek het my sonde bely en Lorelle gekontak en om vergifnis gevra vir my dwaasheid. Sy het my genadiglik vergewe. Daar was geen skerp woorde nie; daar was geen weerwraak oor wat ek gedoen het nie. Daar was ware prag in haar karakter en ek het dit erken.

Ek en Lorelle was betrokke in evangelisasie in ons plaaslike gemeente. Ek was 'n groepleier van 'n groep wat Bybelstudies gedoen het. Ek en Lorelle sou 'n maaltyd voorberei en dan ander oornooi na haar huis en saam met hulle die Bybel bestudeer. Ons het saam begin sing en het 'n paar liedere met lirieke uit die Woord saam opgeneem.[47]

Nadat ons omtrent drie maande saam gekuier het, het ons besluit om Lorelle se ouers te besoek. Hulle het in 'n ander stad, omtrent 12 ure se ry van ons af, gewoon. Terwyl ons daar gekuier het, het ek die geleentheid gebruik om 'n Bybelstudie-kontak op te soek wat ook in Sydney gebly het. Sy was 'n lugwaardin wat belangstelling getoon het in wat ons uit die Bybel gedeel het. Ek en Lorelle het haar gaan opsoek by haar ouers se huis. Ek was al een of twee keer by hulle aan huis en het haar ouers geken. Toe ons daar aankom was die jong dame nie daar nie. Ek het haar gebel. Sy was êrens anders. Sy het gevra of ek na haar sal kom op my eie. Ek was onseker hieroor, maar sy het nie goed geklink nie. Lorelle het agtergebly by haar ouers terwyl ek haar gaan help het. Ek het haar in 'n emosionele gemors gevind. Sy het in Bali 'n verskriklike ondervinding gehad. Ek het haar probeer vertroos met Skrif en gebed.

[47] http://fatheroflove.info/download_section/view/scripture-songs

Terselfdertyd was Lorelle by die dame se ouerhuis waar hulle sagkens geskimp het dat hulle graag wil hê dat hul dogter in 'n verhouding tree met my. Dit was natuurlik baie ontstellend. Ek het kort daarna teruggekeer en terwyl ons teruggery het, het sy my hiervan vertel. Ek het baie sleg gevoel daaroor. Sy het vertel dat dit moeilik was om na hulle te luister terwyl ek nie daar was nie en dit terwyl ek die dame vertroos het. Toe het Lorelle met diepe oortuiging gesê, "Maar indien dit haar gehelp het om nader aan God te beweeg was dit die moeite werd." Ek was verstom. Die meeste dames wat ek geken het sou 'n mate van jaloesie getoon het en sou blamerende woorde uiter in 'n soortgelyke situasie. Toe sy op hierdie manier opgetree het, het ek dadelik geweet dat ek met hierdie meisie wou trou. Ek was diep beïndruk dat sy so 'n volgehoue vertroue in die Here gehad het oor my.

Ek het haar gesê dat ek met haar vader wil praat en sy toestemming vra dat ons die volgende stap neem in ons verhouding. Die bediening van die dood[48] wat sy ontvang het, het vir haar nog meer oorvloedige genade gebring.

Ek het reeds genoem dat ek oortuig was dat ek Lorelle nie behoort aan te raak voordat ons 'n geestelike verhouding gehad het nie. Deel van die rede hiervoor was dat Lorelle onder die beskerming van haar vader gestaan het. Sy het aan hom behoort. Indien ek sou probeer om haar aan te raak met die doel om 'n verhouding te ontwikkel, sonder haar vader se toestemming, sou ek van hom steel.

Ek het die toestemming van haar vader om die volgende stap te neem in ons verhouding nodig gehad voordat ek aan haar hand kon vat. Ek is dankbaar dat ek hierdie raad gevolg het. Fisiese aanraking tussen 'n gewillige paartjie verhoog die vlakke van dopamien in die liggaam en voel wonderlik. 'n Vader het nodig om te weet dat daar omgesien sal word na sy dogter voordat die fisiese en chemiese band in 'n paartjie ontstaan en ernstig word.

Daar is sommige wat voorstaan dat 'n paartjie geen aanraking mag toelaat voor die huwelik nie. Elke paartjie moet hul eie oortuigings volg. Soos ek die Goddelike Patroon verstaan sal die geestelike begin manifesteer in die fisiese. Wanneer 'n paartjie sterk gevoelens van vertroosting vind in hul hemelse Vader

[48] Sien 2 Korinthiërs 3:7

en hulle eet en drink op 'n gesonde en gedissiplineerde manier is daar 'n geestelike basis en is dit nie nodig om fisiese tekens van toegeneentheid te vermy tot na die troue nie.

Dit sluit natuurlik seksuele ontmoetings en enige fisiese aanraking uit wat 'n lokmiddel is vir voorspel wat lei tot seksuele verhoudings. Dit sluit ook 'n drukkie uit waar die voorkante van die liggame in volle kontak kom, waar pelvis met pelvis in kontak kom. Hierdie aksies maak mense kwesbaar en laat Satan toe om versoekings te bring. Binne die huweliksverhouding is sulke drukkies goed as gevolg van die vrystelling van dopamien en oksitosien, maar buite die huweliksverhouding kan hierdie gevoelens maklik lei tot hoerery indien die persoon nie 'n sterk band met ons vertroostende God het nie of nog nuut is in hul insig van die waarheid.

Om dinge in konteks te stel, bo alle dinge behoort die man toestemming van die dame se beskermheer te verkry. Wanneer iemand voorheen immoreel geleef het en 'n swakheid in hierdie area dra, sou die beste raad wees om alle kontak te vermy tot die troue. Indien iemand steeds hierdie ingesteldheid koester moet hul vertroosting in die Vader en Sy Seun bevraagteken word. Ons leef in 'n sondebelaaide wêreld en baie mense het sondige lewens geleef. Indien iemand steeds sukkel met opwekking deur eenvoudige aanraking, dan moet wys opgetree word en behoort hulle alle aanraking te vermy totdat die verhouding in die huwelik verseël is. Ek spreek hierdie slegs deur goedkeuring en nie deur bevel.

Terug by die verhaal van ons liefdesverhouding: ek was maar 'n bietjie ongemaklik oor hierdie gesprek met Lorelle se vader. Hy was 'n stil, saggeaarde man en ek het om wysheid gebid om te weet wat om vir hom te sê. Ek het hom vertel dat ek baie waardering vir sy dogter gehad het en dat sy 'n aanwins vir hom en sy vrou is. Ek het hom vertel dat, soos dinge staan, sal ek graag met sy dogter wil trou, indien dit sy goedkeuring sou wegdra. Ek het hom belowe dat ek, sover moontlik, namens hom na haar sou omsien. Wanneer ek nou terugkyk, staan ek verbaas oor die genade van God om hierdie wyse woorde in my mond te lê. Selfs nou, terwyl ek skryf, bring dit diep emosies van waardering aan God wat my gewys het wat om te sê en te doen, na vore.

'n Tyd lank, wat soos 'n ewigheid gevoel het, het Lorelle se vader niks gesê nie. Ek het ongemaklik geraak oor sy reaksie. Hy het geglimlag met trane in sy oë en gesê dat ek sekerlik sy toestemming het en dat hy my voorspoed toewens. Ek het 'n verbond gemaak met hom vir die beskerming en veiligheid van sy dogter. Die ooreenkoms was tussen ons. Ek dink baie keer aan hierdie ooreenkoms wat ek met hom aangegaan het en my verantwoordelikheid teenoor sy dogter. Ek het my voorgeneem dat ek eendag in die hemelse stad na my skoonpa sal gaan met sy dogter en aan hom vertel dat ek met die genade van God my belofte kon hou om na sy dogter om te sien.

Ek het nie die volle implikasies van hierdie daad besef nie, maar ek verstaan nou dat dit die oorsprong is van vrugbaarheid wat van een geslag na 'n ander oorgedra word; 'n verbond tussen 'n vader en sy voornemende skoonseun is 'n verbond om na sy kosbare dogter om te sien. Ek raak bewoë wanneer ek dink aan die eggo's van die verbond wat gemaak is tussen God en Sy Seun om om te sien na sy dogter, die kerk, en Christus se vasberadenheid om die Vader se dogter aan Hom voor te stel en aan Hom te sê, "Ek het omgesien na U dogter, Ek bring haar voor U met vreugde."

Dus sê ek aan mans wat 'n vrou soek: jy moet 'n verbond aangaan met die vader of beskermheer van die dame dat jy na haar sal omsien. Aan die dames sê ek die ideaal is dat jy 'n vader of beskermheer in jou lewe het, een wat jy weet is lief vir jou en wat die beste vir jou wil hê. Wanneer jy nie jou eie vader of manlike familielid het nie kan 'n leraar of ouderling in die kerk in hierdie kapasiteit optree. Laat daar 'n verbond gemaak word tussen die vader en die seun vir die verlossing van die bruid. Dit sal oor en oor baie seën bring indien julle dit doen.

Nog iets om in aanmerking te neem is om nie lang tye alleen saam te spandeer nie, veral saans. Spandeer tyd saam in die gemeenskap en in die geselskap van ander. Indien julle saans laat kuier word dit moeiliker vir die frontale lob om korrek te funksioneer en as gevolg hiervan word die besluitnemingsproses benadeel en verkeerde besluite word geneem. Wanneer 'n nuwe paartjie kuier tot twee-uur in die môre is dit nie wys nie. Goeie verhoudings het nie nodig om aangehaas te word nie. Dit is onnodig om julself op 'n kwesbare plek te stel om jul verhouding te verdiep.

Geen bespreking oor liefdesverhoudings is voltooi sonder verwysing na die verhaal van Abraham se soeke na 'n maat vir Isak. Isak het nie staatgemaak op sy eie redenasies en impulse om 'n vrou te vind nie. Hy het vertroue gehad in sy vader se jare ondervinding om vir hom 'n vrou te vind. 'n Man behoort met sy ouers te skakel omtrent 'n voornemende vrou. Hulle sal dinge sien wat hy nie kan sien nie. Die meeste jongmanne sien in hul onervarenheid net 'n mooi jong gesiggie en 'n liggaam wat hulle potensieël kan hipnotiseer en dit is sekerlik waar van enige ongeredde jongman. Dames, wanneer 'n man na jou hand vra, maak bo alles eerste seker of hy Christus liefhet. Jou vader of beskermheer kan jou hiermee bystaan.

Die eenheid tussen man en vrou behoort 'n veilige plek te wees waar ander die seën van die verhouding kan ervaar. Soos ek hierdie dinge oordink het, terwyl ek en Lorelle oorweeg het om te trou, het ek Lorelle gesê dat ons een week uitmekaar moet spandeer om te bid en ons gereedheid vir hierdie stap te oordink. Sal die vereniging van ons lewens 'n seën bring aan ons Vader en Verlosser? Sal dit dié rondom ons seën en die wêreld om ons 'n beter plek maak?

Ons het hierdie stap geneem, want Lorelle het 'n werksaanbod gekry in Sydney, die stad waar haar ouers gewoon het. Ons moes besluit of ons sal trou en saam trek na Sydney. Ek was gevestig in my plaaslike gemeente en ek was onseker of ek my werk, met die siele na wie ek omgesien het, moes agterlaat. Dus het ons tyd spandeer uitmekaar. Na drie dae van gebed en studie van die Woord van God, het ek 'n oproep ontvang van 'n kennis in Sydney wat my 'n werk aangebied het in 'n area waarvoor ek opgelei was.

Ek het onmiddellik geweet dat dit die hand van God was wat my die nodige teken gegee het dat ek Sydney toe moes gaan. Ek het Lorelle gebel en gesê, "Trek jou mooiste rok aan. Ons gaan vanaand uiteet." Sy was baie bly daaroor. Daardie aand het ek my huweliksaanbod aan haar gegee in die gees van die verbond. Ek het gevra:

"Is jy gewillig om jou gawes en talente met myne te deel om die derde engel se boodskap te verkondig?"

Ons huweliksverhouding sou gebaseer wees op die verkondiging van die evangelie aan ander. Dit was die hoeksteen van ons huwelik vir die laaste 26

jaar. Dit is ‘n vereniging gebaseer op ‘n toewyding om ander te dien met die seën en vertroosting wat ons ontvang van ons Vader in die hemel. Deur ander te seën is ons wonderbaarlik geseën. Ons het saam oor ‘n paar uitdagende paaie beweeg, maar Lorelle was nog altyd my Godgegewe hulp. My werk in die evangelie word verheerlik en gekroon deur die getuienis van haar saggeaardheid. Ek haal die spreuk aan:

> *Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar. — Spreuke 31:28.*

My gebed is dat jy positiewe beginsels gevind het uit ‘n verhouding wat die seën van God dra. Soos elke ander paartjies in hierdie lewe het ons ook ons uitdagings gehad, maar deur die genade van God het ons dit saam beleef. Ek is so dankbaar dat ons Vader in die hemel my vrou vir my gekies het. Terwyl ek behae gevind het in die vreugde en volkomenheid van Christus, het Hy die vrou na my gebring om saam met my ons Vader en Sy eniggebore Seun te verhoog.

Hoofstuk 17

# Beginsels vir ‘n Gelukkige Huwelik

Die huwelik is vir ‘n leeftyd. Toewydings wat gemaak word vir ‘n leeftyd kan nie gegrond word op nukke en grille of begeertes na vertroosting ontvang buite ons geliefde Vader nie.

In die vorige hoofstukke het ons ‘n paar sleutelbeginsels uiteengesit. Ons som dit hier op:

1. Ons Vader in die hemel is ons eerste bron van vertroosting en intimiteit. Dit word aan ons beskikbaar gestel deur Sy Seun.
2. Die huwelik is gebaseer op die verhouding tussen die Vader en die Seun, want ons is gemaak na Hulle beeld. Hulle verhouding opereer op die gebied van onselfsutige *agape* liefde. Génesis 1:26
3. Die huwelik is gebaseer op die beginsel van geestelike en fisiese vrugbaarheid. Om vertroosting te soek in seks of om jouself aantreklik te maak sodat iemand jou aanloklik vind, lei tot ‘n kultuur van selfsug, verslawing, dorheid en uiteindelik die dood.
4. Elke persoon dra ‘n atmosfeer om hom. Die atmosfeer wat geskep word in die verhouding tussen die man en vrou word deur die volgende geslag geërf. ‘n Atmosfeer van selfsug sal selfsug meebring. ‘n Atmosfeer van liefde, genade en vrede sal hierdie eienskappe in die volgende geslag meebring.

5. Sedert die mens in sonde geval het is dit nie moontlik vir 'n man of vrou om onselfsugtig te wees sonder die Gees van Christus nie. Ons het die Gees van Christus op 'n daaglikse basis nodig om genadig, vol liefde en vriendelik te wees.

6. Die Sabbat is 'n spesiale dag van rus waartydens 'n dubbele seën van die Gees van Christus vrylik aan ons uitgedeel word sodat ons soos Christus kan word. Die Sabbatseën word vergroot gedurende die Nuwemaan en die Feeste. Wanneer ons na God gaan in hierdie tye en ons bely ons nood aan sy Gees sal ons ontvang volgens ons begeerte wanneer ons tydens hierdie tye vra.

7. 'n Huweliksverbond moet gemaak word tussen die vader of beskermheer van 'n dame sodat daar na haar omgesien sal word deur die voornemende man.

8. Die huweliksverbond tussen man en vrou is dat hulle 'n seën sal wees vir mekaar en dié om hulle. Die huwelik gee 'n geleentheid vir ander om in te kom en ook te deel in die liefde, vreugde en vrede van daardie tuiste.

9. Omdat ons na die beeld van God en Sy Seun gemaak is volg dit dat die vrou alles wat sy besit van haar man erf. Wanneer hierdie erfenis erken word deur beide die man en die vrou sal die man sy plig nakom om na sy vrou om te sien en die vrou sal haar posisie langs hom inneem met dankbaarheid en onderdanigheid aan haar man, op dieselfde manier as Christus aan Sy Vader (1 Korinthiërs 11:3). Die beginsels word uiteengesit in die boekie *Oorspronklike Liefde* en die boek *Lewenskwessies*, beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

10. Wanneer liefde in die harte van beide die man en die vrou is sal daar geen eise, dwang, manipulasie, geskreeu of enige vorm van mishandeling wees nie. Dit is alles 'n openbaring van selfsug.

Oor die afgelope 25 jaar, in my bystand aan paartjies met huweliksberading, word die grootste klem van die frustrasies geplaas op die foute van die ander party wat dinge nie reg doen nie. Deur die foute van jou maat met 'n frustrerende stem uit te wys los nie die probleem op nie, maar blaas die kwessies eerder aan.

Indien daar een beginsel is wat ek met die manne kan deel dan is dit om die krag van jou woorde mooi te oordink.

> *Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. — Spreuke 18:21*

Wanneer jy 'n probleem in jou vrou opmerk neem dit na die Here en bid daaroor sonder om dit aan te spreek. Spreek woorde van aanmoediging en seën oor haar. Sy moet weet dat jy haar ten volle waardeer en vir haar sorg. Hoe moeiliker haar agtergrond, hoe meer benodig sy teerheid en geduld. Dit bring mee dat jy jou kruis moet opneem en Jesus volg. Dit vra selfopoffering en net Jesus kan dit aan jou voorsien.

Elke keer wanneer ons harde woorde spreek teenoor ons vrouens, vervloek ons hulle. 'n Atmosfeer van gespanne frustrasie laat jou vrou voel sy is nutteloos en sy is afgekeur. Dit lei tot vergelding en selfvernietigende gedrag.

Toe ek grootgeword het was vrouens as 'n reël meer gefokus op 'n netjiese huis as op hul mans. Vir vrouens gee ek die raad: moenie verwag dat jou man outomaties net so netjies soos jy in en om die huis sal wees nie. Baie mans het geen opleiding in huishoudelike pligte nie. Ek was glad nie. Dit het 'n ruk geneem voordat ek onthou het om my handdoek in die badkamer op te tel, ens., om dinge in die badkamer ordelik te hou. Wanneer jy jou woede en frustrasie lig teenoor jou man sal jy sy swak gedrag versterk en hy sal oor en oor misluk. Verandering word teweeg gebring deur liefde, geduld, geloof en vriendelikheid.

Nog iets om te oorweeg is om jul huis te beskerm teen die invloed van dinge wat swak kommunikasie tussen julle bring. Wêreldse musiek, flieks, boeke en speletjies bring 'n wêreldse atmosfeer. Wanneer jy hierdie dinge in die huis het maak dit 'n opening wat Satan en sy engele toelaat om beide man en vrou te verwar en te irriteer. Satan probeer altyd om 'n gelukkige huwelik te vernietig, want daardeur bring hy oneer aan God en Sy Seun. Enige fliek vanuit Hollywood sal die verkeerde invloed in jou huis bring. Enige TV program met immoraliteit, moord, geweld en vuil taal sal 'n opening in jou huis vir Satan meebring. Hierdie dinge kan baie subtiel wees, maar dit sal baie probleme vir jou veroorsaak. Is jy bekommerd of jy genoeg geld het om van te lewe? Onthou die woorde van Christus:

*Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges? Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.*
*— Matthéüs 6:25-34*

Dit is moeite om nie bekommerd te wees oor sulke dinge nie. Menige keer moes ek op my knieë gaan en bid totdat die spanning uit my vloei. Ons Vader in die hemel sal altyd omsien na ons wanneer ons Hom vra. Somtyds sal ons langs moeilike paaie gelei word as gevolg van ons blindheid om die dinge te sien waarin ons Satan toelaat om ons aan te val en skade te berokken. Indien jy weet dat ons Vader altyd genadig is dan sal jy weet dat Sy oor altyd gewillig is om ons gebede aan te hoor. Dit mag 'n lang tyd duur vir dinge om te verander, maar tydens die wagperiode groei jou geloof. Een finale gedagte oor die onderwerp, iets wat jy goed weet:

*Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie*

*vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief. — Efésiërs 5:22-28.*

Hoofstuk 18

# Egskeiding en Hertrou

Die hoë egkeidingsyfer in ons hedendaagse gemeenskappe is nog 'n bewys van mense se blindheid omtrent die heerlikheid van God se karakter van liefde. In die Verenigde State van Amerika is daar 'n egskeiding elke 36 sekondes of 876 000 egskeidings per jaar. 42% van eerste huwelike in hierdie land eindig met 'n egskeiding. Vir hulle wat groener weivelde soek in 'n tweede huwelik lyk dinge nog erger: 60% van tweede huwelike eindig met 'n egskeiding en 73% van derde huwelike eindig met 'n egskeiding.[49] Hieronder is 'n lys van lande met die wêreld se hoogste egskeidingsyfers.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Wit-Rusland (Belarus) | 68% | 11. | Moldawië | 52% |
| 2. | Russiese Federasie | 65% | 12. | Verenigde State | 49% |
| 3. | Swede | 64% | 13. | Hongarye | 46% |
| 4. | Letland | 63% | 14. | Kanada | 45% |
| 5. | Ukraïne | 63% | 15. | Norwië | 43% |
| 6. | Tsjeggië | 61% | 16. | Frankryk | 43% |
| 7. | België | 56% | 17. | Duitsland | 41% |
| 8. | Finland | 56% | 18. | Nederland | 41% |
| 9. | Litaue | 55% | 19. | Switserland | 40% |
| 10. | Verenigde Koninkryk | 53% | 20. | Ysland | 39%[50] |

[49] www.mckinleyirvin.com/family-law-blog/2012/october/32-shocking-divorce-statistics/

[50] http://divorce.com/worldwide-divorce-statistics/

Egskeiding is traumaties genoeg vir die paartjies, maar die uitwerking is verwoestend op die kinders wat gebore is in die huwelik. Ek bespreek meer oor die skok op kinders in die boek *Identiteitsoorlog* beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

Indien 'n huwelik toegewy is aan God se begeerte tot vrugbaarheid dan waarborg die gedagte van 'n egskeiding 'n ernstige terugslag vir die volgende geslag, veral wanneer die kinders ten tyde van die egskeiding nog in die huis is. Met hierdie in gedagte sal die paartjie ernstig tot die Here bid om egskeiding te verhoed.

Die Bybel praat oor hierdie onderwerp. Dit is interessant om die woorde van Moses en die woorde van Christus te vergelyk.

> *As 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy haar 'n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur... — Deuteronómium 24:1*

Die woorde van Moses klink baie ongevoelig totdat Christus die betekenis vir ons kom verklaar:

> *Hulle sê vir Hom: Waarom het Moses dan beveel om 'n skeibrief te gee en van haar te skei? Hy antwoord hulle: Omdat Moses weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie.*
> *— Matthéüs 19:7-8*

Jesus openbaar dat egskeiding vir diegene is wie se hart verhard is. Moses het nie hierdie wet as 'n lewensbeginsel gegee nie, hy het dit onder inspirasie van God geskryf om die hardheid van die mens se hart te weerspieël. Die wet van Moses bevat baie gebooie wat die hardheid van die mens se hart soos 'n spieël weerskaats, want die Wet is 'n spieël wat die mens se sonde aan hom toon. Hier is 'n ander voorbeeld van die hardheid van die mens:

> *As 'n man 'n dogter, 'n jongmeisie, kry wat nie verloof is nie, en haar aangryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap, dan moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, die vader van die dogter vyftig sikkels silwer gee; en sy moet sy vrou wees,*

> *omdat hy haar onteer het; hy mag haar nie verstoot solank as hy lewe nie. — Deutoronómium 22:28-29*

Dit is geskryf weens die hartheid van die mens se hart, maar van die begin af was dit nie so nie. Die vraag is of 'n jong dame moet trou met 'n man wat haar verkrag het? Dit is ondenkbaar wreed en ongevoelig teenoor die dame. Hierdie gebod spreek die man aan soos 'n spieël in die taal van die man om hulle sondige gedagtes te vermeerder (Romeine 5:20). Dit sê ook aan die mans: Wanneer jy 'n vrou verkrag word jy verantwoordelik vir haar. Dit dien as 'n afskrikmiddel vir mans, maar dit wys ook die hardheid van die mans en die gemeenskap se denke dat die vrou deur seksuele mag in besit geneem kan word. Daar was in daardie tyd geen sosiale dienste of fondse of staatswelsyn nie. Wanneer 'n vrou seksueel misbruik is het geen ander man in haar belanggestel nie. Wie sal na haar omsien? Indien 'n man 'n vrou verkrag met inagneming van hierdie dinge en op selfsugtige wyse hierdie vermanings verontagsaam, openbaar dit die hardheid van sy hart. Dit openbaar nie 'n denkwyse van vrugbaarheid nie, maar van die dood. Die atmosfeer in 'n tuiste van so 'n verhouding lei tot die dood en tot hartseer vir die kinders wat daarin gebore word.

Die Bybel is duidelik oor wat God dink van egskeiding:

> *Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie. — Maleági 2:16*

Hierdie is harde woorde en met goeie rede. Egskeiding is nie 'n beginsel van vrugbaarheid nie, maar van hartseer, dorheid, siekte en die dood. Wanneer óf die man óf die vrou egskeiding kies is dit omdat die Gees van Jesus nie meer in hulle heers nie. Solank Jesus in iemand se hart in beheer is, is egskeiding nie 'n opsie nie. Dit verhoed natuurlik nie egskeiding nie, want dit vra van albei in die verhouding om Christus in hul verhouding te bring sodat Hy die leiding kan neem. Indien een weier om die huwelik te eer en kies om die ander te verlaat, voel die agtergeblewene meermale hulpeloos om dit te verhoed.

Egskeiding is die natuurlike gevolg van mans en vroue wat hulle primêre vertroosing in 'n ander persoon soek. Wanneer 'n vrou voel sy word nie op prys

gestel nie en voel sy is ongewens, word sy versoek om die aandag van 'n ander man te soek wat haar die dinge sal vertel wat sy graag wil hoor. Mans sal haar uitlok deur geskenke en haar vertel dat sy pragtig is, want hulle soek vertroosting deur seks. Ware vertroosting kom slegs van God deur die aangewese kanale. Daar is geen ware vertroosting in hoerery en owerspel nie. Soos ons reeds vroeër opgemerk het in die vorige hoofstuk:

> *Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. — Matthéüs 6:33*

Wat kan 'n vrou doen in 'n situasie waarin haar man gewelddadig raak? Eerstens moet sy bid om wysheid met betrekking tot haar eie optrede. Vroue kan gewelddadig wees met hulle tonge. Wanneer 'n vrou op haar man op 'n veeleisende en beherende manier skree, saai sy die saad van geweld. Wanneer sy haar man verkleineer en bespot in die publiek, saai sy die saad van geweld. Die vinnigste manier vir 'n vrou om haar man tot geweld te dryf is deur verbale en emosionele misbruik. Mans haat dit om geminag te word.

'n Man wat nie goeie kinderjare gehad het nie en wat uit 'n agtergrond van egskeiding kom sal meermale sulke minagting geweldig moeilik vind om te hanteer. Die hartseer werklikheid is dat indien sy ma beledigende taal teenoor sy pa gebruik het sal hy onbewustelik aangetrek word tot 'n vrou met beledigende taal. Die vrou kan haarself op Christus werp en probeer om nie haar man oneer aan te doen nie en probeer om onderdanig te wees in haar gees soos Christus. Indien haar man haar steeds slaan behoort sy terug te staan.

Daar is geen verskoning, onder enige omstandighede om 'n vrou te slaan nie. Dit is 'n oortreding van die huweliksbeloftes om na jou vrou om te sien en haar lief te hê. 'n Vou wat deur haar man geslaan is en selfs wanneer die man deur die vrou geslaan word moet hulle, en ek herhaal, moet 'n veilige plek gesoek word om 'n boodskap te stuur dat hierdie mishandeling nie kan voortgaan nie. Indien 'n huweliksmaat sulke behandeling toelaat, stel hulle die ander in staat om die misbruik voort te sit. Die atmosfeer in 'n huis waar die een huweliksmaat die ander slaan is ongesond vir kinders en natuurlik ook vir die lydende maat.

Indien 'n man byvoorbeeld min of geen berou toon omdat hy sy vrou geslaan het nie en haar probeer blameer vir die situasie, indien sy Christelik en in goedheid opgetree het, moet sy toevlug soek. Dit is 'n baie moeilike situasie.

Die ouderlinge en leiers in die gemeenskap moet hier hulp bied. Dit beteken wel potensiële konflik met ander mans, maar dit moet aangespreek word.

'n Vrou behoort tydelik fisies geskei te word van 'n man wat gewelddadig word. Dit voel partymaal onmoontlik, maar binne 'n ondersteunende gemeenskap moet sy hierdie hulp soek om die huwelik op die lang duur te behou. Wanneer sy in 'n verhouding bly waar sy misbruik word bring dit 'n stadige vernietiging van die vrou se geestelike lewe. Die spanning, vrees en fisiese houe verinneweer haar siel en met 'n verswakte verbintenis met haar hemelse Vader raak die vermoë om te herstel amper onmoontlik. Moenie wag om die tweede keer geslaan te word nie. Bid tot ons Vader om jou te help om 'n toevlug te vind waar jy jou gedagtes weer bymekaar kan kry.

Huishoudelike geweld veroorsaak tans dat daar 137 vroue daagliks vermoor word deur hul maat of 'n vorige maat.[51] Hierdie statistiek is onbeskryflik skrikwekkend. Hoeveel lyding word nie as gevolg hiervan in die wêreld gebring? Hoeveel lyding bring dit nie vir ons Verlosser nie? In die VSA word daagliks drie vroue vermoor deur hul intieme maat.[52] In Afrika styg die getal na 50 vroue per dag. Dieselfde aantal kom voor in Asië. In Frankryk is dit een vrou elke drie dae.[53] In Australië is dit een of twee vroue per week.[54] Hierdie syfers getuig van 'n wêreld wat op die punt staan van selfuitwissing. Ons gemeenskap kan nie onderhou word indien hierdie statistieke voortduur nie.

Dames, dit is as gevolg van hierdie redes dat jy toevlug moet soek indien jy omgee vir jou man. Indien jy dit nie doen nie sal jy ingee onder spannings-uitputting en dit kan lei tot jou ondergang. Woede wat 'n man dryf tot vrouemishandeling is satanies.

Geweld teen 'n ander siel is 'n bewys van die gevoel van waardeloosheid by die oortreder. Dié van ons in geseënde Christenhuise moet bid vir die wêreld en vir Christus wie elke dag hierdie gewelddadige gebeure ontbeer. Die wêreld

---

[51] https://www.bbc.com/news/world-46292919
[52] https://www.nbcnews.com/news/us-news/domestic-violence-nearly-three-u-s-women-killed-every-day-n745166
[53] https://www.thelocal.fr/20171124/hundreds-of-thousands-of-french-women-suffer-domestic-violence-every-year
[54] https://womensagenda.com.au/latest/two-women-are-now-killed-by-domestic-violence-every-week-the-time-for-discussion-is-over-it-s-time-to-act/

het 'n openbaring van die ware karakter van God nodig. Ek nooi jou uit om die boek *Agape*, beskikbaar op *vadervanliefde.com*, te lees vir 'n breedvoerige studie van die dieper bybelse gegewens oor 'n God wat waarlik genadig is.

Wat van 'n verhouding wat nie gewelddadig is nie, maar waarin daar ook geen vreugde is nie? Jesus gee die volgende raad:

> *Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.*
> *— Matthéüs 5:31-32*

Jesus vertel ons die enigste rede waarom 'n man 'n egskeiding van sy vrou kan oorweeg is wanneer sy owerspel pleeg. Die meeste vroue wat liefde en waardering van hul mans ontvang het 'n skraal kans om owerspel te pleeg, maar dit is altyd moontlik.

Die versinnebeelding van owerspel word gebruik om die optrede van God se mense teenoor God te beskryf wanneer hulle afgode aanbid. Christus is die geestelike man van elkeen wat deel is van die kerk:

> *Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het.*
> *— Efésiërs 5:25*

> *Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. — Efésiërs 5:32*

Toe Israel hulle na afgodery gewend het, het haar ware Man na haar geroep:

> *Maar soos 'n vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle troueloos teen My gehandel, o huis van Israel, spreek die HERE*
> *— Jeremia 3:20*

> *o Die vrou wat owerspel bedrywe! Terwyl sy onder haar man staan, het sy vreemdes aangeneem. — Eségiël 16:32*

In die taal wat hulle verstaan waarsku God Israel wat die gevolg sal wees indien hulle Hom verlaat. Ten spyte van dit alles gee God hulle nie prys nie. Luister na hoe God praat met sy afvallige vrou – die Kerk:

> *Jou skandelike daad en jou gruwels moet jy dra, spreek die Here HERE. Want so sê die Here HERE: Ja, Ek doen aan jou soos jy gedoen het, wat die eedswering geminag het deur die verbond te verbreek.* ***Ewenwel sal Ek dink aan my verbond met jou in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou 'n ewige verbond oprig****. Dan sal jy aan jou weë dink en skaam wees, as jy jou susters aanneem wat groter is as jy, by dié wat kleiner is as jy, en Ek hulle aan jou as dogters gee; al is dit nie kragtens die verbond met jou nie.* ***En Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die HERE is; sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie meer oopmaak vanweë jou skande nie, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here HERE****. — Eségiël 16:58-63*

Dit is hoe God dié wat geestelike hoerery teen Hom pleeg, hanteer. Ons sien ook die vrou wat gedurende die tyd van Christus in owerspel betrap is. Christus het haar nie veroordeel vir haar sonde nie. Hy het haar vrylik vergewe omdat Hy daartoe in staat was as die Een wat haar gemaak en geskep het.

> *En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie. — Johannes 8:10-11*

Indien jou man of vrou iemand anders sien, moet jy hulle veroordeel? Jesus het nie die vrou wat in owerspel geval het veroordeel nie. Ons Vader veroordeel mense nooit nie. Dié wat sondig, sal beide hulself en ander veroordeel:

> *Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee. — Johannes 5:22*

> *Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. — Johannes 3:17-18*

Indien jou maat in 'n verhouding is met iemand anders terwyl jy alles in jou vermoë gedoen het om getrou te wees bring dit geweldig baie pyn. Dit bring woede en bitterheid. Die uitdrukking van bitterheid bring nie versoening nie, maar vererger die pyn. Ons Vader in die hemel reik uit na dié van ons wat deur hierdie dal van donker, hartseer skadu's gaan. Hy wil jou vertroosting en ondersteuning wees. Sonder om die vertroosting van Christus te ontvang is dit onmoontlik om die verhouding te herstel. In hierdie tye, bedink die volgende verse:

> *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. — Matthéüs 11:28*
>
> *Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle. — 1 Petrus 5:7*
>
> *Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer. — Psalm 50:15*

Slegs deur die genade van die Heilige Gees kan iemand deur so 'n beproewing kom. Dit is belangrik om te onthou dat jy kosbaar is vir ons Vader en ons Verlosser. Hulle ly saam met jou wanneer jy ly. Wanneer jy trane stort, huil Hulle saam met jou. Dit bring lyding aan Hulle om jou deur pyn te sien gaan.

Indien jy ons dierbare Vader die bron van jou vertroosting gemaak het is dit moeiliker vir ander om jou waardeloos te laat voel. Indien jy jou vertroosting en waarde in jou maat gevind het sal jy heeltemal verpletter wees.

Jesus weet wat dit is om verwerp te word. Hy weet hoe dit voel wanneer iemand op jou spoeg. Hy is goed gekwalifiseerd om vertroosting te bied aan dié wat voel hulle word oorweldig. Indien jy toelaat dat die verwerping deur jou maat jou oorweldig sal jy 'n ander mens word, nie 'n beter mens nie.

Baie mense verhard hulself om die pyn te keer. Indien jy jou hart verhard sal jy jou mees kosbare besitting verloor: 'n teer hart. Moenie dat Satan jou hart verhard nie; laat jou hart oor aan die Trooster, aan die Here Jesus Christus wat jou kan vervul met blywende krag, troos en seën.

Wat maak jy indien jou man pornografie kyk? Wanneer daar probleme in die verhouding is, is die kans dat dit kan gebeur in ons tegnologiese era baie goed. 'n Man wat na pornografie kyk wys duidelike tekens dat sy hemelse Vader nie

sy eerste vertroosting is nie. Hy is in 'n verswakte geestelike toestand. Satan kan hom oorweldig met versoekings. Indien jy skree op hom en hom vertel hoe boos dit is sal dit sy skuldgevoel vererger indien hy enige gewete oor het. Moenie met jou man praat wanneer jy kwaad is vir hom nie. Onthou dat mans nie dink soos vroue nie. Hulle emosionele samestelling is anders. Dit is 'n aptyt en begeerte tot vertroosting deur seks in die gedagtes. Indien jy jou woede vir hom toon sal jy in die meeste gevalle hom dieper daarin dryf.

Vra jou man of dit die wil van God is. Selfs al klink die vraag absurd, moet dit deur die proses gaan waar daar appél aangeteken word. Vra hom in 'n sagmoedige gees of hy vrede het daarmee. Sover jy kan, wees soos Jesus teenoor hom en dra jou kruis deur gebed.

Jesus sê aan ons deur te kyk na 'n vrou om haar te begeer is om egbreuk te pleeg. Deur te kyk na pornografie is 'n oortreding van die huweliksbeloftes; dit is om die Tien Gebooie te breek.

In die vroeë 2000s, toe die internet nog nuut was, wou ek 'n filter installeer op my rekenaar om immorele beelde te voorkom. Ek het die filter op my webblaaier getoets en 'n paar beelde het deurgekom. Nuuskierigheid het die oorhand gekry en ek het na die beelde begin kyk. Na 'n kort tydjie is 'n groot stryd in my gedagtes ontketen. My senuwees het gevoel of dit brand. Die Gees van God het by my gepleit om nie langs hierdie weg na die hel voort te gaan nie. Daar was 'n geweldige stryd in my hart en in my gedagtes. Ek het geweet dit was aanvallend teenoor my Vader in die hemel en dat dit my Verlosser gewond het. Vir die eerste vyf minute het die Satan aan my die verskoning opgedis dat dit reg was omdat ek net besig was om die filter te toets. Na 15 minutes kon ek nie meer hierdie verskoning gebruik nie. Na 'n halfuur kon ek nie meer voortgaan nie; die stryd was te oorweldigend en ek is dankbaar teenoor die Here wat my gered het van hierdie vernietigende weg.

> *Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. — Galasiërs 5:17-18*

Na hierdie kort ontmoeting het ek nie weer gewaag om naby enigiets soortgelyk te kom nie. Ek het die Here gevra vir genade om hierdie dinge agter

te laat en Hy het my wonderbaarlik gehelp. Jesus is my Trooster en dit verdryf die aptyt vir pornografie. Soos reeds genoem, is dit 'n aanhoudende stryd wat van 'n man vra om homself daagliks aan God te onderwerp en te vra vir genade om versterk te word deur die Gees in die innerlike mens. Die wonderlike waarheid van die Skrif is dat die Gees van Christus in jou kan woon:

> *...aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.*
> *— Kolossense 1:27*

Deur die Gees het ons die sin (of denke) van Christus:

> *Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus. — 1 Korinthiërs 2:16*

Die denke (of sin) van Christus begeer nie 'n vrou nie en wil ook nie na pornografie kyk nie en ook nie na beelde van naakte of effens-geklede vroue nie. Hierdie denke kan in ons as mans wees. Ons moet net vra vir Sy Gees en glo dat ons dit sal ontvang. Bid sonder ophou, sê die Bybel. Wanneer jy oorweldig voel, kyk mooi na wat jy eet, na jou musiek en na die dinge waarna jy kyk. Dit is onmoontlik om hierdie beelde te stop wanneer jy steeds kyk en luister na dinge wat hierdie demone toelaat om jou te versoek met seksuele perversie en immoraliteit.

Vir elke pornografiese video waarna 'n man kyk moet hy in die oordeelsdag rekenskap gee. Nie dat God die veroordeling sal doen nie, maar ons sien die onselfsugtige liefde van God en Christus geopenbaar en vergelyk dit met ons selfsugtige bose begeertes binne ons en dan sal die beelde wat ons gekyk het, of die immorele seksuele dade waarin ons betrokke was, soos 'n meulsteen om ons nek hang om die lewe uit ons te vergruis. Vlug na Christus en aanvaar nou sy vergifnis sodat jy jou eie selfveroordeling kan ontvlug. Jesus sê duidelik aan ons:

> *Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. — Matthéüs 7:2*

Almal wat hulself verontreinig met die vlees van ander sal teen die einde besef dat hulle kosbare seuns en dogters van die Vader, wie ook hulle geestelike broers en susters is, geskend het. Indien so iemand nie glo in 'n genadige God wat nou wil vergewe nie sal daar geen hoop wees teen die einde nie. Die selfveroordeling sal oorweldigend wees.

Wie is dan vry om weer te trou? Dit is die brandende vraag by menige mense. Wat gebeur wanneer jou man of vrou met iemand anders 'n verhouding het? Baie mense wat weet wat die Bybel sê sal heimlik wens dat hul maat wegloop met iemand anders, wat hulle dan sal vrystel om weer te trou. Dit is nie *agape* liefde nie; dit is selfsug. Sommige sal selfs hul maat manipuleer en op subtiele wyse hul lewens versuur sodat hulle wegloop met iemand anders. Daar word dan gereken dat die manipuleerder vry is om te trou met iemand anders, want hulle het nie weggeloop nie. Hulle was op die oog af getrou in die oë van die gemeenskap.

Indien jou maat jou wel verlaat vir iemand anders wag op die Here. Probeer elke dankbare opsie om hulle van hul fout te oortuig. Dié wat dadelik 'n ander maat soek nadat hul eggenoot hul verlaat het tree nie op in die Gees van Christus nie. Indien jy vertroosting soek in Christus, dan benodig jy nie die arms of boesem van iemands anders nie.

Indien jou maat jou verlaat en met iemand anders trou, wag dan vir 'n tydperk. 'n Hart wat gebreek is deur so 'n verwerping is nie gereed om weer te trou nie. So 'n hart het die tere, genesende liefde van Christus nodig om gereed te wees vir 'n huwelik. Ons onthou dat dié wat kies om te hertrou 'n baie groter kans het om in die tweede huwelik te misluk. 'n Mens het 'n paar jaar nodig om so 'n gebeurtenis te verwerk. Maak Christus jou Trooster en jou Geneesheer eerder as 'n ander man of vrou.

In hierdie omstandighede is dit beter om geduldig en aanhoudend te bid. Wanneer jou maat die fout in hom of haar optrede besef kan julle verhouding herstel. Ons Verlosser het dit gedoen vir die kerk. Hy wag terwyl die kerk baiemaal optree soos 'n hoer. Wanneer jy gestruikel en geval het in die arms van iemand anders, maar nie jou man of vrou geskei het nie en jy besef jou fout en bely dit kan jy jou huwelik opeis, veral as daar kinders by betrokke is.

Baie dink dat indien iemand opsetlik egbreuk pleeg is dit die einde van hul verhouding. Totdat jou oorspronklike getroue maat jou skei en hertrou is daar geleentheid tot versoening en genesing. Die sleutel is om nie te gou weer 'n verhouding aan te knoop nie.

Indien 'n man of vrou egbreuk pleeg en van hul eerste eggenoot skei het hulle geen grond om te hertrou met iemand anders nie. Wanneer hulle oorspronklike eggenoot hul vergewe, mag hulle terugkeer. Indien die getroue party hertrou met iemand anders behou die skuldige party enkellopende status in die vertroosting van Christus.

Die meeste mense volg nie hierdie raad nie. Indien ons hierdie raad getrou volg dan sou die onskuldige party moet besef dat, indien hulle hertrou, verbind hulle hul vorige maat tot 'n lewe van enkellopende status.

Die Bybel sê dat God egskeiding haat. Wie wil iets doen wat God haat? Hoekom haat Hy dit? Omdat dit indruis teen wat God aan sy skepping wil gee: die beste. Die verwerping van Sy raad bring ongekende ellende en lyding. Moenie jul harte verhard deur egskeidingsertifikate uit te reik nie. Dit is nie die Christelike manier om dinge te doen nie.

Indien jy deur 'n egskeiding is voordat jy 'n Christen geword het weet dat ons Vader jou nie veroordeel nie. In die lig van Bybelse waarheid het jy nie gesondig nie. Dit beteken nie dat daar geen lyding sal wees nie; 'n tuiste wat 'n egskeiding deurgemaak het is onstabiel en gevul met onsekerheid as gevolg van die voortdurende uitdagings in verhoudings.

Daar is nog baie ander spesifieke vrae oor hierdie onderwerp. Ek het probeer om net die basiese riglyne uiteen te sit en my gebed is dat die God van alle vertroosting jou wysheid sal gee terwyl jy hierdie dinge oordink.

Hoofstuk 19

# Enkelloper of Enkelouer

Toe Jesus ondervra is oor die onderwerp van egskeiding, het Hy hierdie interessante stelling gemaak:

> *Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk. Sy dissipels sê vir Hom: As die saak van 'n man met 'n vrou so is, dan is dit nie wenslik om te trou nie. Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is.* ***Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele****. Wie dit kan vat, laat hom dit vat. — Matthéüs 19:9-12*

John Wesley lewer kommentaar oor hierdie gedeelte:

> *Daar is hofdienaars (ontmandes) wat hulself so gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele – Gelukkig is hulle! wat hulself onthou van die huwelik (steeds sonder om dit te veroordeel of te minag) sodat hulle steeds nader aan God kan wandel! Wie dit kan vat, laat hom dit vat – hierdie genadige gebod (want so is dit ongetwyfeld, want om te sê, so iemand mag alleen woon, sê niks. Wie het dit ooit bevraagteken?) is nie ontwerp vir alle mense nie: maar slegs vir die enkeles wat dit kan vat. O, laat hulle dit met vreugde ontvang!*

Ons sien dat Jesus self presies so was. Hy was 'n enkelloper sodat Hy Homself kon toewy aan die diens van andere. Ons Verlosser se voorbeeld het geen negatiewe merk gelaat op die instelling van die huwelik nie, want sy eerste wonderwerk is gedoen by 'n troue.

Die verhouding wat Jesus met die Vader gehad het was 'n openbaring van die volmaaktheid van vertroosting wat Hy van Sy Vader ontvang het. Eenkeer het Hy genoem dat Hy alleen is:

> *Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat; tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is. — Johannes 16:32*

Jesus kon dit hanteer om deur ander verwerp te word, want sy vertroue was in Sy Vader se liefde. Die apostel Paulus, wat ook die evangelie verkondig het as 'n enkelloper,[55] het die volgende gesê:

> *Want ek wens dat alle mense soos ek was; maar elkeen het sy eie genadegawe van God, die een so en die ander weer anders.*
> *— 1 Korinthiërs 7:7*

Ons sien dus dat die twee grootste predikers van die evangelie, Christus en Paulus, enkellopers was. 'n Wonderlike diens is deur hulle aan die mensdom gelewer. Om enkelloper te wees is 'n spesiale roeping van God vir die diens van die mensdom. Nogtans is hierdie gawe gebaseer op 'n eenvoudige, liefdevolle geloof in die Vader en vertroue in Sy vertroosting. Dit word nie bonatuurlik gegee nie, maar dit is eerder iemand se reaksie op die pragtige waarheid van ons hemelse Vader en hy dien God en die mens in die posisie as enkelloper.

Daar is vandag baie wat hul lewe op hul eie lewe. Baie ly aan eensaamheid en ly gebrek aan intimiteit. Die rede hiervoor is deels ons Westerse gemeenskap waar ons soveel meer geïsoleer word van die gemeenskap. Die internet veroorsaak dat baie mense digitaal kommunikeer, eerder as in groepe. Deur tegnologie word ons bemagtig om meer en meer dinge op ons eie te doen. Party mense is deur 'n

[55] Baie glo dat Paulus getroud moes wees om 'n lid van die Sanhedrin of van die Joodse raad te kon wees. Sy bekering tot Christenskap kon dalk gelei het tot sy enkelloperstatus deurdat sy vrou van hom geskei het, maar dit is nie bewys nie.

verskriklike huweliksondervinding en is bang om weer in 'n verhouding betrokke te raak, maar soek steeds kameraadskap.

Enkelloperstatus neem toe volgens onlangse verslae.[56] In 2017 het 42% van alle Amerikaners sonder 'n eggenoot of maat gelewe en dit is 'n toename vanaf 39% een dekade tevore. Enkelouergesinne maak 8% van die bevolking uit. Hierdie syfers is hoër in lande soos Australië, Kanada, VSA en Mexiko; in hierdie lande is die syfers rondom 10%. Die syfers is min of meer die helfte in lande soos Switzerland, Duitsland en Bulgarye, rondom 5%.

Enkelpersone dra somtyds die stigma en skuldgevoel om alleen te wees. Dit dra die siening dat jy op 'n manier misluk het in die lewe. Baie vroue wat hul mans verlaat, vind dit moeilik om 'n stabiele inkomste te verseker terwyl hulle die kinders grootmaak, met die gevolg dat baie forseer word om van welsyn gebruik te maak.

> *Op sensusaand in 2016 was daar 959 000 enkelouergesinne in Australië, waarvan 82% enkelmoeders was. Die meerderheid van enkelouers met kinders onder vier jaar oud het nie 'n vaste werk nie. Hulle het 'n drie maal groter kans om onder die broodlyn te leef. Hulle mediaan inkomste is $974 per week en is omtrent die helfte van alle huishoudings. Volgens die Australiese Raad van Maatskaplike Diens leef ongeveer een derde van enkelouers en hul kinders in armoede.*[57]

Terwyl enkelloperstatus positief beskryf word in die Skrif, maak ons gemeenskappe waarin die meeste van ons vandag leef dit baie moeilik om as enkelloper te leef. Die ekonomiese druk van Westerse demokrasieë beteken dat enkelloperstatus ook finansiële moeilikhede bring. Dit lei tot depressie en gevoelens van waardeloosheid.

Baie enkelmoeders in sulke situasies word desperaat om 'n maat te vind net om te oorleef. Hierdie vlak van desperaatheid of depressie as gevolg van hul omstandighede kan onbewustelik die probleem van 'n tipe

---

[56] https://edition.cnn.com/2018/01/05/health/single-people-partner/index.html
[57] www.theguardian.com/australia-news/2019/apr/19/its-soul-destroying-the-stress-and-stigma-of-being-a-single-parent-on-welfare

verhoudingsmelaatsheid binne 'n gemeenskap skep. Daar word 'n beroep op die kerk gedoen om die wese en die weduwees en die enkellopers te besoek (Jakobus 1:27), maar baie getroude paartjies is bietjie senuweeagtig om 'n enkelloper in hul gesinskring te bring of om hulle toe te laat om in hul huis te bly, want hul behoeftes kan die verhouding van die getroude paartjie negatief beïnvloed.

Dié wat self sukkel met hul huwelik stel mure op deur 'n vrees om 'n kwesbare of potensieël deperate persoon in hul huis te bring en sulke mense te help. Enkellopers voel baie keer uitgesluit in die kerk en hulle voel ook 'n mate van skuld en skaamte om enkel te wees wanneer hulle oor hul twintigs of dertigs is.

Kerkgemeenskappe het 'n verantwoordelikheid teenoor die enkellopers onder hulle. Daar is 'n groot behoefte om hierdie mense in die gesinskring te verwelkom. Moeders het ook 'n behoefte vir ware mans wat geestelike leierskap en seën vir hul kinders kan bied. Jesus gee die beste voorbeeld hiervan:

> *En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën. — Markus 10:13-16*

Die beste vertroosting wat 'n kind kan kry is by Jesus. Moeders kan hierdie vertroosting aan hul kinders bied deur hul gebede en deur met hulle te gesels oor die liefde van God en Sy Seun. Hulle kan ook die kinders seën deur die evangelie aan hulle te leer. Ongelukkig is dit nie genoeg vir 'n kind nie. Die seën van Jesus moet noodwendig aan hulle vermenigvuldig word deur die werk van leraars and ouderlinge.

Die bogaande verhaal van Jesus was 'n hoeksteen vir my bediening. Ons hemelse Vader spreek met ons deur sy profete oor Sy liefde en kommer oor die wese en die weduwees.

> *'n Vader van die wese en 'n regter van die weduwees is God in sy heilige woning. — Psalm 68:6*

*Die HERE behoed die vreemdelinge; Hy rig wees en weduwee weer op; maar die weg van die goddelose maak Hy krom.*
*— Psalm 146:9*

*Leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. — Jesaja 1:17*

Die eerste vertroosting wat iemand bo alle ander dinge nodig het is om te weet dat hulle 'n kind van God is vir wie die Vader in die hemel baie lief is. Dit is een ding om dit te lees, maar dit is iets anders wanneer die woorde van jou hemelse Vader oor jou uitgespreek word wanneer jy deur 'n menslike kanaal geseën word.

Dit is om hierdie rede dat ek boeke *soos Identiteitsoorlog, Lewens-kwessies, Oorspronklike Liefde* en *Goddelike Patroon van die Lewe* geskryf het. Dit is om hierdie rede dat ons bymekaar kom op die Sabbat, die Nuwemaan en die Feesdae wanneer die Gees van die Vader in groter mate uitvloei en roep na mense om 'n seën te ontvang, 'n seën soortgelyk aan wat Jesus aan die kinders wat na Hom gebring is, gegee het.

Vir die enkellopers en enkelouers om vertroosting en seën te ontvang moet daar in die gemeenskap strukture wees om hulle te seën. Dit gaan nie net daaroor dat getroude paartjies enkellopers moet inneem in hul lewens nie.

Daar moet 'n oorvloed van seën wees binne 'n gesin sodat enkellopers kan deel aan daardie seën en daardeur in rus en vertroosting kan ingaan.

Daarvoor benodig ons die herbouing van 'n gemeenskap wat verwoes is gedurende dekades van aanvalle op die gesinseenheid. 'n Klompie jare gelede, in 2008, het ek my visie teenoor vriende uitgespreek oor hierdie proses van herbouing. Ek het gepraat oor die begeerte om 'n gemeenskap te bou waar eggenote en eggenotes in harmoniese verhoudings is, waar groot seën in die huis gebring word. Vanuit hierdie seën kan die wese en weduwees en enkellopers kom en vertroosting vind.

Hierdie hele gemeenskapstelsel is gebou op die volgende Skrif wat aan Abraham gegee was:

*En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En*

> *Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek;* ***en in jou sal al die geslagte [families] van die aarde geseën word.*** *— Génesis 12:1-3 [hakies ingevoeg – sien King James Version]*

Abraham se huishouding was groot. Hy het baie dienaars in sy familiekring gehad. Sy tuiste was 'n geseënde plek waar ander kon vertroosting en gemeenskap vind. Om in hierdie stelsel te funksioneer moes Abraham die Babiloniese stelsel agterlaat. Hy moes in 'n ander land gaan woon om hierdie stelsel te vestig.

Vandag word ons ook hiertoe geroep. Ons moet die Babiloniese stelsel van verhoudinghantering agterlaat en in die kanaal van seën en vertroosting kom wat ons Vader vir ons ontwerp het. Ek het die kerngedeelte hiervan uitgelê in die boek *Lewenskwessies*, beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

In hierdie laaste dae stuur God 'n boodskap van herstel wat die hart van die vaders terugbring tot die kinders en die hart van die kinders tot hulle vaders (Maleági 4:4-6). Die gevolg hiervan is as volg:

> *Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die HERE, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie. Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die laagtes; Ek sal die woestyn 'n waterplas maak en die dor land waterbronne. Ek sal in die woestyn gee die seder, die akasia en die mirt en die wilde-olyfboom; Ek sal in die wildernis plant die sipres, die plataan en die denneboom, dié almal; sodat hulle almal saam kan sien en beken en opmerk en verstaan dat die hand van die HERE dit gedoen het en die Heilige van Israel dit geskape het. — Jesaja 41:17-20*

Hierdie stelsel van seën is geanker in die Sabbatte. Dit is deur die Sabbatte dat die Trooster, die Gees van Jesus, na ons kom en ons genees van ons eensaamheid, ons hartseer en depressie. Dit moet openbaar word in die gesinstruktuur, want ons lees "in jou sal al die geslagte (families) van die aarde" met die seën van Abraham geseën word.

Bykomend tot hierdie is die kwalifikasies van leierskap in die kerk van God afhanklik van die man se vermoë om vir sy vrou en kinders te sorg en hulle lief te hê.

> ***'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou,*** *nugter, ingetoë, fatsoenlik,* ***gasvry, bekwaam om te onderrig****; geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.* ***Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?*** *— 1 Timótheüs 3:2-5*

As jy mooi kyk na hierdie verse sal jy sien dat die sorg van die kerk berus op 'n man wat getrou is aan sy vrou en liefdevol na haar en sy kinders omsien. In so 'n huis kan gaste ontvang word en 'n kerk kan om so 'n gesin gevorm word. Dit is liefdevolle gesinne wat die fonteinwaters van 'n kerkgemeenskap vorm. Dit is nie 'n graad aan 'n instelling wat iemand 'n leraar maak nie; 'n leraar is een wat die Vader en Sy Seun liefhet deur 'n deeglike studie van die Woord van God. Ander kan die seën ervaar wat in sy huis beskikbaar is en skuiling vind van die wêreld se aanslae.

Daarom praat ek met die getroude mans en vroue. Julle liefde vir mekaar kan nie net deur julself en jul kinders geniet word nie. Die krag van liefde kan met die wese en dié sonder gesinne gedeel word. Laat ons ywerig wees om eensame siele in ons huise te verwelkom om in ons samesyn te deel. Hierdie verantwoordelikheid kan nie net op een of twee gesinne rus nie.

Aan die enkellopers sê ek: Weet eerstens dat jou hemelse Vader jou baie liefhet. Hy dink baie aan jou en wil jou vertroos. Indien jy vervul word met vreugde wat vloei van God deur Christus kan jy 'n seën wees. Indien jy vrolik, vriendelik en liefdevol is sal jy baie makliker 'n sielsmaat vind. Laat die atmosfeer om jou vol vreugde, dankbaarheid, ywer, besprinkel met selfbeheersing en nederigheid, wees.

'n Enkelloper wat geskei is kan gevoelens van verwerping ervaar wat hom ontmoedig. Mismoedigheid kan lei tot depressie en dit skep 'n atmosfeer om hulle wat ander verwerp. Dit is asof jy 'n teken op jou voorkop plaas wat sê "verwerp my" sonder om 'n woord te sê. Dit is nie altyd moontlik vir iemand

om homself te lig uit die duister van eensaamheid nie. Gesinne behoort dit op te merk en te help met geselskap. Terselfdertyd moet almal van ons altyd op die Here vertrou. Wanneer ons geselskap soek moet ons die Here vra en Hom vertrou dat Hy sal voorsien. Deur te broei oor jou eensaamheid sal jy die kans om alleen te wees verhoog. Die Bybel sê:

> *'n Man met baie vriende word geruïneer, maar daar is 'n vriend wat sterker aanhang as 'n broer. — Spreuke 18:24*

Iemand wat kla dat hy nie vriende het nie verhoog die kans om geen vriende te hê nie. Om vriende te kan maak is 'n vrolike en lieflike gees nodig wat die moontlikheid om vriende te maak verhoog.

Met betrekking tot enkelma's met kinders, laat hulle hul kinders na die ouderlinge bring om geseën te word. Die moeders in Jesus se tyd het hul kinders na Jesus gebring sodat Hy hulle kan seën. Ouderlinge moet na geleenthede soek om die kinders van enkelma's te seën. Hulle het 'n positiewe invloed van 'n man in hul lewens nodig om hulle te vertel dat God hulle liefhet. Hulle het die warm hand van sorg op hul skouers nodig met die aanmoedigende woorde, "Ons Vader in die hemel is lief vir jou." Hierdie is saad wat vrug van lewe sal dra.

Aan enkelpa's van kinders, jy kan elke dag jou kinders seën, maar jou kinders het ook 'n ma nodig. Die kerk is versinnebeeld deur 'n vrou en is ontwerp om na kinders om te sien. Moeders in die kerk kan aan jou kinders ekstra liefde en omgee uitdeel sodat hulle mag weet hulle is kosbaar vir ons Vader en ons Verlosser.

Bo alles, laat ons die waarheid onthou wat sê, "My God sal elke behoefte van julle vervul" en "Vra en vir julle sal gegee word."

Hoofstuk 20

# Gelyke Geslagte

Die onderwerp van gelykslagtige huwelike is 'n vraagstuk vir miljoene reg om die wêreld. In baie lande kan mans wettig trou met mans en so ook vroue met vroue. Die syfers verskil in verskillende lande, maar dit blyk dat daar omtrent 3% tot 4% van die bevolking in gelykslagtige verhoudings is.[58] Die hoofargument vir homoseksualiteit is primêr die vryheid van uitdrukking, wetlike gelykheid en dat dit 'n eienskap is waarmee jy gebore is.

Verhoudings van gelyke geslagte was 'n paar dekades gelede 'n kriminele oortreding. Ons gemeenskappe het grootliks verander om dié in te sluit wat kies om so te leef en hulself so uit te druk.

In Australië was daar 'n opspraakwekkende stryd oor hierdie vraag as gevolg van die feit dat 'n hoë-profiel rugbyspeler, Israel Folau, op publieke forum gestel het dat homoseksuele hel toe sal gaan tensy hulle hul bekeer. In sy aanlyn pos dui hy aan dat homoseksuele gelys word saam met diewe, dronkaards, egbrekers, hoereerders en afgodedienaars. Dit het hierdie miljoen-dollar-rugbyspeler sy werk gekos. Dit het ook die nasie verdeel en baie woede aan beide kante ontketen. Hier is die Bybelvers wat Folau aangehaal het:

> *Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar*

[58] https://en.wikipedia.org/wiki/Demographics_of_sexual_orientation

> *julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God. — 1 Korinthiërs 6:9-11*

Die Bybel gee 'n baie direkte reaksie op die vraag van homoseksualiteit. Die rede waarom baie mense nie hou van hierdie sterk stellings van die Skrif nie is omdat dit so hard voorkom.

Die hoofstroom Christendom leer dat God mense vir ewig in die hel sal brand vir hul sondige lewens. Dit leer dat daar 'n ewige lyding wag in die vlamme van die hel. Dus gee die Christendom die aanduiding dat God sê, "As jy nie maak soos Ek sê nie, sal Ek jou lewendig verbrand en jou vir ewig laat ly." Die gedagte is so verskriklik dat baie mense bloot nie 'n verhouding met so 'n God wil hê nie. Wie kan hulle blameer?

Kan ons werklik sê dat mense wat hulself onderwerp aan so 'n God ware vryheid van denke ervaar? Die enigste rede waarom hulle nie skreeuend in die helse vlamme sal brand nie is omdat hulle hul onderwerp het aan God se gebooie. Die hartseer werklikheid is dat alle tiranniese diktatorskappe so funksioneer: gehoorsaam die leier of jy word oorgegee aan verskriklike lyding.

Ek het vriende wat 'n gelyke geslagsoriëntering het en het al baie wonderlike mense ontmoet wat deel is van die Gay gemeenskap. My waarneming is dat baie van hulle kreatief is en kunstalent besit. Baie van hulle is baie intelligent en het 'n goeie begrip van die geskiedenis en die wetenskap. Die gedagte aan 'n God wat so bestraffend, tirannies en sadisties is, is afstootlik vir hul sensitiewe natuur. Omdat hulle in hul wese sensitief is verstoot hulle die God van die Bybel en ook die vermanings daarin.

Dit bring ons terug na wat die apostel Paulus skryf in Romeine 1. Wat lei mense in die rigting van hoerery en homoseksualiteit?

> *Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;* ***omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie;*** *maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas* ***en die heerlikheid van die onverganklike God***

> ***verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens*** *en van voëls en viervoetige en kruipende diere.*
> *— Romeine 1:20-23*

Dit is die verandering in die begrip dat God soos die mens is wat veroorsaak dat die mens rebelleer en verwerp wat hulle dink die God van die Bybel en sy riglyne is. Indien mense in die waarheid van die evangelie onderrig is, dat God genadig, barmhartig en liefdevol is en dat Hy nooit iemand dwing of veroordeel nie, sal 'n totaal ander gesindheid die gevolg wees. Ek het baie jare geneem om die lewe van Jesus te vereenselwig met die God wat in die Ou Testament openbaar word. My bevindings van hierdie navorsing word gevind in die boek wat ek geskryf het, *Agape*. Jy kan die boek aflaai vanaf *vadervanliefde.com*, of die videoreeks kyk op *fatheroflove.info*.

Die waarheid is dat God nooit iemand wat 'n gelykslagtige leefstyl kies, oordeel nie. Jesus het ons duidelik gewys dat die Vader nie oordeel nie en Hy (Jesus) ook nie:

> ***Want die Vader oordeel ook niemand nie****, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee... — Johannes 5:22*

> *Julle oordeel volgens die vlees.* ***Ek oordeel niemand nie****.*
> *— Johannes 8:15*

Elke mens wat op hierdie aarde gebore word is 'n kind van God. Hy het almal baie lief. Hy oordeel niemand nie.

Wanneer mense geleer word dat God so wreed is dat Hy mense vir ewig brand of selfs dat terwyl hulle verbrand word hulle skreeu van pyn, sal hulle vertroosting elders soek. Indien God nie vertroosting bied nie sal die mens dit soek in een van die mees genotvolle ondervindings wat aan die menslike ras gegee is.

Om te kan vergeet van die trauma dat God sondaars verbrand en vernietig, soek hulle vertroosting en intimiteit in hul seksualiteit. Dit is heeltemal verstaanbaar. Wanneer daar geen vertroosting is in die God wat deur die Christendom voorgehou word nie moet daar êrens anders vertroosting wees. Dit is waar dat baie Christene leer dat God homoseksualiteit gemaak het en dat dit aanvaarbaar is. Hierdie reaksie is verstaanbaar, maar hierdie lering word nie

in die Bybel gevind nie, dus word die Bybel verander om aan die behoefte van die mensdom te voorsien om hier vertroosting te bied.

In die Bybelse konteks is elke mens 'n kind van God; dit is die fundamentele en lewensbelangrike identiteit van elke mens. Daar kan langdurige trauma wees wanneer kinders nie seker is of hul ouers hul liefhet nie, of wanneer hulle dink hul ouers wil nie die beste vir hulle hê nie – dieselfde beginsel is ook waar vir ons verhouding met ons hemelse Vader. Baie mense is onseker oor hul identiteit as gevolg van 'n verwarring en 'n misverstand omtrent hul verhouding met hul Skepper; hulle soek vertroosting en vryheid by 'n monsteragtige siening van God en daarom verwerp hulle die Vader van Jesus Christus. Die waardeloosheid en onsekerheid wat hierop volg, wat ons breedvoerig bespreek het, word openbaar in ons verhoudings met mekaar.

Homoseksualitetit beweeg buite die lyne van biologiese voortplanting. Die seksuele ondervinding tussen man en vrou dien tot die versterking van die bande van eenheid om kinders voort te bring en om hierdie bande stewig in plek te hou om hierdie kinders groot te maak. Homoseksualiteit beweeg buite hierdie natuurlike vermoëns om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig.

Wanneer 'n paartjie funksioneer as seun of dogter van God binne hul identiteit is hul seksuele ondervinding nie hul identiteit nie. Dit is 'n uitdrukking van hul vrugbaarheid. Die seksuele ondervinding is nie daar vir die blote bevrediging van die doel van 'n liefdevolle eenheid nie, maar eerder 'n uitdrukking van die eenheid wat verband hou met die skepping van nog 'n wese. Dit is hoe seksualiteit funksioneer binne die opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder.

Toe Adam vir Eva as sy primêre bron van vertroosting in die plek van God gekies het, het hy die menslike ras gebring tot die idee dat seks die doel is van die eenheid. Vir dié wat kinders begeer word die beginsel van seks as 'n einddoel tot 'n mate versag deur die grootmaak van 'n gesin.

Soos mans meer en meer gegroei het in hulle begeerte vir seks het hulle die beginsel van prostitusie en pornografie ten opsigte van vroue ontwikkel. Mans het vroue terselfdertyd begin verafgod en verag. Daar het 'n verandering in die natuur van die man plaasgevind en die bevrediging van sy dierlike passies het die god van sy vertroosting geword in die plek van die Skepper. Mans het

gedefinieer geword deur seks, want dit is die einddoel van hul mees gekoesterde gedagtes.

Toe mans hul fokus verskuif het van vrugbaarheid en voortplanting tot seks was dit nie meer ter sake of hy seks met 'n man of vrou het. Homoseksualiteit is die seël tot hierdie oorgang van vrugbaarheid tot seksualiteit. Daar is geen moontlikheid vir natuurlike voortplanting deur die liggame van twee mans of twee vroue nie. Dit beteken dat die skepping van nuwe lewe in eenheid nie meer enige oorweging is binne die seksuele ondervinding nie.

Wanneer die mens 'n tiranniese siening van God het is dit heeltemal verstaanbaar dat daar gesoek word na vertroosting in seks in plaas van by God. Hierdie oorgang het seks verhoog tot 'n plek waarvoor dit nooit bedoel was nie.

In Sydney, Australië, is daar 'n feestelike geleentheid met die naam "Mardi Gras." Dit is een van die grootste LGBT (Lesbian Gay Bisexual Transgender) parades en feeste in die wêreld. Die geleentheid is 'n paradering van die vlees deur die menslike liggaam te ontbloot en sluit vreemde gedrag in tot "eer" van minder algemeen aanvaarde vorme van menslike seksualiteit. Dit is 'n aanbidding van die seksuele ondervinding en die vryheid van uitdrukking daarvan. Dit maak heeltemal sin vir mense wat afgestoot word deur die God wat Christenskap aan hulle voorhou. As gevolg van die afstootlikheid wat hulle voel teenoor hierdie God soek hulle elders vertroosting.

Dit is skynheilig van mans en vroue, wat seks hul fokus maak in hul verhoudings, om hul uit te spreek teen homoseksualiteit. Die obsessie met seks deur heteroseksuele mense het 'n natuurlike oorgang tot seks met homoseksuele. Wat dit aantreklik maak vir mans om 'n ander man te hê is dat hul beide dieselfde ding soek, hulle het dieselfde passies en hoef nie te sukkel met die stadige opwekkingsproses van 'n vrou met haar verhoudingsgefokusde en emosionele elemente nie. Daarom, indien seks die fokus is kan homoseksuele seks 'n baie beter ondervinding bring aan baie mans. 'n Soortgelyke beginsel geld vir vroue; dit is 'n seksuele ondervinding op 'n wyse wat vroue kan waardeer. In beide gevalle bied die gelykslagtige verhouding die genot van 'n seksuele ondervinding sonder die risiko van 'n swangerskap. Daarom, indien genot sonder toewyding die einddoel is dan maak 'n homoseksuele

ondervinding totaal en al sin. Natuurlik is daar homoseksuele mense wat hulself toewy aan monogame (enkelvoudige) verhoudings, maar hier praat ons van die logika van seks net vir die genot en vertroosting daarvan.

'n Probleem wat tipies hier opduik is dat hierdie tipe seksuele ondervinding nie op die lang duur die gewenste vrede en vervulling bring nie. Dit maak die seksuele ondervinding dalk 'n spel van selfgesentreerdheid om daardie wonderlike vrystelling van dopamien, oksitosien en vasopressien in die liggaam te voel, wat 'n kortstondige gevoel van kalmte bring in 'n chaotiese wêreld.

Die Bybel sê dat homoseksualiteit nie natuurlik is nie.

> *Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue* ***het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is****; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.*
> *— Romeine 1:26-27*

Die wonderlike chemikalieë wat God in die manlike en vroulike liggame geplaas het gedurende omgang is ter wille van 'n lewenslange verbintenis; dit help om 'n stabiele verhouding te hê om die kinders groot te maak. Hierdie chemikalieë dien nie hierdie doel in 'n homoseksuele verhouding nie. Dit het niks te make met vrugbaarheid en vermeerdering soos God dit van nature ontwerp het nie.

Kyk na wat die Mayo kliniek lys as potensiële probleme wat Gay mans in die gesig staar:

> *Mans wat seks het met mans loop 'n hoër risiko om HIV, die virus wat VIGS veroorsaak, op te doen, sowel as ander seksueel oordraagbare infeksies.*
>
> *Gay mans en mans wat seks het met mans mag 'n hoër risiko loop om aan depressie en angs te ly.*
>
> *Gay mans is meer geneig tot liggaamsbeel-probleme en eetversteurings, soos anorexia en bulimia nervosa, as hulle heteroseksuele eweknieë.*

*Een potensiële verduideliking is dat, omdat hulle grootword met beelde van slanke en meisieagtige Gay mans of mans met gespierde liggame, sal sommige Gay mans en biseksuele mans onnodige kommer dra oor hul gewig.*

*In die V.S.A. is Gay mans meer geneig om te rook as heteroseksuele mans en Gay mans is meer geneig tot probleme met akohol as die algemene populasie.*[59]

Die punte wat hierbo genoem word deur die Mayo Kliniek dui aan dat homoseksualiteit nie 'n oplossing bied vir die kernkwessies oor identiteit wat elke persoon in die gesig staar nie. Nog 'n onlangse studie dui aan dat die helfte van manlike tieners wat geslagsverandering ondergaan het, selfmoord probeer pleeg het.[60]

Hierdie statistieke is ontsettend hartseer. Dit is duidelik dat die LGBT gemeenskap emosioneel baie kwesbaar is. Ek kan sien dat hierdie kwesbaarheid deels geskep is deur die Christendom se siening van God. Ek besef dat Israel Folau die voorneme gehad het om mense te red, maar om aan kwesbare mense te sê dat hulle in die hel sal brand is om hulle tot selfmoord te dryf. Dit help nie om mense op hierdie manier te probeer red nie.

Op die kort termyn beskou blyk dit dat die enigste vertroosting in hierdie ellendige wêreld in gelykslagtige verhoudings lê. God veroordeel niemand vir wat hulle doen nie, maar die geestelike waarheid is dat elkeen sy eie oordeel oor homself in die gesig sal staar en die oordeel wat hulle oor ander plaas, is die oordeel wat hulle uiteindelik oor hulself sal bring wanneer hulle die reinheid van die lewe van Christus sien soos Hy dit openbaar het.

Dié in die LGBTQ (lesbian, gay, bisexual, transgender, queer, questioning) gemeenskap etiketteer enige persoon wat hulle nie ondersteun nie as homofobies. Die woede wat in die LGBTQ gemeenskap bestaan teen enigeen wat nie hul leefstyl ondersteun nie is 'n wraaksugtige vorm van wederkerige

59 www.mayoclinic.org/healthy-lifestyle/adult-health/in-depth/health-issues-for-gay-men/art-20047107

60 www.nbcnews.com/feature/nbc-out/half-transgender-male-teens-have-attempted-suicide-study-finds-n909261

oordeel. Dit reageer op dieselfde manier as die gedwonge onderdukking van die wil van ander. Dus is dit van nature beherend en veroordelend teenoor enigeen wat hul stem daarteen verhef.

Aan die ander kant is die Christendom, asook ander gelowe, baie veroordelend teenoor Gay mense. Gay mense ly baie aan die hande en die preekstoel van ons godsdienstige gemeenskappe; dinge wat bedrieglik gedoen word in die naam van Jesus, maar nie met die Gees van Christus nie, want Jesus beveel ons om niemand te oordeel nie:

> *Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. — Matthéüs 7:1-2*

Wanneer ons kyk na die lewe van Jesus, so genadig en barmhartig en lankmoedig, en ons vergelyk dit met hoe mense aan beide kante van hierdie vraagstuk mekaar oordeel en veroordeel, is dit soos dag en nag.

Toe Christus na hierdie wêreld gekom het, het Hy alle mense liefgehad. Hy het niemand verwerp op grond van ras, geloof of seksualiteit nie. Wanneer beide diegene vir en teen die gelykslagtige leefstyl hul karakters vergelyk met dié van Christus sal hulle skuldig en dalk selfs berou voel vir hulle veroordelende gesindhede. Elke persoon het die geleentheid gehad om die Bybel self te lees. Die mensdom weet dat Jesus nie mense veroordeel nie en dat Hy selfs dié wat Hom haat, liefgehad het. Dit is wat elke mens in die oordeel in die gesig sal staar.

> *En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. — Johannes 12:47-48.*

Dit is die woorde van Jesus:

> *Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir*

> *julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. — Matthéüs 5:43-45*

Hoeveel Christene kan sê dat hulle dié liefhet wat hulle teenstaan oor die gelyke geslag vraagstuk? Baie Christene wat besluit het dat persone wat in gelykslagtige verhoudings leef deur God gestraf gaan word en hulle dan veroordeel vir hulle dade, sal vind dat dit die oordeel is wat hulself sal ontvang.

Nadat Paulus die dade van diegene in 'n sondige leefstyl beskryf het, sê hy die volgende woorde:

> *Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging;* ***want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself****; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge. En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is oor die wat sulke dinge doen. En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug? — Romeine 2:1-3*

Enige vervolgde persoon wat die Bybel lees kan sien dat Jesus sê ons moet dié liefhê wat ons vervolg. Wanneer 'n vervolgde persoon iemand kan liefhê wat hom teenstaan en nie bemoei is met dié wat hom aanval nie, sal dit vir hom meer verdraagsaam wees in die oordeel as 'n Christen wat gelykslagtige mense veroordeel tot die hel. Let op na die woorde van Christus:

> *Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad. — Matthéüs 10:15*

Jesus het dit duidelik gemaak dat Hy nie na die wêreld gekom het om die wêreld te veroordeel nie, maar om wêreld te red. Enigiemand wat ander veroordeel sal teen die einde die oordeel in die gesig staar wat hy glo God oor ander behoort te bring. Die veroordeling wat op ander geplaas is sal terugkom op die veroordelaar wanneer hy uiteindelik die onselfsugtige karakter van Christus raaksien.

> *...in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense* ***deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie****.*
> *— Romeine 2:16*

En hoe sal God hulle oordeel? Jesus het ons alreeds gewys.

> *En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. En toe hulle dit hoor, het hulle,* ***deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe****; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het.*
> *— Johannes 8:8-9*

En waar gaan dié heen wat deur hul gewete bestraf word?

> *Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en* ***werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande****. — Matthéüs 22:13*

En waardeur word 'n man gebind?

> *Sy eie ongeregtighede vang hom, die goddelose, en* ***in die vangstrikke van sy sonde word hy vasgehou****. — Spreuke 5:22*

Soos ons gesien het veroordeel God niemand nie. Elke persoon word oortuig in sy eie gewete en gebind deur die strikke van sy eie sonde. Indien hulle God nie vra vir Sy geregtigheid nie plaas hulle hulself in die buitenste duisternis. Dit is waarom Jakobus sê:

> *Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter. — Jakobus 4:11*

Indien dié wat óf in die gelykslagtige leefstyl óf die Christelike leefstyl is 'n karakter kan ontwikkel wat nie hul vervolgers veroordeel nie, maar hulle eerder liefhet en hul lewe aflê vir hul vyande, kan hulle sekerlik die ewige lewe beërwe, want hulle gewete sal hulle nie veroordeel in die oordeel nie. Is dit moontlik om dit te doen binne die Gay leefstyl? Is dit moontlik om dit te doen as Christen wanneer jy glo dat God mense lewendig brand vir ewig en hulle veroordeel na die ewige verdoemenis? Dit is nie aan my gegee om ander te oordeel en te

veroordeel nie. My wens is om die Skrif self te lees en dit te glo en te vertrou in die genade van God om my te help om alle mense lief te hê, sodat ek hulle kan roep tot ‘n lewe van genade en aanbidding van die God van Jesus Christus wat niemand ooit veroordeel nie.

Wat elke mens behoort te doen is om die Bybel self te lees met die hulp van die Gees van Christus, want daarvolgens sal hul eie gewete hulle oordeel. Let weer op na die woorde van Paulus:

> *Wat nou die nie-Jode betref, wat nie God se geskrewe wet het nie – as hulle instinktief die vereistes van die wet nakom, selfs al het hulle nie die wet nie, stel hulle vir hulleself 'n wet.* ***Hulle optrede toon duidelik dat die vereistes van die wet in hulle harte geskryf staan. Boonop bevestig hulle gewetens dit deurdat hulle gedagtes hulle óf aankla óf vryspreek****. — Romeine 2:14-15 (NLV)*

In my studies van die Skrif is ek oortuig dat, indien ek my seksualiteit die kern van my identiteit maak, sal dit baie moeilik wees om ware vertroosting vir my siel te vind, wat my die genade sal gee om my vyande lief te hê. Ek vertrou dat die Skrif my liefdevol wys wat die beste is vir my lewe en waar ek werklike vreugde en geluk kan vind en dat die ontwerp van my liggaam lei tot vrugbaarheid en vermeerdering.

Hoofstuk 21

# Wanneer die Aarde Uitspuug

Toe die menslike ras hom van God en Sy vertroosting afgewend het om vertroosting te vind in voedsel, seks en vermaak, het die gevolge nie net die menslike verhoudings negatief beïnvloed nie, maar ook die natuurlike wêreld om ons. Ons lewenstylkeuses beïnvloed die aarde. In hoofstuk ses het ons die atmosfeer wat elke persoon om hom dra bespreek. Ons kan die spanning in 'n vertrek aanvoel waar daar woede is; ons kan vreugde aanvoel waar mense gelukkig is.

Die atmosfeer binne mense is die geestelike grond waarin 'n nuwe kind na bevrugting sal groei. Dieselfde atmosfeer binne mense beïnvloed die hele natuurlike wêreld:

> *En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en* ***vul die aarde, onderwerp dit*** *en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. — Génesis 1:28*

Die manier hoe die menslike ras die aarde moes onderwerp was om die atmosfeer in hulle met vrede uit te asem of uit te blaas oor die aarde. Ons sien in die lewe van Jesus, die tweede Adam, hoe Sy Gees die aarde gekalmeer het met 'n paar woorde.

> *En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het 'n groot stilte gekom. — Markus 4:39.*

Dit was die vrede binne Christus wat die golwe van die see beïnvloed het. Wanneer die Gees van vrede binne Christus in iemand is bring dit seën en genesing waar dit ook al gaan.

> *…sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val.*
> *— Handelinge 5:15*

Na Pinksterdag is Petrus vervul met die Gees van Christus. Dit het 'n atmosfeer van vrede en genesing gebring. Dit verwek vibrasies en frekwensies wat die siel kalmeer en die liggaam genees.

Toe Adam teen God gesondig het, het die atmosfeer om hom verander. Dit het die diere, bome, plante en blomme beïnvloed. Die teer blare van sekere plante het stewig opgekrul in skerppuntige penne wat in dorings omskep is. Die dorings was 'n openbaring van die dorings in die karakter van Adam:

> *En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.* ***Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring****; en jy sal die plante van die veld eet. — Génesis 3:17-18*

God het nie die aarde vervloek nie; dit was Adam wat die aarde, asook die atmosfeer om hom vervloek het. Toe Adam in die tuin van Eden beweeg het met die gees van rebellie teen God in hom het die frekwensies wat van sy siel uitgegaan het, veroorsaak dat die blare doodgaan en afval van die bome. Dit het veroorsaak dat die plante daaronder ly. Die vrees wat Adam gehad het toe God na hom gekom het is oorgedra aan die diere. Toe Adam bang geword het vir God het die diere bang geword vir hom:

> ***Die vrees en die skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde*** *en al die voëls van die hemel: alles wat op die aarde beweeg, en al die visse van die see. Hulle is in julle hand oorgegee. — Génesis 9:2*

God het nie die diere gemaak om bang te wees vir Adam nie. Die atmosfeer van vrees in Adam het veroorsaak dat die diere bang geword het. Die vrees in Adam, dat God hom sal vernietig, het gemaak dat die diere bang is dat Adam hulle sal vernietig. Dit is wat veroorsaak dat leeus en tiere en ander diere soos roofdiere reageer.

Wanneer die Gees van Christus weereens oor die aarde sal heers sal hierdie roofdiere weereens skepsels van vrede word:

> *En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. — Jesaja 11:5-9*

Die gees van Kain het die vrugbaarheid van die aarde negatief beïnvloed. Die dood van Abel het wrede frekwensies vrygestel in die grond sodat daar dood op die aarde ingetree het:

> *En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde. — Génesis 4:10-12*

Die Hebreeuse woord vir *roep* is eintlik *skreeu*. Die angs in die liggaam van Abel, terwyl hy wreed vermoor is deur sy broer, het frekwensies vrygestel in die lug en deur die wreedaardige bloedvergieting het dit die aarde begin besmet en vernietig. Die aarde was verswak deur die moord op Abel.

God het Kain vertel dat wat hy gedoen het 'n vloek op hom sou bring vanaf die aarde self. Dit is nie God wat Kain vervloek het nie; dit was die gevolge van Kain

se dade wat die aarde skade aangedoen het. Kain het God probeer blameer vir die vloek wat oor hom gekom het.

> *Daarop sê Kain vir die HERE: My skuld is te groot om dit te dra. Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: 'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan. — Genesis 4:13-14*

Kain het God vervloek omdat Hy hom weggedryf het en die probleme veroorsaak het met die aarde. Kain het dit 'n daad van God gemaak, maar dit was 'n daad van die mens. Al die natuurrampe op die aarde kom van vibrasies en frekwensies in die mens wat die aarde beïnvloed.

Wanneer ons vandag dink aan al die bloedvergieting op hierdie aarde is die aarde besig om te waggel in reaksie op die sonde van die mens. Dit was die sondige dade van die mense wat frekwensies gebring het wat die aarde so beskadig het in Noag se tyd dat dit 'n vloed veroorsaak het.

> *Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. Toe sien God die aarde aan, en—**dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe**. — Génesis 6:11,12*

Die Bybel stel dit duidelik dat die aarde verdorwe was, want die mense op die aarde het hulself verderf. In hoofstuk ses het ons gesien dat daar 40-50 miljoen aborsies jaarliks plaasvind. Die voorneme om 'n ongebore baba in die mamma se baarmoeder om te bring, stel 'n verdorwe frekwensie vry oor die aarde. Dit is geen wonder dat die aarde minder en minder kos kan produseer nie. Dit is geen wonder dat kos geproduseer word met plaagdoders, chemikalieë en kunsmisstowwe nie.

Elke moord op hierdie aarde beïnvloed die grond. In Sy wonderlike genade probeer Jesus om soveel moontlik van hierdie vloek te absorbeer. Toe Hy die kruis gedra het op Golgota het Hy 'n doringkroon gedra. Dit was 'n simbool van die vloek wat Hy elke dag dra met die hantering van die sondige invloed van die mensdom op die aarde self. Soos Hy 2000 jaar gelede kreunend en met barensweë die gewig van die kruis gedra het, net so kreun die hele skepping onder die gewig van ons sonde. Christus hou die winde van stryd

terug wat reeds gereed is om oor die aarde te kom om ons nog 'n kans te gee om ons te bekeer.

> *Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. — Romeine 8:22*

> *En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. — Openbaring 7:1-3*

Die winde is gereed om oor die aarde te waai, winde meegebring deur die sondigheid van die mens. Die engele van God hou hierdie winde terug tot die diensknegte van God verseël is met die karakter van God. Dan sal Christus van die kruis, wat Hy dra om die aarde te onderhou, afgehaal word en die winde sal losgelaat word. Alles wat die mensdom gedoen het sal terugkeer op hulle om diegene te vernietig wat die aarde vernietig het met hul sonde.

Dit is nie net bloedvergieting wat die aarde beïnvloed nie; seksuele oordadigheid beïnvloed ook die aarde. Selfsugtige begeertes in die seksuele ondervinding het 'n negatiewe invloed op die aarde. Dit is iets wat paartjies moet oorweeg. Bring jul seksuele ondervinding vrugbaarheid na die aarde of stuur dit vibrasies van selfsug uit?

Die Bybel lys die aktiwiteite wat die aarde teen die mense laat reageer.

> *So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, sodat **die land sy inwoners uitspuug**. — Levítikus 18:25*

Hoofstuk 18 van Levítikus lys die besonderhede wat die aarde sy inwoners laat uitspuug. Dit beteken die aarde sal reageer deur natuurrampe wat die inwonders op die aarde sal vernietig. Laat ons die dinge wat meebring dat die land negatief reageer van nader ondersoek:

> *Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Ek is die HERE julle God. Volgens die werke van die land van Egipte waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag in hulle insettinge nie wandel nie. — Levítikus 18:2-3*

Hierdie lys seksuele sondes het 'n droogte oor Kanaän gebring en dit het droogte en plae oor Egipte gebring. Die aarde het self die inwoners begin vernietig. Watter dinge is dan op hierdie lys?

### Bloedskande

> *Niemand van julle mag naby sy naaste bloedverwant kom om die skaamte te ontbloot nie. Ek is die HERE. — Levítikus 18:6*

### Meer as een maat in 'n gesin

> *Jy mag die skaamte van 'n vrou en haar dogter nie ontbloot nie; haar seun se dogter en haar dogter se dogter mag jy nie neem om haar skaamte te ontbloot nie. Hulle is bloedverwante. Bloedskande is dit. — Levítikus 18:17*
>
> *Jy mag ook geen vrou by haar suster as mededingster byneem om haar skaamte gelyk met die ander een, terwyl dié nog lewe, te ontbloot nie. — Levítikus 18:18*

### Seks gedurende maandstonde

> *Moenie 'n vrou oneer aandoen deur seksuele gemeenskap met haar te hê terwyl sy menstrueer en dus onrein is nie.*
> *— Levítikus 18:19 (NLV)*

Terwyl baie terapeute seks gedurende 'n vrou se maandstonde aanbeveel, sê die Bybel dat dit vibrasies en frekwensies genereer in die aarde wat die aarde negatief beïnvloed.

### Egbreuk

> *En jy mag geen vleeslike gemeenskap met jou naaste se vrou hê om jou met haar te verontreinig nie. — Levítikus 18:20*

## Offer van kinders ter wille van voorspoed

> *En van jou kinders mag jy nie gee om vir Molog deur die vuur te laat deurgaan nie, dat jy die Naam van jou God nie ontheilig nie. Ek is die HERE. — Levítikus 18:21*

Die aborsies van kinders word gedoen om sorg, verantwoordelikheid en ekstra kostes te voorkom. Hulle is kinders wat geoffer word vir die afgode van gemak en persoonlike welvaart. In antieke tye is kinders baie keer geoffer aan hul gode ter wille van welvaart en seën.

## Homoseksualiteit

> *Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel.— Levítikus 18:22*

Die Bybel sê dat homoseksualiteit 'n hoë vlak van negatiewe frekwensies vrystel in die aarde. Dit is seks sonder vrugbaarheid en vermeerdering. God veroordeel nie die individue nie, maar Hy waarsku ons dat die ontwerp van ons liggame sodanig is dat homoseksuele dade baie negatiewe vibrasies in die aarde vrystel. Ek oordeel nie die mense wat hierdie dinge doen nie; ek bid vir hulle net soos ek bid vir enigiemand anders wat 'n Ware Trooster nodig het. Nogtans glo ek dat ons sover moontlik moet verhoed dat die aarde benadeel word.

Die Groen bewegings van vandag kombineer die begeerte om die planeet te red met die vryheid om homoseksueel te wees. Volgens die Bybel is hierdie twee beginsels teenstrydig. Die een kanseleer die ander. Een van die beste maniere om die planeet te red is om jou te wend tot die ware God van die Bybel vir vertroosting en jou te weerhou van seks volgens die lys van Levítikus 18 om daardie vertroosting te vind.

## Bestialiteit

> *En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is 'n gruwelike vermenging. — Levítikus 18:23*

God het die aarde ontwerp om die karakters van die mense te weerspieël. Hoe meer die mens barmhartig, goed en onselfsugtig word, hoe pragtiger word die

aarde. Hoe meer selfsugtig die mens word en vertroosting soek in seksuele aktiwiteite, hoe meer sal die aarde vernietig word en sy inwoners uitspuug.

Wanneer hierdie rampe oor die aarde kom moet nie soos Kain wees wat God geblameer het vir die oorsaak. Ons moet ook nie plekke veroordeel wat ly onder rampe deur te sê dat God hulle vernietig nie. Dit is die aarde wat self reageer op die dade van mense.

Laat ons ons wend tot die Lewende God van die Bybel. Hy is die genadige en barmhartige God wat ons nie veroordeel nie. Ter wille van ons eie veiligheid en beskerming sê Hy dat ons nie hierdie dinge moet doen nie. Hy probeer om ons sover moontlik te beskerm van ons eie selfvernietigende weë. Die Here waarsku ons in liefde:

> *Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die HERE het hierdie woord gespreek. Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor.*
> *— Jesaja 24:3-6*

Hierdie wêreld sal tot 'n einde kom as gevolg van die sonde van die mens. Kain is deur God gewaarsku dat die vloek vanaf die aarde self kom.

> *...en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit. — Openbaring 6:14*

In die nabye toekoms sal daar natuurrampe wees wat miljoene mense sal wegvee. Hierdie rampe sal veroorsaak word deur die sonde van die mense wat die aarde beïnvloed het. Die sondes van mense word opgegaar in die aarde soos batterye wat gelaai word en gereed is om te ontlaai wanneer dit nie meer lading kan hanteer nie. Die enigste manier om daarvoor voor te berei is om gevul te word met die Gees van vrede wat in Christus gevind word. Die aarde kan nie diegene skade aandoen wat gevul is met die Gees van vrede nie; die aarde weerspieël net dit wat in hulle is. Hulle kan omring word deur woedende

storms soos toe Jesus in die boot was, maar dit sal hulle nie skade aandoen nie net soos dit Jesus nie skade aangedoen het nie.

Soos ek genoem het in hoofstuk 12 word een van die geheime om hierdie vredevolle Gees te ontvang gevind in die Sabbat en die Feeste. Toe die aarde se batterye in Egipte op die punt was om te ontlaai het Moses vir Farao gevra of hulle 'n fees mag hou. Die fees wat hulle beplan het was die Pasga. Deur hierdie fees te hou sou meer van die Gees van vrede na hulle gekom het. Hulle sou vervul word met die Trooster en dit sou 'n positiewe invloed op die aarde gehad het. Dit sou die plae van Egipte uitgestel het.

Farao het geweier om hulle toe te laat om die fees te hou en Moses het hom gewaarsku wat sou gebeur:

> *En daarna gaan Moses en Aäron en sê vir Farao: So spreek die HERE, die God van Israel:* ***Laat my volk trek, dat hulle vir My 'n fees kan hou in die woestyn****. Maar Farao antwoord: Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die HERE nie, en ek sal Israel ook nie laat trek nie. Toe sê hulle: Die God van die Hebreërs het ons ontmoet; laat ons tog drie dagreise ver die woestyn intrek en aan die HERE onse God offer,* ***sodat Hy ons nie tref met die pes of die swaard nie.*** *— Exodus 5:1-3*

Die taal van die Bybel klink of God hulle sal oorval met die pes en die swaard. Ons het voorheen opgemerk dat God se oordele geopenbaar word deur mense toe te laat om die gevolge van hul eie dade te ontvang. God verhoed nie hierdie rampe nie. Indien hulle die fees gehou het, sou dit die gemoedere van die Israeliete kalmeer het en met hul terugkoms in Egipte sou daar vrede op aarde wees en in die mense 'n welbehae.

In hierdie laaste dae roep God die mense terug na sy insettinge en verordeninge, soos opgeteken in die Wet van Moses en deur dit te doen mag ons dalk beskerm word van die rampe wat oor die aarde sal kom as gevolg van die boosheid van die mense.

> *Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge.*
> *— Maleági 4:4*

Hierdie gebod is gegee in samewerking met die werk van Elía om die mense te wend tot die ware God en om die gesinseenheid te herstel, sodat seën gebring kan word op die aarde:

> *Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía* ***voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.*** *En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie. — Maleági 4:5-6*

Indien jy vrede verlang, kom dan na die Here van die Sabbat en Hy sal jou rus gee. Indien jy graag veilig wil wees in die komende ellende, dink dan aan die insettinge en verordeninge. Dan sal jy die skuilplek van die Allerhoogste vind waar daar troos en rus is.

> *Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand—na jou sal dit nie aankom nie. — Psalm 91:1-7*

> *U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U. Vertrou op die HERE vir ewig, want in die Here HERE is 'n ewige rots. — Jesaja 26:3-4*

Sukkel jy met jou seksuele of ander aptyte? Kom dan na die Sabbat en die Feeste. Indien jy jou verlustig in die Here sal jy ophou om jou eie plesier te soek en sal jou verlustiging vind in die arms van jou God en Verlosser.

> *As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou*

*laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek. — Jesaja 58:13-14.*

Hoofstuk 22

# Die Hoer wat Ry op die Dier

Die boek Openbaring bring aan ons die klimaks van die mens se geskiedenis. Dit is gepas dat daar van 'n hoervrou gebruik gemaak word as simbool om 'n afvallige kerk voor te stel. Sy ry op 'n groot magtige dier wat die konings van die aarde voorstel, wat hul mag aan haar oorgegee het.

Hierdie beelde neem ons terug na die tuin van Eden toe die vrou die posisie langs haar man verlaat het om deurdring te word met die saad van die slang. Die woorde wat Jesus aan ons meedeel word voorgestel as saad:

> *Dit is dan die gelykenis: Die saad is die woord van God.*
> *— Lukas 8:11*

Dus het Satan, deur die medium van die slang, die vrou deurdring met sy saad. Sy was die oorspronklike hoer wat haarself en haar denke oorgegee het aan Satan deur sy bedrieëry. Sy het haar man verlei en hom onderwerp, wat hom in 'n dier verander het:

> *En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. — Openbaring 17:1-3*

Die vrou wat op die dier ry is een tipe versinnebeelding van die onderdanigheid van die man aan die vrou of die oorgang van die man se primêre bron van troos vanaf God na die vrou. Hierdie verhoudings-patroon is vergroot in die verhouding tussen Nimrod en Semiramis. Die moeder/vrou en eggenoot/seun verhouding is nog ‘n uitdrukking van die vrou wat op die dier ry. Solank die vrou die man kan aantrek met haar lekkernye, voeding en bevrediging van sy dierlike natuur, kan sy hom beheer en weerhou om die ware God te aanbid. As Hemelkoningin kon sy regeer. Die beeld van die vrou wat op die dier ry is die toppunt van die verandering waaraan Adam en Eva onderwerp is met die sondeval. In hul natuurlike vlees het Adam ‘n dier geword en Eva het ‘n hoervrou geword. Dit is wat met hulle gebeur het in hul desperate pogings om vertroosting by mekaar te vind, sonder die vertroosting wat God bied.

‘n Vrou in die Bybelse profesie verteenwoordig die mense van God. ‘n Hoer is ‘n kerk wat haarself verkoop het aan die mag van die staat om self mag en rykdom te bekom. Die Christelike kerk, nadat dit groot vervolging verduur het, het haar posisie in gevaar gestel en het haarself oorgegee aan die liste van Konstantyn. Sy is verlei om verhoudings met die konings van die aarde aan te gaan.

Kort daarna het die koning van die aarde, op daardie stadium Justinianus, aan die Katolieke Kerk die mag van sy troon gegee. Dus het die vrou simbolies gery op die dierlike mag van die konings van die aarde.

> *En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.*
> *— Openbaring 13:2*

Hierdie selfde mag word in Openbaring 13 voorgestel as ‘n luiperd-dier met sewe koppe en 10 horings. Een van die koppe van die dier ontvang iets wat lyk soos ‘n dodelike wond. Die dier herstel en die hele wêreld loop agter hom aan.

Hierdie simboliese profesie van Openbaring is ‘n simbool van die Pouslike kerk. Die kerk van Jesus Christus het nooit die mag van die swaard van staal gebruik om die harte van die mense te regeer nie. Die Rooms-Katolieke Kerk het haarself owerspelig verenig met die konings van die aarde om hul mag op te neem en te heers. Sy sê dat sy in die plek van Christus staan en dat sy die God

van die hemel verteenwoordig, maar sy het die harte van mense weggedraai deur ‘n wanvoorstelling van wie die God van die hemel werklik is.

Dit wat sy leer is soos wyn wat die denke bedwelm en die siel verwar. Die konings van die aarde maak hulself gewilliglik verslaaf aan hierdie vrou, want hulle soek vertroosting buite hul ware Skepper. Dus word die kragtigste motivering vir die man, die eenheid van die seksuele ontmoeting, versinnebeeld met die hoer wat op die dier ry. Dit is die toppunt van die vrug van die saad wat in die harte van Adam en Eva geplant is. Dit verteenwoordig alles omtrent die man se soeke na vertroosting in die vrou, eerder as in die Skepper.

Die hoer aanbid ‘n god wat omhul word met 'n komplekse verborgenheid. Die eenvoud van die Vader en die Seun se verhouding word vervang met die geheimsinnigheid van die Drie-eenheid.

> *En op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. — Openbaring 17:5*

Die hoer is jaloers en wil haar troon beskerm en daarom probeer sy almal wat die ware God van die hemel aanbid vervolg en vernietig.

> *En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien. — Openbaring 17:6*

Die vrou, onder leiding van die draak, het geweet dat, om haar onderdane in haar mag te hou, moet sy verhoed dat hulle drink van die Sabbatsfontein en daardie Gees ontvang wat die siel vertroos en die behoefte aan die hoer se vertroosting verwyder.

Hierdie selfde godsdienstig-politieke mag word in Daniël voorgestel as ‘n klein horinkie. Hierdie mag het probeer om die tye wanneer die mense God aanbid te verander:

> *En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en* ***hy sal probeer om tye en wet te verander****, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. — Daniël 7:25*

In die vierde eeu het die kerk van Rome die Drie-eenheid as God aanvaar, dit het die aanbiddingsdag van Sabbat na Sondag verander en het die feestye verander van Pasga na Paasfees. Dit het ook die Pinksterfees verander na Pinkstersondag en die Huttefees na Kersfees. Dit is gedoen om meer aanvaarbaar te wees vir die heidendom. Dit is deur die wyn van hierdie lering dat Rome al die nasies dronk gemaak het met haar hoerery.

Soos ons ontdek het in hoofstuk 12, is die Gees van die ware Trooster beskikbaar op die Sabbat, die Nuwemaan en die Feeste. Die hoer, wat probeer om die mense van die hele aarde weg te trek van die ware Trooster, bied die mense die Sondag, Paasfees, Pinkstersondag en Kersfees. Hierdie feeste van die hoer het geen Bybelse ondersteuning nie. Hulle bring 'n ander gees. Die Seun van die Mens is Heer van die Sabbatdag (Matt. 12:8). Sondag is die merk van die Roomse gesag oor die Skrif. Dit dra die merk van rebellie teen die Skepper.

Die Gees van God kom na Sy kinders op die Sabbat om hulle te verseël in Sy karakter en die gees van rebellie kom na die kinders van Rome op Sondae om die merk van die dier te ontvang. Sondag sal die merk van die dier word wanneer die hoer probeer om alle nasies te onderwerp sodat hulle die dier en sy beeld aanbid deur die merk van sy gesag, wat die Sondag is.[61]

> *En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word.*
> *— Openbaring 13:14-16*

[61] Vir 'n uitgebreide bespreking van hierdie onderwerp, sien die boek *The Great Controversy* beskikbaar op *fatheroflove.info.*

Gedurende hierdie tydperk word die Sabbat die grootste toets tussen dié wat die Vader en Sy eniggebore Seun aanbid en dié wat die afvallige kerk aanbid, wat ondersteun word deur die konings van die aarde.

Almal sal opgeroep word om op Sondae te aanbid en die wat aanbid op die Sabbat sal die doodstraf ter wille van hul geloof in die gesig staar. Die toets is soortgelyk aan die toets van die drie jong Hebreeuse manne wat geweier het om voor die beeld in Babilon te buig. Hulle sou eerder sterf as om die aanbidding van die ware God prys te gee (Daniël 3).

Diegene wat die stem van die Trooster hoor in dubbele maat op die Sabbat, in groter mate op die Nuwemaan, Pasga en ander Feeste, sal nie swig onder hierdie druk nie. Om toe te gee aan die valse Sabbat beteken dat hul lampe sal doodgaan en hulle sal nie die krag hê om in te gaan na die bruilofsmaal van die Lam nie.

Diegene wat hul denke gerig het om vertroosting te vind in siels-afleidings soos kos, seks en vermaak, wat aanbid op die aangewese tyd van die hoer, sal in eenheid met die dier wees en sal sy merk op hul voorhoofde ontvang met vreugde… of hulle sal uit vrees die merk op die hand aanvaar.

> *Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig. — 1 Johannes 2:15-17*

Die wat hul primêre vertroosting soek in die verkeerde plekke sal stuk vir stuk afdaal na verslawing en tot in die dood. Die mense sal hulself onderwerp aan die hoer vir 'n tyd lank, maar uiteindelik sal hulle moeg word vir haar valse godsdiens en hul afwend van haar:

> *En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een*

> *bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is. — Openbaring 17:15-17*

Hierdie patroon van vertroosting, wat gesoek word in verslawing, wat lei tot die stroop van die hoer se kleed en uiteindelik haar dood, word weerspieël in die hoeveelheid gewelddadige seks en pornografie. Daar is 'n groeiende aantal vroue wat versmoor en verstik tot hul dood tydens seks. In die Verenigde Koninkryk sterf een vrou elke twee weke.[62] Dit openbaar dat die soeke na vertroosting op die verkeerde plekke absolute waansinnigheid is. Dit openbaar ook wat teen die einde sal gebeur met die hoer. Die konings van die aarde sal moeg word van haar lekkernye, hulle sal haar blameer vir haar leegheid en sal haar vernietig en haar met vuur verbrand.

So sal die hoer aan haar einde kom. Die aarde sal afdaal in doodsnikke en dan sal die Seun van God na sy wagtende bruid kom: die wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.

[62] www.theguardian.com/society/2019/jul/25/fatal-hateful-rise-of-choking-during-sex

Hoofstuk 23

# Genooi na die Bruilof van die Lam

*En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf* ***salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam****. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. — Openbaring 19:6-9*

*En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en* ***saam met Hom honderd vier en veertig duisend*** *met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters. En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is.* ***Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan;*** *dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die*

*Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God. — Openbaring 14:1-5*

Hoe wonderlik sal die bruilof van die Lam met Sy bruid wees. Wie is die bruid?

*En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen. — Openbaring 21:9-11*

*En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. — Openbaring 21:2*

Die bruid van Christus is die heilige stad, die Nuwe Jerusalem. Dit is die hoofstad van die koninkryk van God. Die bruilof versinnebeeld die totstandkoming van die koninkryk van God. Ons wat die kinders van hierdie aarde is sal in die stad, die Nuwe Jerusalem, wat die moeder van ons almal is, woon.

*Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny.* ***Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal****. — Galasiërs 4:22-26*

Die gaste wat geroep word tot die bruilof is maagde wat hulself nie met vroue besoedel het nie, soos ons so pas gelees het. Dit beteken hulle het nie vroue as hul verdorwe bron van vertroosting gemaak nie. Hulle volg die Lam waar Hy ookal gaan, want Hy is die bron van hulle vertroosting:

> *Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! — Matteus 25:1-6*

Selfs onder die wat Christus as hul bron van vertroosting gekies het, die tien maagde, is daar 'n probleem. Die helfte van die maagde wat beplan het om by die bruilof te wees het nie genoeg olie gehad nie. Die olie versinnebeeld die gawe van die Trooster, die Heilige Gees van Christus. Daar is die wat bely dat hulle Christus as hul Trooster gekies het, maar op die ou einde het hulle nie werklik Sy vertroosting gehad nie. In die donker middernagure het hulle nie olie in hul lampe gehad nie. Hulle het hul verbintenis met die Trooster verloor.

Die Bybel vertel ons dat Jesus die Trooster is:

> *My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n* ***Voorspraak*** *[Trooster of Parakletos] by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. — 1 Johannes 2:1*

Jesus vertroos ons deur Sy Gees:

> *En Ek sal die Vader bid, en* ***Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid*** *wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.* ***Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe****. — Johannes 14:16-18*

Daar sal 'n groot groep wees wat vol vertroue is dat hulle Jesus hul enigste bron van vertroosting gemaak het, maar omdat hulle verwar is deur die hoervrou, aanbid hulle die verborgenheid van die Drie-eenheid wie se wyn die lering bied dat die Heilige Gees 'n aparte wese is as Christus. Die Heilige Gees is nie 'n aparte wese nie, maar dit is waar dat die Heilige Gees 'n aparte entiteit as

Christus is. Die Heilige Gees is 'n agent van God om Christus as persoon binne ons harte te bring. Soos 'n magtige stroom van liefde werk die Heilige Gees onder die leiding van die Vader en die Seun en bring hul volhoue teenwoordigheid oral waar dit verwelkom word. Deur die Heilige Gees het Jesus aan manne verskyn op pad na Émmaüs in 'n spesifieke gedaante:

> *En hierna het Hy [Jesus]* ***in 'n ander gedaante verskyn*** *aan twee van hulle terwyl hulle loop, op pad in die veld. Hulle het ook gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie. — Markus 16:12-13*

Hoe verskyn Jesus in 'n ander gedaante? Dit is deur 'n "ander Trooster", die agent van die Heilige Gees in wie Christus Homself kan openbaar. Indien daardie maagde, wat na die bruilofsmaal genooi is, 'n slagoffer word van die verkeerde Heilige Gees, sal hulle olie opraak. Laat ons vasklou aan Jesus as ons Trooster en die gawe van Sy alomteenwoordige Gees ontvang, sodat ons lampe gereed is en brand wanneer ons geroep word na die bruilof.

Die ander ding om te onthou is dat die Trooster na ons kom tydens God se spesiale aangewese tye. Hierdie maagde, wat hul verheug in die lig van die Sabbat, het die geleentheid om die dubbele porsie van die Gees te ontvang. Hierdie maagde, wat besef dat hulle deel is van die vrou met die maan onder haar voete (Openbaring 12:1-2) sal hulle verheug oor die ekstra olie. Wanneer Christus aan die deur klop tydens die Feeste sal Hy inkom en met ons maaltyd of fees hou sodat ons vertroos kan word deur Sy liefde. Die poorte van die tempel is wyd oop tydens hierdie tye van verkwikking van die teenwoordigheid van die Here.

> *So sê die Here HERE: Die poort van die binneste voorhof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werkdae gesluit wees; maar op die sabbatdag moet dit oopgemaak word; ook moet dit op die dag van die nuwemaan oopgemaak word. — Eségiël 46:1*

Laat ons ons lamp gereed en brandend hou sodat ons gereed mag wees teen middernag wanneer die toekomstige geroep gegee word omtrent die Bruidegom.

Hoofstuk 24

# Die Fyn Linne van die Heiliges

> *Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen. — Openbaring 22:14-15*

> *En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. — Openbaring 19:8*

Die wonderlike belofte van ons Verlosser aan ons is deur die gawe van Sy Gees sal ons die gebooie van God in ons harte geskryf hê. Vir die wat vertroosting in die Verlosser vind word die versekering aan ons gegee.

> *Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God. En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het. — 1 Johannes 5:13-15*

Indien ons weet dat ons die ewige lewe het en indien ons weet wat ons ookal van Hom vra ons sal ontvang dan kan ons alle sonde oorwin deur die gawe van die Gees. Dit is nie deur persoonlike werke nie, maar deur 'n diepe

afhanklikheid van die gawe van die Heilige Gees. Dit beteken dat die mens hul seksuele en ander versoekings kan oorwin. Mans kan hul obsessie met seks en met vroue oorwin en vroue kan oorwinning vind oor hul sensualiteit om mans na hulle aan te trek sodat die vrou begeerlik kan voel.

Mans en vroue kan hul verslawende aptyte oorwin deur die krag van gebed en vertroue in die Woord van God. Geen oorwinning oor sonde kan aan die mens toegeskryf word nie. Sonder Christus kan ons niks doen nie.

Die grootste uitdaging wat mense het wanneer hulle hul gevalle toestand besef is om te glo dat ons hemelse Vader ons totaal vergewe en aan ons die Heilige Gees gratis aanbied om ons krag te gee om te oorwin.

Die weg na oorwinning behels dat die sondaar meer en meer bewus raak van hoe sondig hy werklik is. Hoe nader ons aan Christus kom hoe meer sondig is ons in ons eie oë. Hoe meer die sonde word hoe oorvloediger word God se genade (Romeine 5:20).

Moenie wanhoop wanneer jy meer en meer bewus word van jou eie hopeloosheid en swakheid nie. Rus in die arms van jou Trooster; verlang na die Sabbat en die ander goddelike afsprake. Bid om 'n daaglikse doop met die Heilige Gees om jou versoekings te kan aanspreek. Moenie mismoedig word wanneer jy struikel nie. Onthou dat jou Vader en jou Verlosser jou nooit veroordeel nie. Hulle wys met goedheid op die gevaar van jou sonde en nooi jou uit om jou te bekeer.

Jy word hartlik uitgenooi na die bruilofsmaal van die Lam. Die geregtigheid van Christus word gratis aan ons gebied sonder geld en sonder prys. Die saad van die Woord in jou sal groei tot die ewige lewe.

Mag ek jou ontmoet op die see van glas in die hemelse stad met ons Vader en Sy geliefde Seun, wie ons vertroos, ons voed en ons verlos van hierdie bose wêreld. Aan Hulle kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag vir ewig en ewig. Amen.



Adam moes 'n besluit neem toe sy vrou die vrug na hom gebring het. Hy het sy Meester verwerp deur haar te volg en van die vrug te eet.

# Wie sou nou sy bron van vertroosting word?

Eva is as 'n hulp aan Adam gegee. Sou sy van hulp kon wees in die verskriklike verandering wat ingetree het in sy verhouding met God? Hoe het die sondeval die huweliksverhouding beïnvloed? Watter invloed het dit gehad op die gawe van seksualiteit en die opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder?

Daar word vandag omtrent 125 000 aborsies per dag gedoen. Dit is jaarliks tussen 40 tot 50 miljoen. Die menslike ras is tans besig om een kwart van sy potensiële populasie te vermoor, net om swangerskappe te verhoed. Die drastiese verhoging in pornografie deur die internet en die klem op seksuele fanstasieë is 'n aanduiding dat mans en vroue ontwykende vertroosting soek in seks. Die boek Romeine bied 'n duidelike beskrywing van die afwaartse neigings wat lei tot vernietiging wanneer die menslike ras die rug keer op die ware karakter van God en plesier, vertroosting en vervulling in seks buite die oorspronklike bedoeling soek.

Wat is God se doel van seks binne die huweliksverhouding? Wat is die Bybelse reaksie op gelykslagtige huweliksverhoudings? Wat staan jou te doen in geval van egskeiding of hertrou? Dit is sommige van die vrae wat aangespreek word in hierdie boek.

**Adrian Ebens** is 'n internasionale spreker en skrywer woonagtig in Brisbane, Australië. Hy is getroud met sy geliefde, Lorelle. Hulle het twee volwasse seuns.

fatheroflove.info